

**Die benutting van die lewensboek binne speltherapie ten opsigte van selfblaam by  
die middelkinderjarige dogter in die kinderhuis.**

deur

**Carmen Nel**

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

**MAGISTER SOCIALIS DILIGENTIAE**

in

**MAATSKAPLIKE WERK  
(SPELTERAPIE)**

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

**Universiteit van Pretoria**

**Studieleier: Mev. H. Bauling**

**DANKBETUIGINGS**

By die voltooiing van die studie wil ek graag die volgende dankbetuigings doen:

- My studieleier, Mev H. Bauling, vir haar kennis, leiding en motivering. Haar aanmoediging en opregte belangstelling was deurentyd my inspirasie.
- Die personeel van die Abraham Kriel/Maria Kloppers Kinderhuis te Langlaagte, wat my geakkomodeer het tydens die uitvoer van die studie. In besonder dankie aan Me Alitia Harris vir haar ondersteuning, belangstelling en raad.
- Die drie middelkinderjarige dogters wat bereid was om aan die navorsingstudie deel te neem.
- My man, ouers, skoonouers, oupa en broer vir al hul ondersteuning en aanmoediging.
- Me Liezl Stieger van die Universiteit van Pretoria se Akademiese Inligtingsdiens vir die hulp met die opspoor van bronne vir die studie.
- Mev Claire De Jager vir die taalkundige versorging van die opsomming en summary.
- My Hemelse Vader, wat my hierdeur gelei en gedra het.

*Opgedra aan my ouma, Marie Welgens (1921-11-08 – 2000-06-05).*

**OPSOMMING**

**Die benutting van die lewensboek binne speltherapie ten opsigte van selfblaaam by die middelkinderjarige dogter in die kinderhuis.**

**deur**

**Carmen Nel**

**Studieleier: Mev. H. Bauling**

**Departement Maatskaplike Werk**

**MSD Speltherapie**

Die navorsing het gehandel oor die middelkinderjarige dogter in die kinderhuis wat probleme met selfblaaam ondervind. Die probleme is aangespreek deur middel van spelterapeutiese sessies vanuit die gestaltbenadering met die lewensboek as hulpmiddel. Die motivering vir die studie het ontstaan nadat dit onder die aandag van die navorser gekom het, dat daar in die gevallelading van die maatskaplike werkers by die Abraham Kriel/Maria Kloppers Kinderhuis in Langlaagte, 'n groot aantal kinders is, wat hulself blameer vir die verwydering vanuit hul ouers se sorg. Die doelstelling van hierdie studie was om die benuttingswaarde van die lewensboek ten opsigte van selfblaaam by die middelkinderjarige dogter in die kinderhuis te bepaal. Om aan die doelwitte van die studie te voldoen, is daar eerstens 'n teoretiese raamwerk ten opsigte van selfblaaam en die kind in die kinderhuis, asook die gebruik van die lewensboek in speltherapie saamgestel deur middel van 'n literatuurstudie. Daarna is deur middel van 'n empiriese studie ondersoek ingestel na die benutting van die lewensboek, ten opsigte van selfblaaam, by die middelkinderjarige dogter in die kinderhuis. Laastens is gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak vir die benutting van die lewensboek na aanleiding van die teoretiese raamwerk en empiriese studie. Toegepaste navorsing is gebruik tydens hierdie studie. Drie middelkinderjarige dogters is, in ses sessies elk, deur middel van 'n doelgerigte steekproeftrekking vir die doel van die studie betrek. Vanuit die empiriese ondersoek blyk dit dat die lewensboek suksesvol benut kan word, binne speltherapie, ten opsigte van selfblaaam by die middelkinderjarige dogter in die kinderhuis. Gevolgtrekkings en aanbevelings, is na na aanleiding van die studie geformuleer.

**SUMMARY**

**The use of the life story book in play therapy focusing on the self-blame of girls in middle childhood years in a children's home.**

**by**

**Carmen Nel**

**Supervisor: Mrs. H. Bauling**

**Department of Social Work**

**MSD Play Therapy**

The research dealt with three girls in middle childhood years, in a children's home, who were experiencing difficulties with self-blame. These difficulties were addressed through play therapy sessions using the 'gestalt' approach with the life story book as an aid. The motivation for the study originated during discussions with the social workers at the Abraham Kriel/Maria Kloppers Children's Home. During these discussions the researcher became aware of the vast number of children in the caseloads of the social workers at Abraham Kriel/Maria Kloppers Children's Home, who blame themselves for being removed from their parents' custody. The purpose of the study was to determine whether the life story book could be used as an aid in play therapy sessions focussing on the self-blame of girls in middle childhood years, living in a children's home. To achieve the goal of this study, a literature study was done regarding the middle childhood years, self-blame, the child in a children's home and the use of the life story book in play therapy. An empirical study was conducted on the use of the life story book regarding the self-blame of three girls in the middle childhood years, living in a children's home. Finally the researcher made conclusions and recommendations regarding the use of the life story book, after taking into consideration both the literature study and the empirical study. The investigation was based on applied research. For the purpose of this study, three girls in middle childhood years living in a children's home were identified by means of purposive sampling. The girls participated in six play therapy sessions each. From this empirical research, it was clear that the life story book could be successfully used in play therapy, focussing on self-blame, with the three girls in middle childhood years living in a children's home. As an outcome of this study, conclusions and recommendations were formulated.

**LYS VAN SLEUTELTERME / KEY CONCEPTS**

Middelkinderjare / Middle childhood years

Die kind woonagtig in die kinderhuis / The child living in a children's home

Gestaltterapie / Gestalt therapy

Speltherapie / Play therapy

Biblioterapie / Bibliotherapy

Die lewensboek/The life-story book

Selfblaam / Self-blame

Verwerping/ Rejection

Verlies / Loss

Versorgingsrol / Parental Child

**INHOUDSOPGAWE**

**BLADSYNOMMER**

<b>HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING</b>	<b>1</b>
1.1 Inleiding	1
1.2 Motivering	2
1.3 Probleemformulering	3
1.4 Doel en doelwitte	4
1.5 Navorsingsvraag	5
1.6 Navorsingsbenadering	5
1.7 Soort navorsing	6
1.8 Navorsingstrategie	6
1.9 Navorsingsprosedure	8
1.10 Voorondersoek	8
1.10.1 Literatuurstudie	9
1.10.2 Konsultasie met kundiges	9
1.10.3 Uitvoerbaarheid	10
1.10.4 Toetsing van meetinstrument	10
1.11 Omskrywing van universum, populasie, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	11
1.11.1 Universum	11
1.11.2 Populasie	11
1.11.3 Afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	11
1.12 Etiese kwessies	12
1.12.1 Skade aan proefpersone	12
1.12.2 Ingeligte toestemming	13
1.12.3 Misleiding van proefpersone	14
1.12.4 Skending van privaatheid	14
1.12.5 Bekwaamheid van navorsers	15
1.12.6 Samewerking met medewerkers	15
1.12.7 Bekendmaking van die bevindinge	16
1.12.8 Die herstelling van proefpersone	16
1.13 Leemtes van die studie	17
1.14 Omskrywing van hoofkonsepte	17
1.14.1 Lewensboek	17

1.14.2 Kinderhuis	18
1.14.3 Middelkinderjare	18
1.14.4 Selfblaam	18
1.14.5 Spel terapie	18
1.15 Indeling van navorsingsverslag	19

## **HOOFSTUK 2: SELFBLAAM AS VERSKYNSEL BY DIE MIDDELKINDERJARIGE**

<b>KIND IN DIE KINDERHUIS</b>	<b>20</b>
2.1 Inleiding	20
2.2 Middelkinderjare	20
2.2.1 Liggaamlike ontwikkeling	22
2.2.1.1 Algemene liggaamlike ontwikkeling	22
2.2.1.2 Motoriese vaardighede	23
2.2.2 Kognitiewe ontwikkeling	23
2.2.2.1 Kognitiewe take	23
2.2.2.2 Geheue	24
2.2.2.3 Die psige-teorie	24
2.2.2.4 Taalontwikkeling	24
2.2.2.5 Kreatiwiteit	24
2.2.3 Persoonlikheidsontwikkeling	25
2.2.3.1 Selfkonsep	25
2.2.3.2 Emosionele ontwikkeling	25
2.2.3.3 Ontwikkeling van sensitiwiteit vir ander	28
2.2.4 Sosiale ontwikkeling	29
2.2.4.1 Die rol van die gesin	29
2.2.4.2 Die invloed van die skool	30
2.2.4.3 Die portuurgroep se invloed	30
2.2.4.4 Morele ontwikkeling	31
2.3 Selfblaam	33
2.4 Die kinderhuiskind	36
2.4.1 Faktore wat bydra tot die verwydering van 'n kind	37
2.4.2 Die agtergrond van die kinderhuiskind	38
2.4.3 Die effek van verwydering en die invloed daarvan op die kind se gedrag	39

2.4.4	Behoeftes van die wetsbestede kind in die kindershuis	41
2.4.5	Positiewe en negatiewe elemente ten opsigte van kindershuisplasinge	47
2.5	Samevatting	48

### **HOOFSTUK 3: DIE GEBRUIK VAN DIE LEWENSBOEK IN SPELTERAPIE BINNE 'N**

<b>GESTALTBENADERING</b>	<b>51</b>	
3.1	Inleiding	51
3.2	Speltherapie	51
3.2.1	Omskrywing van kernbegrippe	51
3.2.1.1	Spel	51
3.2.1.2	Speltherapie	51
3.2.1.3	Gestaltterapie	52
3.2.2	Speltherapie binne die gestaltbenadering	52
3.3	Die gestaltbenadering	53
3.3.1	Teorie van gestaltterapie	53
3.3.1.1	Omskrywing van die term 'gestalt'	53
3.3.1.2	Teorie van behandeling en berading	53
3.3.2	Gestalttegnieke	54
3.3.3	Die belangrikste kernbegrippe in gestaltterapie	56
3.3.3.1	Holisme	56
3.3.3.2	Homeostase	56
3.3.3.3	Bewustheid	56
3.3.3.4	Kontak	57
3.3.3.5	Polariteite	57
3.3.3.6	Onvoltooidheid (figuur en grond)	57
3.3.3.7	Kontakgrensversteurings	58
3.4	Die lewensboek	59
3.4.1	Narratiewe terapie en biblioterapie	59
3.4.2	Omskrywing van die term 'lewensboek'	60
3.4.3	Redes vir die maak van die lewensboek	60
3.4.4	Identiteit en die lewensboek	61
3.4.5	Wanneer om met die lewensboek te werk	62
3.4.6	Vorbereiding	62
3.4.7	Die verloop van die program en individuele sessies	63



3.4.8	Benodighede vir die maak van 'n lewensboek	63
3.4.9	Besittingsreg en bewaring	64
3.4.10	Vertroulikheid en konfidensialiteit	65
3.4.11	Moontlike struikelblokke	65
3.4.12	Eerlikheid en oordrag van inligting aan die kind	66
3.4.13	Funksies van die lewensboek	66
3.4.14	Inhoud en werkswyse	67
3.5	Terapeutiese hulpmiddels	68
3.5.1	Primêre hulpmiddels	68
3.5.2	Sekondêre hulpmiddels	69
3.5.3	Tersiêre hulpmiddels	69
3.5.3.1	Teken	69
3.5.3.2	Collage	70
3.6	Elemente ter benutting van die lewensboek	71
3.6.1	Foto's	72
3.6.2	Tydgrafieke/ tydlyn/ lewenslyn	72
3.6.3	Self-beskrywings	73
3.6.4	Emosie-prente	73
3.6.5	Beskrywing van die kind se geboorte	73
3.6.6	Die geboortesertifikaat	74
3.6.7	Die familieboom/ stamboom	74
3.7	Samevatting	75
<b>HOOFSTUK 4: EMPIRIESE BEVINDINGE</b>		<b>78</b>
4.1	Inleiding	78
4.2	Navorsingsprosedure	79
4.2.1	Data-insameling en rekordhouding	79
4.2.2	Hantering van data	79
4.2.3	Lees en notering van data	79
4.2.4	Beskrywing, klassifisering en interpretering van data	79
4.2.5	Aanbieding van data	80
4.3	Aanbieding van kwalitatiewe data van dogter 1: Britney G.	80
4.3.1	Agtergrondsinsligting	80
4.3.1.1	Gesinsituasie	80

4.3.1.2 Huidige situasie in die kindershuis	81
4.3.1.3 Mate van selfblaam	81
4.3.2 Kwalitatiewe data ten opsigte van dogter 1: Britney G.	81
4.3.2.1 Sessie 1	81
4.3.2.2 Sessie 2	81
4.3.2.3 Sessie 3	82
4.3.2.4 Sessie 4	83
4.3.2.5 Sessie 5	83
4.3.2.6 Sessie 6	85
4.3.3 Assessering van Britney G.	85
4.4 Aanbieding van kwalitatiewe data van dogter 2: Barbie D.	89
4.4.1 Agtergrondsinsligting	89
4.4.1.1 Gesinsituasie	89
4.4.1.2 Huidige situasie in die kindershuis	90
4.4.1.3 Mate van selfblaam	90
4.4.2 Kwalitatiewe data ten opsigte van dogter 2: Barbie D.	90
4.4.2.1 Sessie 1	90
4.4.2.2 Sessie 2	91
4.4.2.3 Sessie 3	92
4.4.2.4 Sessie 4	93
4.4.2.5 Sessie 5	94
4.4.2.6 Sessie 6	94
4.4.3 Assessering van Barbie D.	95
4.5 Aanbieding van kwalitatiewe data van dogter 3: Patricia P.	99
4.5.1 Agtergrondsinsligting	99
4.5.1.1 Gesinsituasie	99
4.5.1.2 Huidige situasie in die kindershuis	100
4.5.1.3 Mate van selfblaam	100
4.5.2 Kwalitatiewe data ten opsigte van dogter 3: Patricia P.	100
4.5.2.1 Sessie 1	100
4.5.2.2 Sessie 2	101
4.5.2.3 Sessie 3	102
4.5.2.4 Sessie 4	103
4.5.2.5 Sessie 5	103

4.5.2.6 Sessie 6	104
4.5.3 Assessering van Patricia P.	105
4.6 Samevatting	108

## **HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN**

<b>AANBEVELINGS</b>	110
5.1 Inleiding	110
5.2 Die doelstelling en doelwitte van die studie	110
5.2.1 Doelstelling	110
5.2.2 Doelwitte	110
5.3 Die navorsingsvraag	111
5.4 Gevolgtrekkings en aanbevelings	112
5.4.1 Gevolgtrekkings	112
5.4.2 Aanbevelings	114
5.5 Slotgedagte	114

## **BRONNELYS**

<b>LYS VAN TABELLE</b>	111
1. Tabel 1: Ontwikkelingsareas binne die middelkinderjare	22
2. Tabel 2: Kohlberg se fases van morele ontwikkeling	32

## **BYLAE**

Bylaag 1: Toestemmingsbrief vanaf die bestuur van die kinderhuis	
Bylaag 2: Ingeligte toestemming	
Bylaag 3: Lewensboek van Britney G.	
Bylaag 4: Lewensboek van Barbie D.	
Bylaag 5: Lewensboek van Patricia P.	

## HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING

### 1.1 Inleiding

Selfblaaam as verskynsel het 'n verwoestende uitwerking op 'n kind se lewe. Kleinke (1998:12) bevestig die stelling deur te noem dat mense wat hulself tydens trauma blameer, geneig is om minder gelukkig en meer depressief te wees. Hy vervolg deur selfblaaam te definieer as: "*Selfblame involves blaming yourself or looking for other sources of blame*" (Kleinke, 1998:220). Die navorser is van mening dat kinders wat hulself blameer vir verwydering vanuit hul ouers se sorg, die gevolge daarvan saamdra tot en met volwassenheid. Selfblaaam kan destruktief wees in die opsig dat 'n persoon sy karakter ondermyn en so ook begin twyfel oor sy waarde as persoon (Kleinke, 1998:260).

Ryan en Walker (1993:5) noem daarteenoor dat kinders wat van hul gesin van herkoms geskei word en in substituutsorg, soos 'n kinderhuis, geplaas word, dit nodig vind om redes te vind vir hierdie verwydering.

Our experience with the children whom we have worked with has encouraged us to believe that life story work is an useful way of fulfilling this need, and that all the children have benefitted in some way (Ryan & Walker, 1993:5).

Die navorser is van mening dat deur 'n lewensboek waardevolle inligting versamel kan word oor die kind se verlede en huidige omstandighede. Dit sal die kind kan lei tot die aanvaarding van sy verlede en ook om 'n realistiese verwagting te ontwikkel van sy eie verantwoordelikheid en bydrae tot sy verwydering. Ryan en Walker (1993:5) bevestig die stelling en beweer soos volg:

Gathering together facts about that life and the significant people in it helps them begin to accept their past and go forward into the future with this knowledge. We have found that most children separated in this way gain a great deal from talking about their past, present and future to a sympathetic adult. Life story work provides a structure for talking to children.

Die navorser het binne hoofstuk een gefokus op die volgende aspekte: motivering vir keuse van onderwerp; probleemformulering; doel en doelwitte; navorsingsvraag; navorsingsbenadering; die soort navorsing; navorsingsontwerp; navorsingsprosedure en strategie; die voorondersoek; omskrywing van universum; afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming; die etiese kwessies; definisies en indeling van die navorsingsverslag.

Die navorser wil graag die volgende stel: **geslag** sal in die manlike aanspreekvorm weergegee word. Die navorser sal egter van die vroulike aanspreekvorm gebruik maak in hoofstuk 4, aangesien die empiriese ondersoek oor die dogter in die kindershuis handel.

## 1.2 Motivering

Dit het onder die aandag van die navorser gekom dat daar in die gevallelading van die maatskaplike werkers by die Abraham Kriel/Maria Kloppers Kinderhuis in Langlaagte, 'n groot aantal kinders is, wat hulself blameer vir die verwydering vanuit hul ouers se sorg. In die kindershuis is daar verskeie selfbeeldbouprogramme aangebied, maar daar is 'n behoefte aan nuwe inligting ten opsigte van selfblaam. Hierdie behoefte het na vore gekom vanuit gesprekke met die maatskaplike werkers by Abraham Kriel/Maria Kloppers Kinderhuis in Langlaagte. Die kinders toon selfblaam in die mate waartoe hul geneig is om hul negatiewe gedrag in die verlede te sien as motivering vir hul plasing in die kindershuis (Harris, 2002).

Vanuit kontak met die maatskaplike werkers van genoemde kindershuis, het die keuse van die onderwerp dus uitgekristaliseer. Die navorser het ook bewus geword van 'n leemte in navorsing en literatuur tydens haar literatuurstudie oor die gebruik van die lewensboek by die middelkinderjarige kind in speltherapie. Daar was 'n spesifieke leemte in die navorser se eie kennis, asook in die praktyksituasie soos waargeneem deur die navorser by Abraham Kriel/Maria Kloppers Kinderhuis, Langlaagte. Speltherapieprogramme wat reeds bestaan is veral gemik op die verhoging van die kind se selfbeeld. Die navorser het dus 'n kennisleemte raakgesien ten opsigte van die hantering en vermindering van selfblaam by die kindershuiskind (Harris, 2002).

Inligting oor die betrokke onderwerpe, naamlik selfblaam en die lewensboek is reeds bekend, maar dit is nie geïntegreer of gekombineer in die maatskaplikewerk-kennisbasis nie. Dit wou ook voorkom asof die inligting wat reeds bestaan nie in diepte die probleem van selfblaam, onder die kind wat in die kindershuis versorg word, blootlê nie. Daar is weinig inligting beskikbaar vir die gebruik van die lewensboek in speltherapie. Die navorser het gefokus op bronne soos wetenskaplike artikels, diktate, boeke en skripsies wat resente inligting oor die onderwerp bevat.

*“More research regarding the changing society should be undertaken in order to formulate the most appropriate policy to serve the client, group or community to the*

*fullest*” (Strydom, H. 1998:49). Hierdie stelling bevestig volgens die navorser die belang van hierdie spesifieke navorsing.

### 1.3 Probleemformulering

Fouchè (2002a:118) beskryf die probleemformulering as die vertrekpunt van die navorsing. Hier moet die navorser die probleem so formuleer en omskryf dat die leser weet wat die navorsingstudie behels.

Tydens gesprekke met Harris (2002), ‘n maatskaplike werker by die Abraham Kriel/Maria Kloppers Kinderhuis in Langlaagte, het dit na vore gekom dat daar in haar gevallelading verskeie kinders is wat hulself blameer vir hul verwydering vanuit ouerlike sorg. Hierdie selfblaam het ‘n reeks simptome tot gevolg wat nadelig is vir die kind in die toekoms. Skuldgevoelens speel ‘n belangrike rol by die kind wat verwyder word, al het hy ook geen skuld daaraan nie. Die kind ervaar ook angstevoelens en vrees vir die onbekende. Kinders wat uit ouerhuise verwyder word, beleef ‘n mate van verwerping. Die kind beleef die verwydering as verlating deur die ouers en ontwikkel die gevoel dat hy verwerp is (Strydom, 1973:44). Oaklander (1988:277-279) skryf die volgende oor selfblaam: *“He (the child) blames himself and feels that he is bad. So anger, guilt, resentment, and self-blame become diffused and mixed up with the child’s self-image”*. Vervolgens noem sy dat skuldgevoelens en selfblaam verskeie areas van ‘n kind se lewe beïnvloed en baie hartseer kan veroorsaak. Gevoelens wat as kind ervaar word, kan lewenslank tot by volwassenheid saamgedra word. Hieruit lei die navorser af dat selfblaam in die middelkinderjare ook die kind se selfbeeld en selfwaarde kan beïnvloed. Hierdie gevolge van selfblaam kan die kind regdeur volg tot en met volwassenheid (Vergelyk Oaklander, 1988: 279.)

Die kind wat uit sy ouers se sorg verwyder is, het ook ‘n groot behoefte om die verlede in perspektief te kan plaas. Ryan en Walker (1993:5) verduidelik dat kinders, wat geskei is van hul gesin van herkoms, se verlede soms vir hul verlore of selfs vergete is.

When children lose track of their past, they may well find it difficult to develop emotionally and socially. If adults cannot or do not discuss this past with them, it is reasonable for children to suppose that it may be bad (Ryan & Walker, 1993:5).

Vervolgens noem hulle dat kinders wat geskei is van hul ouers, verklarings soek vir die skeiding wat plaasgevind het en waarom die volwassenes nie daartoe instaat was om vir hulle te sorg nie (Ryan & Walker, 1993:5).

Fraser (1989:16) sluit hierby aan en verduidelik dat die kind wat uit sy ouers se sorg verwyder is deur die volgende benadeel word:

- Die traumatiese ervaring van verwydering wat hy beleef het.
- 'n Gebrekkige kennis van sy agtergrond om die vraag 'wie is ek?' sinvol te beantwoord.
- Swak kontinue verhoudings.
- Die groepsverband waarbinne hy moet leef.
- Hy word nie genoegsaam geïndividualiseer nie.

Die navorser is van mening dat vir die nodige verklaring van die verlede, kan die gebruik van die lewensboek aanbeveel word. Aangaande die gebruik van die lewensboek, skryf Fraser (1989:92) soos volg:

Kinders voel dikwels verward oor hoekom hulle in substituutsorg verkeer, waarom hulle so baie van adresse moes verwissel en waarom hulle nie na hul ouers kan terugkeer nie. Hul preokkupasie met die verlede verhinder hul siening van die hede asook hul vermoë en ideale om vir die toekoms te beplan (Fraser, 1989:92).

Sy voeg by dat daar studies in 1979 deur Lightbown gedoen is waar daar met behulp van die lewensboek na die verlede, hede en toekoms van hierdie kinders gekyk is. Deur middel van die lewensboek kry die kind die geleentheid om sy verlede te eksploreer, te herbeleef en te verwerk (Fraser, 1989:92).

Samevattend kan die navorser dus noem dat talle kinders in die kinderhuis hulself blameer vir die verwydering vanuit hul ouers se sorg. Die probleem wat in die studie nagevors is, is dus die benutting van die lewensboek ten opsigte van selfblaaam by die dogter in die kinderhuis, deur haar verlede in heroorweging te bring met behulp van die lewensboek in speltherapie.

#### **1.4 Doel en doelwitte**

Die doelstellings en doelwitte moet spesifiek, duidelik en bereikbaar wees, verduidelik Fouchè (2002a:119). Hierdie studie se doelstelling is soos volg: Om die

benuttingswaarde van die lewensboek ten opsigte van selfblaaam by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis te bepaal.

Doelwitte van die studie is:

- Om 'n teoretiese raamwerk ten opsigte van selfblaaam en die kind in die kindershuis, asook die gebruik van die lewensboek in spel terapie saam te stel deur middel van 'n literatuurstudie en 'n konsultasie met 'n kundige.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die benutting van die lewensboek, ten opsigte van selfblaaam by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis, te ondersoek.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak vir die benutting van die lewensboek na aanleiding van die teoretiese raamwerk en empiriese studie.

### **1.5 Navorsingsvraag**

*“Research projects are designed around research problems or questions. It is possible to phrase many potential research questions for most topics”* (Neuman, 1997:119). Neuman (1997:119) gaan voort en verduidelik dat in kwalitatiewe navorsing, die navorser 'n gefokusde navorsingsvraag benodig voordat die ontwerp van 'n projek kan begin. Aangesien die navorser uitsluitlik kwalitatief te werk gegaan het, is daar dus nie van 'n hipotese gebruik gemaak nie, maar van 'n navorsingsvraag. Die navorsingsvraag waarom hierdie projek geskoei is, lui soos volg: Kan die lewensboek in spel terapie benut word by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis ten opsigte van selfblaaam?

### **1.6 Navorsingsbenadering**

One purpose of qualitative methods is to discover important questions, processes and relationships, and not to test them. In many qualitative proposals, the problem statements develop logically from the review of literature (Fouchè, 2002a:119).

'n Kwalitatiewe benadering het dus vanuit die literatuur geblyk om die mees gepaste benadering vir die studie te wees.

Fouchè en Delport (2002a:79) is van mening dat die kwalitatiewe benadering ten doel het om die sosiale lewe te verstaan, asook die waardes wat mense heg aan alledaagse gebeurtenisse. Omdat die navorser op die belewenis van die



kinderhuiskind gefokus het, het dit beslis voorgekom asof 'n kwalitatiewe benadering die mees geskikste was.

Fouchè en Delpont (2002b:268) noem dat kwalitatiewe navorsing poog om verskynsels te interpreteer in terme van die betekenis wat mense daaraan gee. Verder kan afgelei word dat kwalitatiewe navorsing die bestudering van 'n verskeidenheid empiriese materiaal byvoorbeeld gevallestudies, lewensverhale, persoonlike ervarings en introspeksie behels. Hierdie empiriese materiaal beskryf roetine en problematiek in die individu se lewe en die betekenis wat die individu daaraan koppel. Kwalitatiewe navorsing bestudeer verskynsels dus nie objektief nie, maar poog juis om dit te verstaan in terme van subjektiewe betekenis wat hierdie verskynsel vir die individu het (Fouchè & Delpont, 2002b:286).

### **1.7 Soort navorsing**

Toegepaste navorsing was gepas vir hierdie studie aangesien bestaande kennis uitgebrei is en nuwe kennis bekom is. Bloom en Fisher (in Harris, 2000:5) verduidelik dat toegepaste navorsing oorspronklike ondersoekwerk is wat gedoen word om wetenskaplike en tegnologiese kennis uit te brei met 'n praktiese benutting daarvan. Aangesien die navorser met toegepaste navorsing gepoog het om die benutting van die lewensboek ten opsigte van selfblaam by kindershuis-dogters te ondersoek kan sy aansluit by hierdie definisie, want die verandering in selfblaam as fenomeen mag 'n drastiese verandering in die maatskaplike funksionering van hierdie dogters tot gevolg hê. Deur middel van toegepaste navorsing het die navorser gepoog om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak vir praktiese benutting van die lewensboek in speltherapie.

Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die gebruik van die lewensboek, veronderstel dit die integrasie van kennis in die praktyksituasie.

The purpose of professional research is not only to solve practical problems applicable to a specific practice setting, but also to forge a genuinely indigenous theoretical base for the particular profession (De Vos, 2002a:46).

### **1.8 Navorsingstrategie**

Daar moet 'n verband getrek word tussen die navorsingsvraag, die doelstelling en doelwitte en ook die mees gepaste metodes wat gebruik sal word (Fouchè, 2002a:121). Fouchè (2002b:271) beskryf verder die navorsingsontwerp as al die besluite wat die navorser tydens die beplanning van die studie moet neem. Harris

(2000:5) verduidelik dat die navorsingsontwerp die beplanning is van enige wetenskaplike navorsing. Dit dien as program vir die navorser om hom te lei om sekere waargenome feite in te samel, te analiseer en te interpreteer.

Betreffende die verkennende studie noem Fouchè en Delport (2002a:357) dat hierdie tipe navorsing lei tot die ontwikkeling van nuwe konsepte of teorieë. Hierdie verkennende navorsing sal 'n grondslag kan vorm vir latere vrae wat getoets sal word. Neuman (1997:19) beskryf dat verkennende navorsing juis dit ten doel het om vrae te formuleer wat toekomstige navorsing kan beantwoord.

In hierdie navorsingstudie is gepoog om die gebruik van die lewensboek in speltherapie te toets en om sodoende gevolgtrekkings en aanbevelings te maak vir die gebruik van die lewensboek ten opsigte van selfblaaam by middelkinderjare dogters. Dit was dus verkennend van aard. Strydom (2002a:214) ondersteun bogenoemde stelling en verklaar dat indien daar min oor 'n onderwerp bekend is, die verkennende navorsingsontwerp gebruik word. Hy gaan voort deur te noem dat daar gelet moet word na die aard van die probleem, die mate waartoe die probleem bekend is, die vorige ondervinding van die navorser, asook die hoeveelheid en kwaliteit inligting wat beskikbaar is.

Fouchè (2002b:273) beskryf Creswell se vyf strategieë en onderskei tussen: biografie, fenomenologie, gegronde teorie, etnografie en gevallestudie. Vervolgens beskryf Fouchè (2002b:273) dat die navorser in die fenomenologiese strategie die leefwêreld van die proefpersone betree deur gesprekke en interaksies te analiseer. Die navorser het gebruik gemaak van speltherapie sessies en ongestruktureerde waarneming om die leefwêreld van die dogter in die kindershuis te betree. Daar is dus van 'n fenomenologiese strategie binne 'n verkennende konteks gebruik gemaak. Die studie was beide verkennend en fenomenologies van aard, aangesien daar verkenning oor sekere onderwerpe is, gevolg deur 'n beskrywing van dit wat waargeneem is. Geen spesifieke navorsing oor die verband tussen selfblaaam en die gebruik van die lewensboek in speltherapie kon opgespoor word nie; die terrein moet dus nog verken word. Selfblaaam by die middelkinderjare dogter is beskryf volgens die fenomenologiese strategie.

### 1.9 Navorsingsprosedure

Neuman (1997:30) beskryf data-insamelingstegnieke soos volg:

Every researcher collects data using one or more techniques... These techniques may be grouped into two categories: quantitative, collecting data in the form of numbers, and qualitative, collecting data in the form of words or pictures.

Die navorser het gebruik gemaak van kwalitatiewe **data-insamelingstegnieke** om binne 'n fenomenologiese strategie die leefwêreld van respondente te betree. Individuele speltherapie sessies is benut om insig in hierdie leefwêreld te ontwikkel. Speltherapeutiese tegnieke en hulpmiddels is gebruik vir data-invordering en die maak van 'n lewensboek.

Die voltooide lewensboeke van die dogters dien as eindproduk en rekord waarvolgens **dokument-analise** gedoen is. Volgens Creswell (in De Vos, 2002b:340) is die stappe tydens kwalitatiewe data-analise die volgende: insameling en rekordhouding; hantering van data; lees en notering van data; beskrywing, klassifisering en interpretering van data asook aanbieding van data.

Die navorser het in plaas van die ontleding van transkripsies, 'n persoonlike dokument (lewensboek) ontleed. Strydom en Delport (2002:323) beskryf 'n persoonlike dokument soos volg: *“Personal documents are thus a personal account of the author’s environment and his subjective perception and interpretation of his own life and events in the world around him”*.

Die benutting van dokument-analise stel die kwalitatiewe navorser in staat om indiepte ondersoek in te stel na mense, gebeure en sisteme deur middel van die analisering van geskrewe materiaal. Persoonlike dokumente is een van 'n verskeidenheid tipes dokumente wat benut kan word (Strydom & Delport, 2002:323).

### 1.10 Voorondersoek

Plug, Meyer, Louw en Gouws (1993:8) beskryf die voorondersoek soos volg:

'n Ondersoek wat voor 'n hoofondersoek uitgevoer is en wat gewoonlik korter, eenvoudiger en goedkoper as die hoofondersoek is, met die doel om tegnieke van meting te ontwikkel of uit te toets, om te bepaal of 'n groter ondersoek die moeite werd gaan wees, of om probleme wat dalk tydens die hoofondersoek kan opduik te probeer voorsien en regstel.

Dit wil vir die navorser voorkom asof die voorgenoemde kan lei tot kostebesparings en tydbesparings. Vir die uitvoering van die ondersoek is die volgende werkswyses gevolg:

#### 1.10.1 Literatuurstudie

Strydom (2002a:211) noem dat die navorser slegs kan hoop op betekenisvolle navorsing indien hy op hoogte is van die bestaande kennis van die voorgenome onderwerp. In die navorsing is van nasionale en internasionale bronne gebruik gemaak, asook van verhandelings en proefskrifte.

Die volgende temas is in die literatuurstudie gedek:

- Literatuurstudie oor die gebruik van die lewensboek in speltherapie.
- Literatuurstudie oor die middelkinderjare as ontwikkelingsfase van die kind en effek van selfblaam op die kinderhuiskind in die spesifieke ontwikkelingsfase.
- 'n Analise van alle speltherapieprogramme waar die lewensboek gebruik is.

Marshall en Rossman (in Fouchè, 2002a:119-120) is van mening dat die navorser moet uitwys hoe die spesifieke projek sal bydra tot die fundamentele kennisbasis. Daar moet ook leemtes geïdentifiseer word in die literatuur wat die navorsing sal vervul en daar moet genoeg relevante navorsingsbronne beskikbaar wees wat die studie sal ondersteun. Ten opsigte hiervan kan die navorser aandui dat daar as leemte nog geen bronne gevind is wat selfblaam direk verbind met die lewensboek se benutting in speltherapie nie. Hierdie leemte is dus deur die daarstelling van gevolgtrekkings en aanbevelings in die navorsingsverslag aangespreek. Fouchè (2002a:120) is van opinie dat die literatuurstudie nie herhalend behoort te wees nie, maar dat dit deeglik uitgevoer moet word sodat dit die navorser kan inlig oor die onderwerp.

#### 1.10.2 Konsultasie met kundiges

Onderhoude is gevoer met 'n kenner op die gebied waarbinne die navorsing geskied. Die volgende persoon is genader: Me. A. Harris: 'n Maatskaplike werker by die Abraham Kriel/Maria Kloppers Kinderhuis in Langlaagte, om inligting te verkry oor die leefwêreld van die kinderhuiskind en die effek van selfblaam op die kind; asook om inligting te verkry oor die effektiwiteit van vorige spelterapeutiese programme met die middelkinderjarige dogter in die kinderhuis.

Volgens Strydom (2002a:212) kan die benutting van kundiges baie help om die probleem skerper te omlin aangesien die literatuur slegs 'n fraksie van die kennis weergee waarmee kenners daaglik, in 'n spesifieke veld in aanraking kom.

#### 1.10.3 Uitvoerbaarheid

In die uitkenning van beperkinge moet die navorser die volgende in ag neem: die betroubaarheid en stabiliteit van die meetinstrumente, die veralgemening van die inligting van die steekproef na die oorspronklike populasie waaruit dit geneem is, toeganklikheid tot inligting, etiese kwessies, asook die hantering van eksterne faktore in die omgewing en by respondente (Fouchè, 2002a:121). Fouchè (2002a:121–122) verduidelik verder rakende die nodigheid daarvan dat die hulpbronne wat beskikbaar is, aangespreek moet word en dat die navorsing die volgende areas moet aanraak: die organisatoriese plan, die werkspan en tydskedule, asook die finansiële beplanning.

Die volgende punte staaf die uitvoerbaarheid van die navorsing:

- Die navorser is tans op 'n voltydse basis besig met haar navorsing en tyd vir die uitvoering van die studie was dus nie 'n probleem nie.
- Die kostes is tot 'n minimum beperk en is gedek deur 'n studiebeurs en lening waarvoor die navorser aansoek gedoen het.
- Daar is toestemming gevra vir die uitvoer van die studie by die uitvoerende hoof en supervisor van die kinderhuis.

#### 1.10.4 Toetsing van meetinstrument

Aangesien die navorser suiwer kwalitatief te werk gegaan het, het daar geen toetsing plaasvind nie en is daar ook nie van vraelyste gebruik gemaak in die speltherapiesessies met die dogters nie. Daar is ook nie van 'n gestandariseerde meetinstrument gebruik gemaak nie, maar die lewensboeke wat die dogters tydens die speltherapiesessies voltooi het, dien as visuele rekords van die sessies. Strydom (2002a:216) is van mening dat alle aparate in die voorafstudie getoets moet word; insluitend video-apparaat en bandopnemers. Die navorser het dus al die voorgenoemde apparaat getoets om die betroubaarheid van die studie te verhoog.

## **1.11 Omskrywing van universum, populasie, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming**

### 1.11.1 Universum

Strydom en Venter (2002:209) definieer universum as al die potensiële subjekte wat oor die eienskappe beskik waarin die navorser geïntreseerd is. Die universum van hierdie studie bestaan uit al die dogters in kinderhuise in Suid-Afrika.

### 1.11.2 Populasie

Die populasie van hierdie studie was die dogters van die Abraham Kriel/Maria Kloppers Kinderhuis te Langlaagte wat in hul middelkinderjare is. Hierdie kinderhuis is 'n multikulturele kinderhuis en die kinders is almal Afrikaans en Engels magtig.

### 1.11.3 Afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

In die navorsingsvoorstel moet inligting beskikbaar wees oor die populasie en die proefpersone wat by die navorsing betrokke sal wees. Dit word gedoen deur 'n bondige beskrywing te gee van die populasie wat teenwoordig is en 'n gedetailleerde opsomming van die steekproeftrekking en respondente wat gebruik sal word (Fouchè, 2002a:120). Strydom en Venter (2002:199) stel die gebruik van 'n steekproeftrekking voor indien die universum te groot is en noem dat die inligting meer akkuraat sal wees in die steekproef as in die bestudering van die totale populasie.

Daar is van 'n doelbewuste seleksie in 'n nie-ewekansige steekproeftrekking gebruik gemaak, aangesien die navorser doelbewus sekere eenhede geselekteer het wat sy in haar navorsingstudie wou insluit. Die kriteria waaraan die proefpersone moes voldoen, was die volgende:

- Slegs dogters wat woonagtig is in die Abraham Kriel/Maria Kloppers Kinderhuis te Langlaagte, is betrek.
- Die dogters moes of Afrikaans of Engels magtig wees.
- Die dogters moes in hul middelkinderjare wees; dus ouderdom van ses tot twaalf jaar.
- Die dogters moes tekens toon van selfblaam aangaande hul verwydering vanuit ouerlike sorg (deur op die maatskaplike werkers van die kinderhuis se gevallelading te let).

Neuman (1997:206) ondersteun die gebruik van doelgerigte steekproeftrekking deur te noem dat indien daar genoegsame inligting oor die universum bestaan, gevalle uitgesoek kan word indien hulle as tipies beoordeel word.

### **1.12 Etiese kwessies**

Gedetailleerde besprekings oor etiese kwessies is van belang asook van enige ander faktore wat tot problematiek kan lei. Die navorser moet ook die stappe notuleer wat geneem sal word om hierdie probleme te oorbrug (Fouchè, 2002a:120). Grasso en Epstein (1992:118) omskryf professionele etiek soos volg:

...those principles that are intended to define the rights and responsibilities of researchers and practioners in social work in their relationship with each other and with other parties including employers, research subjects, clients and student.

As lid van die professionele gemeenskap behoort die navorser 'n eerlike siening te hê oor akkurate, openlike en suiwer navorsing. Strydom (2002b:63) verduidelik dat suiwer etiese riglyne kan dien as standaard en as die basis waarvolgens elke navorser sy eie optrede kan evalueer.

Vir die doel van hierdie navorsing is die volgende etiese kwessies onderskei, naamlik:

#### 1.12.1 Skade aan proefpersone

Strydom (2002b:64) verduidelik dat hierdie skade fisies of emosioneel van aard kan wees. In die geesteswetenskappe kan fisiese skade nie uitgesluit word nie, maar die skade aan proefpersone is hoofsaaklik emosioneel van aard. Aangesien dit moeiliker is om emosionele skade te voorspel, moes die navorser ook hierop ag geslaan het, omdat dit soms meer verreikende gevolge kan inhou as fisiese ongemak.

In hierdie studie was die navorser van mening dat daar 'n groter geneigdheid kan wees tot emosionele skade aan die proefpersone, aangesien hulle moontlik weer die trauma van hul verwydering en van hul huislike omstandighede wat aanleiding daartoe gegee het, mag herleef. Indien daar emosionele skade by 'n respondent voorkom, sal sy onttrek word van die program en sal sy verwys word vir terapie na haar betrokke maatskaplike werker in die kindershuis. Die navorser moet meer doen as slegs minimalisering of herstel van skade. Die proefpersone moet ingelig word oor die potensiële impak van die ondersoek sodat hulle kan onttrek indien hulle dit so

sou verkies. Navorsers kan ook sekere persone vooraf identifiseer wat hy dink skade kan lei, en dan kan daar gepoog word om hierdie proefpersone uit te skakel. Dit is egter soms moeilik om die aard van die skade vooraf te probeer bepaal (Strydom, 2002b:64).

Die navorser het die moontlike emosionele skade aan die proefpersone in 'n voorbereidende onderhoud verduidelik sodat hulle 'n ingeligte besluit kon neem. Daar is ook aan hulle genoem dat daar op enige stadium onttrek kan word vanuit die program. Babbie (in Strydom, 2002b:64) is van mening dat die navorser baie sterk op wetenskaplike gronde uitklaring moet verkry oor emosionele skade aan proefpersone aangesien daar uiters sensitiewe en persoonlike inligting tydens navorsing verkry kan word.

#### 1.12.2 Ingeligte toestemming

Strydom (2002b:65) sê dat die klem moet val op die akkuraatheid en volledigheid van die inligting sodat die proefpersone ten volle sal begryp waarom die navorsing handel en dus 'n vrywillige, wel-deurdagte besluit oor hul deelname kan neem. By die spesifieke navorsing is daar toestemming van die dogters self (mondelings) en van die kinderhuis (as hul voog vir die dogters se deelname aan die navorsing) verkry. Vir hierdie doel is daar tydens 'n onderhoud met elk van die voorgenoemde partye alle inligting oor die aard en omvang van die studie verskaf. Daar is ook vanaf die bestuur van die kinderhuis 'n formele toestemmingsbrief verkry om hul kinders, fasiliteite en apparaat te kan gebruik tydens die navorsing (Kyk Bylaag 1 en 2).

Dus val die klem op akkurate en volledige inligting sodat proefpersone ten volle begryp wat die navorsing behels en dat hulle dan daartoe instaat sal wees om 'n vrywillige, beredeneerde besluit oor hul deelname te kan neem. Dit is van belang dat respondente bewus is dat hulle enige tydself hulle kan onttrek vanuit die navorsing (Grinnell, 1993:82–83).

Die navorser besef dat middelkinderjarige dogters moontlik nie intellektueel en emosioneel instaat is om 'n beredeneerde besluit te neem nie, daarom het sy in die voorbereidende onderhoud dit verduidelik op hul ontwikkelingsvlak sodat hulle die konsep van die navorsing kan begryp. Dit was vir die navorser van belang dat die dogters ook betrek moet word by besluitneming omdat dit hul samewerking en deelname van die begin af verseker. Strydom (2002b:65) beskryf die eise wat die projek aan die proefpersone sal stel ten opsigte van tyd, aktiwiteite en bekendmaking



van vertroulike inligting. Daar moet ook aan die proefpersone voldoende tyd gegee word om voor die ondersoek (asook tydens die navorsing) vrae te mag vra.

Die navorser het aan elke dogter 'n volledige program op skrif verskaf (asook vir die maatskaplike werker by die kindershuis wat met die betrokke dogter werk) om die tye en aktiwiteite van die verloop van die ondersoek aan hulle bekend te maak.

#### 1.12.3 Misleiding van proefpersone

Loewenberg en Dolgoff soos aangehaal deur Strydom (2002b:66) omskryf misleiding van proefpersone soos volg: “...*(it) is deliberately misrepresenting facts in order to make another person believe what is not true, violates the respect to which every person is entitled*”. Strydom (2002b:67) onderskei tussen doelbewuste misleiding en misleiding waarvan die navorser nie werklik bewus is nie. In die eersgenoemde geval word inligting weerhou van die proefpersone of verkeerde inligting word verskaf aan die proefpersone om hul deelname aan die projek te verseker.

Die navorser het tydens die voorbereidende onderhoud aan die dogters elkeen verduidelik dat sy nie tydens die navorsing terapeuties gaan werk nie, aangesien sy slegs sal poog om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak vir die gebruik van die lewensboek in terapie. Sy het ook in algemene terme verduidelik wat die studie ten doel het, asook watter aktiwiteite met die lewensboek benut sal word.

Strydom (2002b:67) stel voor dat indien misleiding plaasvind weens onvoorsiene omstandighede moet dit reggestel word met die proefpersoon in 'n ontladingsonderhoud.

#### 1.12.4 Skending van privaatheid

Sieber (in Strydom, 2002b:67) definieer die begrip privaatheid soos volg:

“...*that which normally is not intended for others to observe and analyse*”. Hierdie beginsel kan op verskeie wyses oortree word en dis van belang dat die navorser met die nodige sensitiwiteit sal optree waar privaatheid van proefpersone ter sprake is.

In die publisering van die navorsing het die navorser van skuilname gebruik maak om die nodige konfidensialiteit van die proefpersone te verseker. Strydom (2002b:68) noem dat privaatheid van proefpersone verder verseker kan word indien daar van 'n behoorlike, wetenskaplike steekproeftrekking gebruik gemaak word.

Tydens die publiserings van die navorsing het die proefpersone dus anoniem gebly en het vir hulself skuilname gekies. Daar is tydens die speltherapie sessies baie persoonlike sake bekend gemaak. Die navorser het in die voorbereidende onderhoud met elke dogter haar in kennis gestel dat sy anoniem sal wees in die skryf van die verslag, maar dat die inligting wat sy sal deurgee in die speltherapie sessies benut sal word in die navorsingsverslag.

#### 1.12.5 Bekwaamheid van navorsers

Daar is 'n etiese verpligting op navorsers om seker te maak dat hulle bevoeg en bedrewe is om die ondersoek te loods. Strydom (2002b:69) noem dat waar sensitiewe ondersoeke ter sprake is, is hierdie 'n belangrike vereiste.

Tydens hierdie navorsing het die navorser op die vaardighede en kennis staat gemaak wat sy tydens die teoretiese modules en praktikums aangeleer het. Die navorser het die nodige toesig en leiding ontvang van haar studieleier. Objektiviteit en die weerhouding van waarde-oordele is deel van die toerusting van 'n bekwame navorser, noem Strydom (2002b:70). Vervolgens beweer hy dat: *“Professionals in the caring professions are trained not to impress their own personal value systems on clients or patients”*.

Strydom (2002b:70) is van mening dat navorsers alle moontlike risiko's en voordele van die navorsing vooraf moet evalueer en altyd aan hul woord gestand moet doen waar beloftes aan proefpersone gemaak word.

#### 1.12.6 Samewerking met medewerkers

Omdat navorsingsprojekte soms so duur en omvangryk is moet die navorser dikwels van 'n borg gebruik maak om dit finansieel en tydsgewys te kan uitvoer. Strydom (2002b:70-71) noem dat die borg soms voorskriftelik teenoor die navorser kan optree sodat die navorsing in ooreenstemming met die borg se verwagtinge sal bly. Aangesien die navorser se befondsing vanuit 'n studielening en beurs afkomstig is, sal sy nie van enige borgskappe afhanklik wees nie.

#### 1.12.7 Bekendmaking van die bevindinge

Strydom (2002b:71) spreek homself soos volg hieroor uit:

The findings of the study must be introduced to the reading public in written form, otherwise even a highly scientific investigation will mean very little and will not be viewed as research.

Hierdie navorsing is in die formaat van 'n mini-verhandeling voorgelê vir die voltooiing van 'n MSD (Spel terapie) graad. Daar sal ook 'n manuskrip aan 'n wetenskaplike tydskrif gestuur word vir moontlike publikasie, om die leserspubliek in kennis te stel van die navorsingsbevindinge.

#### 1.12.8 Die herstelling van proefpersone

Debriefing sessions during which subjects get the opportunity, after the study, to work through their experience and its aftermath, are possibly one way in which the researcher can assist subjects and minimise harm (Strydom, 2002b:73).

Strydom (2002b:73) waarsku ook dat in sommige gevalle (veral by kwalitatiewe studies) kan proefpersone so baat en betrokke raak by die navorsing dat dit skadelik vir hulle is na die afhandeling van die program. Hier moet die persone voorberei word op terminering, asook die afsluiting en onttrekking moet met sensitiwiteit hanteer word.

In die program wat aan die dogters en ook die maatskaplike werker van die kindershuis verskaf is, is daar datums aangebring vir die afhandeling en terminering van die speltherapie sessies. Die dogters is tydens elke speltherapie sessies herinner aan terminering en daar is 'n spesiale afsluitingsessie met elkeen gehou. Tydens hierdie sessie is geëvalueer watter inligting bekom is tydens die verloop van die navorsing.

Die navorser moet ook bedag daarop wees dat die proefpersone na die herstellingsproses tevrede mag wees, maar dat daar later by hulle weer 'n ongemak mag ontstaan. Proefpersone moet dus duidelik weet dat hulle te enige tyd die navorser kan kontak. Daar moet egter in ag geneem word dat die hoofdoel van die navorsing nie slegs is om inligting te versamel nie, maar om die gemeenskap te dien (Strydom, 2002b:73). Navorser het die respondente verwys na hul onderskeie maatskaplike werkers, binne die kindershuis.

### 1.13 Leemtes van die studie

In die navorsing was van **verouderde literatuurbronne** gebruik gemaak ten opsigte van die kinderhuiskind aangesien min resente primêre bronne en navorsing oor die kinderhuiskind binne die Suid-Afrikaanse konteks opgespoor kon word.

Ten opsigte die gebruik van die lewensboek met betrekking tot selfblaam, kan die navorser aandui dat daar as leemte nog geen bronne gevind is wat selfblaam direk verbind met die lewensboek se benutting in speltherapie nie. Hierdie leemte is dus deur die daarstelling van die gevolgtrekkings en aanbevelings in die navorsingsverslag aangespreek. Ryan en Walker is ook gereeld as literatuurbron in hoofstuk 3 benut weens 'n **gebrek aan relevante bronne** ten opsigte van die maak van 'n lewensboek.

### 1.14 Omskrywing van hoofkonsepte

Paul (1993:2) is van mening dat die toeligting van begrippe van belang is aangesien die navorser die begrippe kan toelig en sodoende kan verduidelik wat met 'n spesifieke begrip bedoel word. Sodoende kan miskonsepsies en verwarring oor die verstaan van begrippe uitgeskakel word of tot 'n minimum beperk word.

Vir die doel van die navorsing sal die volgende as hoofkonsepte geld:

#### 1.14.1 Lewensboek

Van der Merwe (1996a:117) definieer die lewensboek soos volg:

A life book is a visual or written record containing important information on the child's situation, which is presented to the child ... life books are usually used for children who have been taken away from their parents and who are in children's homes, foster care or have been adopted.

Fraser (1989:92) voeg by dat die lewensboek na die verlede, hede en toekoms van kinders kyk. *“Deur middel van die lewensboek word die kind die geleentheid gebied om sy verlede te eksploreer, te herbeleef en te verwerk”*. Die navorser klassifiseer 'n lewensboek as 'n bibliospeltegniek binne speltherapie, waar die kind 'n terugskouing maak in sy verlede. Hier kan verskeie tegnieke (soos skryf, collage, teken, verf) gebruik word tydens die maak van die lewensboek om die kind se situasie aan hom te verhelder.

#### 1.14.2 Kinderhuis

Bosman-Swanepoel en Wessels (1995:13) omskryf die begrip kinderhuis soos volg:

Enige verblyfplek of tehuis wat in stand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders weg van hulle ouers af maar nie ook 'n nywerheidskool of 'n verbeteringskool nie.

Skidmore, Thackeray en Farley (1997:220) klassifiseer kinderhuisplasinge as “...a residential arrangement for children outside their own homes”. Hulle beklemtoon dat dit korttermyn of 'n langtermyn opsie kan wees. Die navorser is van mening dat 'n kinderhuis gedefinieer kan word as 'n woonplek vir kinders onder die ouderdom van 18 jaar, weg van hul ouers of eie woonplek. Dit is nie 'n nywerheidskool of verbeteringskool nie.

#### 1.14.3 Middelkinderjare

Meyer (1998:16) omskryf die middelkinderjare as die stadia in die lewensloop tussen ses jaar tot met die aanvang van puberteit. Plug, Meyer, Louw en Gous (1993:174) beskryf kinderjare soos volg:

Die tydperk voordat die individu volwasse is. Dit word dikwels ingedeel in vroeë kinderjare (geboorte tot vyf of ses jaar), die middelkinderjare (ongeveer ses tot twaalf of dertien jaar) en die laat kinderjare of adolessensie (ongeveer dertien tot agtien / 21 jaar).

Vervolgens beskou die navorser die middelkinderjare as die lewensstadia tussen ses en twaalfjarige ouderdom.

#### 1.14.4 Selfblaam

Oaklander (1988:277-279) skryf oor selfblaam: “*He (the child) blames himself and feels that he is bad. So anger, guilt, resentment, and self-blame become diffused and mixed up with the child's self-image*”. Skuldgevoelens speel 'n belangrike rol by die kind wat verwyder word, al het hy daar ook geen skuld aan nie. Die kind ervaar ook angsgevoelens en vrees vir die onbekende (Strydom, 1973:44). Die navorser definieer selfblaam as die kind se belewenis dat hy sleg is en skuld het aan sy probleemsituasie. Dit gaan gepaard met gevoelens van angs en woede en kan die kind se selfbeeld skaad.

#### 1.14.5 Speltherapie

Yssel (1999:100) beskryf dat speltherapie die kind die kans gee om groei te beleef onder die mees positiewe omstandighede en om met nuwe gedrag te kan eksperimenteer. Volgens Geldard en Geldard (1997:2) is speltherapie 'n kombinasie

tussen verbale berading en die gebruik van ander spelterapeutiese media om vir die kind 'n omgewing te skep waar terapeutiese verandering moontlik is. Van der Merwe (1996b:6) noem dat maatskaplike werkers meestal met kinders werk en dat kliniese werk met kinders, soos spel terapie, 'n gespesialiseerde area in maatskaplike werk is. Hierdie area het 'n unieke karakter en word ook onder andere bepaal deur die unieke karaktereenskappe van die kinderkliënt. Volgens die navorser is spel terapie 'n gespesialiseerde veld binne maatskaplike werk, waarbinne die kind berading ontvang in 'n veilige, kindervriendelike omgewing. Vir die nodige terapeutiese verandering maak die terapeut gebruik van 'n verskeidenheid spelterapeutiese hulpmiddels en - tegnieke.

### **1.15 Indeling van navorsingsverslag**

Die navorsingsverslag sal soos volg ingedeel word:

- Hoofstuk 1: Algemene Inleiding.

In hierdie hoofstuk is verwys na die motivering en die keuse van die onderwerp, sowel as navorsingsmetodologie.

- Hoofstuk 2: Literatuurstudie.

In hierdie hoofstuk is gefokus op die ontwikkelingsfase van kind en die effek van selfblaam op die middelkinderjarige dogter in die konteks van die kindershuis.

- Hoofstuk 3: Literatuurstudie.

Hierdie hoofstuk handel oor die gebruik van die lewensboek in spel terapie.

- Hoofstuk 4: Empiriese studie.

Die navorsingsbevindinge is in hierdie hoofstuk uiteengesit.

- Hoofstuk 5: Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.

In hierdie hoofstuk word gefokus op die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings wat gemaak word vanuit die empiriese studie.

## **HOOFSTUK 2: SELFBLAAM AS VERSKYNSEL BY DIE MIDDELKINDERJARIGE KIND IN DIE KINDERHUIS**

### **2.1 Inleiding**

Toerien (2001:16) is van mening dat die kinderhuiskind besondere eise aan die terapeut stel en dat dië kind op 'n eiesoortige wyse hanteer moet word. Om die kinderklieënt te verstaan, is dit belangrik om by die betrokke lewensfase te begin. In hierdie hoofstuk sal die navorser 'n uiteensetting gee van die middelkinderjare as ontwikkelingsfase vanuit die volgende areas: liggaamlike ontwikkeling, kognitiewe ontwikkeling, persoonlikheidsontwikkeling en sosiale ontwikkeling.

Wanneer die kind uit sy ouerhuis verwyder word, is dit vir hom 'n traumatiese gebeurtenis. Die kind mag gevoelens van skuld en selfblaam ervaar na sy verwydering vanuit ouerlike sorg (Vergelyk Harris, 2002). Aandag sal dus geskenk word aan die kinderhuiskind en die rol van selfblaam in die kind se lewe.

### **2.2 Middelkinderjare**

Piper (2001:38) verduidelik dat kinders in die middelkinderjare verskeie ontwikkelingstake het om te bemeester, sy spreek haarself verder uit soos volg:

Dit is belangrik vir enige persoon wat met die kinders werk om kennis van die middelkinderjare as ontwikkelingsfase te hê. Die kind in pleegsorg is dikwels agter sy portuurgroep weens die traumatiese gebeure in sy verlede. Indien die kind nie die ontwikkelingstake van die vorige fase (byvoorbeeld kleuterfase of vroeë kinderontwikkeling) bemeester het nie, is dit moeilik vir hom om hierdie fase suksesvol te bemeester. Net so moet die ontwikkelingstake van die middelkinderjare bemeester word, voordat daar suksesvol aanbeweeg kan word na adolessensie.

Die navorser is van mening dat nes by kinders in pleegsorg, ook die kind in die kinderhuis moontlik agter sy portuurgroep is ten opsigte van ontwikkeling, omdat baie ontwikkelingstake van die vroeë kinderjare nog nie bemeester is nie (Vergelyk Harris, 2002). Daarmee saam stel Piper (2001:39) die volgende:

Often with foster children, it is the case that they struggle in their different phases as they were unsuccessful in the previous phase(s) due to traumatic experiences of abuse and neglect and being removed from their homes.

Daarom sal die navorser fokus op die normale ontwikkeling tydens die middelkinderjare, maar stel dit aan die leser dat die kinderhuiskind moontlik nie al die

ontwikkelingstake kon bemeester nie weens die huislike omstandighede en redes vir sy verwydering.

Louw, Van Ede, Ferns, Schoeman en Wait (1998:326) noem dat die tydperk tussen ses en twaalf jaar bekend is as die middelkinderjare. Hulle vervolg deur te sê dat dit 'n tydperk van relatiewe rustigheid is en dat dit deur Freud beskryf is as die jare van psigo-seksuele latentheid, terwyl Erikson dit die fase van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid noem. Van der Lith (1999:11) is van mening dat hierdie fase 'n belangrike tydperk is in die kind se ontwikkeling aangesien bepaalde gewoontes vasgelê kan word. Hierdie tydperk is baie belangrik vir die kind se kognitiewe-, sosiale-, emosionele- en selfkonsepontwikkeling. Indien kinders op hierdie terreine ontwikkel kan hulle beter begrip van hul leefwêreld vorm, wat lei tot beter sosialisering en geleenthede om leerervarings op te doen. In hierdie tydperk speel die skool, asook die ouers en gesin 'n rol (Louw, et al., 1998:326). Toerien (2001:25) is van mening dat dit vir die terapeut wat met die kind werk noodsaaklik is om te weet wat die normale ontwikkeling in 'n besondere lewensfase is. Alleen wanneer daar kennis van die normale is, kan dit wat abnormaal is, uitgewys word. Ook word verhoed dat dit wat absoluut normaal is, as abnormaal beskou word.

Die ontwikkeling tydens die middelkinderjare en veral die uitbreiding van ervarings, berei die kind deeglik voor vir die aanpassings en uitdagings van die adolessente jare wat gaan volg. 'n Gebalanseerde ontwikkeling gedurende die middelkinderjare lê daarom 'n stewige fondament vir latere ontwikkeling (Louw, et al., 1998:326).

Hieruit kan die navorser dus aflei dat indien 'n dogter haarself tydens die middelkinderjare blameer vir haar verwydering vanuit ouerlike sorg, dat dit verreikende gevolge mag inhou vir die aanpassings wat in adolessensie gaan volg.

In die middelkinderjare moet die kind die volgende ontwikkelingstake bemeester, volgens Louw, et al. (1998:326):

- Verdere verfynde motoriese ontwikkeling.
- Die vaslegging van geslagsrolidentiteit.
- Die ontwikkeling van verskeie kognitiewe vaardighede.
- Uitbreiding van kennis en sosiale deelname.
- Die ontwikkeling van groter selfkennis.
- Verdere ontwikkeling van morele oordeel en gedrag.



Davies (1999:294) benoem die volgende mylpale in die middelkinderjarige kind se ontwikkeling:

- Verbeterde selfregulering.
- Internalisering van die superego en verwante vorderings in morele ontwikkeling.
- Vorderings in realiteitstoetsing en kognitiewe ontwikkeling.
- Verhoogde portuurgroeporiëntasie.

Louw, et al. (1998:326-383) noem dat ontwikkeling in die middelkinderjare in die volgende areas plaasvind:

**Tabel 1: Ontwikkelingsareas binne die middelkinderjare**

<b>Liggaamlike ontwikkeling</b>	<b>Kognitiewe ontwikkeling</b>	<b>Persoonlikheids-ontwikkeling</b>	<b>Sosiale ontwikkeling</b>
Algemene liggaamlike ontwikkeling	Kognitiewe take	Selfkonsep	Die rol van die gesin
Motoriese vaardighede	Geheue	Emosionele ontwikkeling	Die invloed van die skool
	Die psige-teorie	Ontwikkeling van sensitiwiteit vir ander	Die portuurgroep se invloed
	Taal-ontwikkeling		Vooroordeel
	Kreatiwiteit		Morele ontwikkeling

Elk van die onderskeie areas sal kortliks bespreek word:

### 2.2.1 Liggaamlike ontwikkeling

#### 2.2.1.1 Algemene liggaamlike ontwikkeling

Louw, et al. (1998:326-330) noem dat onder algemene liggaamlike vaardighede daar beskryf word dat 'n uitstaande kenmerk liggaamlike groei is, wat nou meer geleidelik plaasvind. Ander liggaamlike veranderinge wat plaasvind, is:

- Die brein bereik sy volwasse grootte en gewig.
- Die respiratoriese stelsel neem tienvoudig in gewig toe, dus is asemhaling dieper en stadiger.
- Ontwikkeling van die bloedsomloopstelsel geskied teen 'n stadiger tempo.
- Melktande word deur permanente tande vervang.

### 2.2.1.2 Motoriese vaardighede

Davies (1999:295) is van mening dat groot motoriese vaardighede soos hardloop, klim, skop en gooi reeds goed ontwikkel is tydens die aanvang van die middelkinderjare, en gedurende hierdie periode steeds verbeter. Fyn motoriese vaardighede word tydens hierdie periode vervolmaak, asook hand-oog-koördinasie verbeter. Louw, et al. (1998:330) verduidelik dat motoriese ontwikkeling van kinders bevordelik is vir verskeie fasette van hul persoonlikheidsontwikkeling. As voorbeeld word daar genoem dat indien 'n kind deelneem aan sport, sosiale ontwikkeling bevorder word. Indien 'n kind suksesvol is in 'n aktiwiteit, soos hardloop, lei dit tot gewildheid wat meebring dat kinders se selfagting styg.

### 2.2.2 Kognitiewe ontwikkeling

#### 2.2.2.1 Kognitiewe take

Aangesien kinders baie tyd spandeer in die skool is dit verstaanbaar dat hul kognitiewe vaardighede aansienlik verbeter. Skoolkinders word toegerus met inligting wat hulle moet onthou en gebruik wanneer verskeie kognitiewe take uitgevoer word. Volgens Piaget is kinders in die middelkinderjare in die konkreet-operasionele periode. Hier is hulle instaat om konservasie, getalle, veelvoude en hiërargiese klassifikasie te verstaan. Tekortkominge soos animisme en transduktiewe redenering word gedurende die periode oorkom en die kind is ook instaat om te kan desentreer (Louw, et al., 1998:330–331).

Piper (2001:42) is van mening dat daar in ag geneem moet word dat die pleegkind 'n kognitiewe- en 'n ontwikkelingsagterstand mag hê weens die trauma waardeur die kind in die vorige lewensfase is. Daarom is dit dus nie 'n verrassing dat baie pleegkinders probleme ervaar in areas van kognitiewe ontwikkeling nie. Die navorser sluit hierby aan deur te noem dat dit ook die geval is by die kinderhuiskind, wat weens soortgelyke lewensomstandighede uit sy ouers se sorg verwyder is (Vergelyk Harris, 2002).

Berk (2000:250) noem dat die middelkinderjarige kind die volgende mylpale in sy kognitiewe ontwikkeling bereik:

- Die kind dink op 'n meer georganiseerde, logiese wyse oor konkreet-tasbare inligting.
- Die kind begin 'n beter begrip van ruimtelike konsepte toon, byvoorbeeld skatting van afstand.

- 'n Horisontale gaping word vertoon deur die middelkinderjarige kind.

Volgens Wadsworth soos aangehaal deur Toerien (2001:19) gaan kognitiewe en affektiewe ontwikkeling hand aan hand. Gevoelens kan nou weergegee, onthou en in verband met ander gevoelens gebring word. Hiervolgens maak die navorser die afleiding dat die middelkinderjarige kind wel instaat is om gevoelens van selfblaam te verwoord en te herroep.

#### 2.2.2.2 Geheue

Verder speel die kind se geheue 'n belangrike rol, voer Louw, et al. (1998:335-338) aan. Daar kan tussen die volgende soorte geheue onderskei word:

- Werkgeheue.
- Semantiese geheue.
- Episodiese geheue.

#### 2.2.2.3 Die psige-teorie

In die middelkinderjare word die kind se psige-teorie meer uitgebrei en verfyn verduidelik Louw, et al. (1998:342–343). Die psige-teorie verwys na kinders se kennis van hul psige en die werking daarvan, asook hul kennis van eie (en ander) se psigiese toestande en hoe laasgenoemde gedrag beïnvloed. Die verbetering in die psige-teorie van die kind in die middelkinderjare kan toegeskryf word aan verbeterde metageheue, metakognitiewe vermoëns en die vermoë om oor hul psigiese lewe na te dink.

#### 2.2.2.4 Taalontwikkeling

Betreffende taalontwikkeling noem Louw, et al. (1998:343) dat daar steeds belangrike taalontwikkeling in die middelkinderjare plaasvind, byvoorbeeld die lengte en ingewikkeldheid van sinne wat die skoolgaande kind gebruik brei uit. Die woordeskat van die kind brei uit, die kind begin abstrakte begrippe verstaan en ook figuurlike taal.

#### 2.2.2.5 Kreatiwiteit

Louw, et al. (1998:345-346) is van mening dat kreatiwiteit in kinders aangemoedig moet word aangesien die samelewing kreatiewe mense nodig het. Indien die volgende in kinders gekweek word, sal kreatiwiteit bevorder word:

- Volgehoue pogings ten spyte van mislukkings.

- Die suksesvolle hantering van stres.
- 'n Onafhanklikheid van denke.
- Toleransie van onsekerhede.
- Bereidwilligheid om te eksperimenteer en weer te probeer na mislukking.

### 2.2.3 Persoonlikheidsontwikkeling

#### 2.2.3.1 Selfkonsep

Die selfkonsep ontwikkel vinnig gedurende die middelkinderjare, wat as 'n sensitiewe tydperk beskou kan word omdat spesifieke soort ervarings belangrike gevolge vir die ontwikkeling daarvan inhou, konstateer Louw, et al. (1998:348).

Die kind in die middelkinderjare beskryf hulself nou nie meer in terme van aktiwiteite nie, maar in terme van hoe goed hulle dit doen. Hulle ontwikkel ook die vermoë om akkurate beoordelings van hulself te maak. Kinders se kennis van hulself is nie slegs op prestasies gebaseer nie, maar ook op hul behoeftes en verwagtings wat ander aan hulle stel. Hul selfkonsep word ook beïnvloed deur die mate waarin hulle hul eie gedrag kan reguleer (Louw, et al., 1998:348–349).

#### 2.2.3.2 Emosionele ontwikkeling

Aangaande die gevoelens van die middelkinderjarige kind spreek Piper (2001:43) haarself soos volg uit:

The angry foster child can be aggressive and rebellious. At this age it is important to ensure that these young people have adequate opportunities to spend with peers. They need to learn which activities provide them with pleasure without putting themselves at risk of getting into trouble. Entertainment provides opportunities to increase feelings of self-worth, to develop interpersonal connections, and to relieve stress and frustration.

Hieruit lei die navorser af dat daar ook in die kindershuis vir die kind die toepaslike aktiwiteite geskep moet word om gevoelens soos aggressie te ontlaai. Die navorser is van mening dat daar deur die maak van die lewensboek 'n geleentheid geskep sal word vir die kind om gevoelens soos aggressie te verbaliseer. Piper (2001:46) beweer dat kinders wat minder sensitiewe, konsekwente en belangstellende versorgers gehad het, ook minder hulself as liefdevol, effektief en waardevol beskou en oordra. Die pleegkind ervaar dus ook dat ander hom nie kan versorg en beskerm nie. Die navorser vind uit eie ervaring dat dit ook die geval is met kinders in kindershuise (Vergelyk Harris, 2002). Piper (2001:46) vervolg deur te sê dat die kindershuiskind ook 'n gebrek ervaar aan 'n liefdevolle versorger wat dus kan lei tot sy eie beskouing

dat hy nie waardevol genoeg is om liefgehê te word nie. Hierdie sluit vir die navorser aan by die kind se moontlike beskouing dat dit sy skuld is dat hy verwyder moes word (Vergelyk Harris, 2002).

Henig (2003:14) verskaf die volgende opsomming van die middeljarigekind, van ongeveer ses jaar, se emosionele ontwikkeling:

- Die kind is instaat om eenvoudige instruksies te volg.
- Die kind kan sy emosies, vrese en probleme uitdruk.
- Hy het genoeg vaardighede bemeester om redelik onafhanklik te funksioneer.
- Hy kan homself vergelyk met ander en sy vermoëns reg oordeel.
- Die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die vorming van die kind se selfbeeld.

Toerien (2001:20) is ook van mening dat 'n sterk begeerte by die middelkinderjarige kind ontwikkel om sy emosies te beheer. Hierdie beheer is die gevolg van die leerproses, aangesien verandering in die kind se emosionele uitdrukkingspatroon die gevolg van 'n wyer ervaring is. Die kind se begeerte om sosiaal aanvaar te word, motiveer hom om sy emosies te beheer.

Volgens Gordon (in Piper, 2001: 46) by die kind wat mishandel was, ervaar die kind ander volwassenes as onbetroubaar en verwerpend. Wanneer hierdie kind nou in nuwe gesinne opgeneem word, kan die kind die gedrag van die nuwe gesin in dieselfde lig van sy vorige ervarings beskou. Hy vermy dus intimiteit en afhanklikheid van pleegouers. Hierdie kinders tree verwerpend op teenoor pleegouers wat hul eie vrese weer verhoog. Die navorser vind ook in die kinderhuis dat die kind steeds sy huismoeder se goeie bedoelings sal wantrou en bevraagteken. Dit lei tot die kind se verhoogde vrees vir verwerping.

Louw, et al. (1998:351) noem dat daar tydens die middelkinderjare 'n afname in vrees is, wat verband hou met liggaamlike veiligheid, maar daar is nie 'n afname in vrees vir bonatuurlike magte soos spoke en monsters nie. Verder noem Louw, et al. (1998:352) dat kinders individuele verskille toon rakende hul ontvanklikheid vir vrees asook die oorsaak van hul vrese. Piper (2001:47) noem dat daar by kinders wat ernstig verwaarloos en mishandel is, ook gevoelens soos woede, hulpeloosheid, onveiligheid en vrees vir verlating aangetref word. Die navorser glo dat die kinderhuiskind ook met soortgelyke vrese te make het.

Toerien (2001:21) spreek haarself soos volg uit:

Die kinderhuiskind se ervaring voor, tydens en na verwydering kan verskeie angsgevoelens by die kind teweeg bring. Hierdie kind sal moontlik van verskeie verdedigingsmeganismes gebruik maak om angsgevoelens te hanteer. Dit is belangrik dat die terapeut wat met die kinderhuiskind werk deurgaans van die onderskeie verdedigingsmeganismes kennis dra, ten einde dit te identifiseer en saam met die kind daardeur te werk.

Piper (2001:47) verduidelik egter dat kinders wat versorg word deur pleegouers of in kinderhuise, nooit geleer het om op psigologies-gesonde wyses met ander 'n binding te vorm nie. Die verhoudings in hul verlede het nie vir hulle die nodige groei en ontwikkeling gebied nie. Daarom is pleegkinders agter in hul emosionele ontwikkeling. Die navorser is van mening dat die kinderhuiskind sy verwydering as 'n groot verwerping beskou. Dit mag hom verhoed om later nuwe bindings binne die portuurgroep en die kinderhuis te vorm. Toerien (2001:22) is van mening dat kinders wat liefde ondervind, makliker in staat is om liefde te betoon. Sy noem dus dat dit dikwels vir die kinderhuiskind moeilik en ongemaklik is om liefde teenoor ander te betoon, wat moontlik toegeskryf kan word aan die gebrekkige liefde wat hulle in hul ouerhuise ondervind het.

Waar voorskoolse kinders soms aggressie sal toon as 'n instrumentele doelwit (soos om 'n speelding te kry), begin kinders tydens die middelkinderjare egter om direkte aggressie teen ander te rig met die primêre doel om hulle seer te maak. Hierdie soort aggressie neem geleidelik tydens die middelkinderjare toe (Louw, et al., 1998:352). Oaklander (1988:22) is van mening dat die kind juis aggressief optree as 'n metode om te oorleef. Sy beleef die kind met destruktiewe gedrag en weerstand as iemand met ernstige gevoelens van woede, verwerping, angs, pyn en ook 'n verwarring oor homself. Vervolgens noem sy:

He has too, a very low opinion of the self he knows. He is unable or unwilling and fearful about expressing what he is feeling, for if he does he may lose what strength he musters to engage in aggressive behaviors. He feels he needs to do what he does as his method of survival.

Piper (2001:48) is van mening dat die kinders wat die meeste emosionele trauma ervaar het, is die minste instaat om hul probleme te hanteer. Toerien (2001:22) sluit hierby aan deur te noem dat die kinderhuiskind moontlik aggressief optree as metode om sy negatiewe gevoelens te hanteer ten einde in sy omgewing te oorleef.

Berk (2000:413) lys die volgende emosionele mylpale van die middelkinderjarige kind:

- Die kind se selfbewuste emosies word geïntegreer met innerlike standaarde soos in korrekte aksies.
- Strategieë vir emosionele selfregulering verhoog in verskeidenheid, word meer intern en kan aanpas volgens die eise van die situasie.
- Konformiteit en bewustheid ten opsigte van emosionele reëls verbeter.
- Die kind ontwikkel die vermoë om veelvoudige bronne vir informasie te oorweeg wat ander se emosies verduidelik.
- Nou raak die kind ook bewus daarvan dat mense gemengde gevoelens kan hê en dat hul uitdrukkings nie noodwendig hul ware gevoelens reflekteer nie.
- Die kind se empatie verhoog namate emosionele insig verbeter.

#### 2.2.3.3 Ontwikkeling van sensitiwiteit vir ander

In die voorskoolse jare tree kinders egosentries op en handel op 'n idiosinkratiese wyse. Daar tree dan 'n geleidelike verandering in kinders se waarneming van ander mense in, en hulle word bewus dat mense se waarnemings en denke verskil. Die middelkinderjarige kind besef dat mense se ervarings van dieselfde of soortgelyke gebeurtenisse aansienlik kan verskil (Louw, et al., 1998:353). Louw, et al. (1998:353) vervolg deur te noem:

Die ontwikkeling van sensitiwiteit vir ander mense bring ook mee dat kinders daarvan bewus begin word dat hulle ook deur ander mense waargeneem word en dat die mense op grond van hulle waarneming sekere afleidings kan maak wat hulle optrede teenoor die kind kan beïnvloed. Kinders besef dus nou dat hulle deur hulle gedrag sekere reaksies van ander mense kan ontlok.

Hieruit maak die navorser die afleiding dat die kind in die middelkinderjare se denkpatoon hom toelaat om te besef dat sy eie gedrag reaksies van ander mense ontlok. Daarom kan 'n middelkinderjarige kind juis tot die gevolgtrekking kom dat sy eie gedrag veroorsaak het dat hy vanuit ouerlike sorg verwyder is. Dit is dus logies dat sulke denke 'n gevoel van selfblaam sal versterk.

Piper (2001:43) verduidelik egter dat die pleegkind nooit ervaar het dat ander sensitief teenoor hom is nie; daarom leer die kind dat hy die heelyd homself moet verdedig. Nou verloor die kind die eienskap om sensitief teenoor ander te kan optree. Ook vanweë polariteite ervaar die kind haat en liefde vir sy biologiese ouers. Gevolglik tree die kind onsensitief teenoor volwassenes op. Die navorser sluit hierby

aan deur te noem dat die kinderhuiskind ook onsensitief optree vanweë sy onverwerkte gevoelens van haat en liefde teenoor biologiese ouers. Dit kan bydra tot die selfblaaam wat die kind ervaar, aangesien die kind redeneer dat 'ek sleg is omdat ek my ouers haat en daarom verdien ek om verwyder te word'.

#### 2.2.4 Sosiale ontwikkeling

##### 2.2.4.1 Die rol van die gesin

Die gesin is die eerste sosiale omgewing waarin die kind hom bevind, waar sosiale ontwikkeling plaasvind en waar hy emosionele ondersteuning ervaar. Gedurende die middelkinderjare gaan die kind skool toe waar hy in aanraking kom met al hoe meer ander kinders en volwassenes. Sodoende word sy sosiale wêreld verder uitgebrei (Berk, 1991:598). Louw, et al. (1998:354) is van mening dat alhoewel die middelkinderjarige kind baie meer tyd weg van die huis af spandeer, bly die huis vir kinders steeds die plek wat die meeste sekuriteit bied en is hul gesin die spil waarom hul bestaan draai.

Die belangrikste wyses volgens Louw, et al. (1998:354-362) waarop die gesin die kind se ontwikkeling kan beïnvloed is:

- Die determinate van ouerskap: Dit wil ook voorkom dat ouers met sielkundige probleme geneig is om ook kinders met sielkundige probleme te hê (Louw, et al., 1998:355). Soms is nie slegs ouers verantwoordelik vir 'n ouer-kind-verhouding wat skeefgeloop het nie, kinders kan ook eienskappe openbaar wat dit bemoeilik om hulle groot te maak, soos byvoorbeeld 'n moeilike temperament. Die ouer en kind kan nie as losstaande entiteite funksioneer nie, maar het 'n wedersydse invloed op mekaar en op die gesin as geheel (Louw, et al., 1998:355).
- Die ouer se ouerskapstyl: Ouerskapstyle kan volgens Louw, et al. (1998:356) gedefinieer word as *“die wyse waarop ouers hulle kinders grootmaak”* en die bekendste ouerskapstyle is die outoritêre, die gesaghebbende, die permissiewe en die onbetrokke ouerskapstyle. Die navorser is vanuit eie ervaring van mening dat talle kinderhuiskinders uit gesinne afkomstig is waar ouers se ouerskapstyle wissel tussen outoritêr, permissief en die onbetrokke ouerskapstyl. Veral die laasgenoemde ouerskapstyl is kenmerkend van ouers wie se kinders in die kinderhuis woonagtig is. Hierdie ouers begin minder inskakel by rekonstruksie-dienslewering om hul huislike omstandighede te verbeter sodat die kind terug geplaas kan word in hul sorg. Hulle maak ook minder kontak met die kind na verwydering en maak leë beloftes oor besoeke en uitstappies wat nooit realiseer nie (Vergelyk Harris, 2002).



- Gesinsamestelling: Louw, et al. (1998:357) is van mening dat die aantal kinders in 'n gesin en die ordinale posisie van 'n kind 'n aantal implikasies vir sy sosiale- en persoonlikheidsontwikkeling het.

#### 2.2.4.2 Die invloed van die skool

Wanneer kinders vir die eerste keer die skoolmilieu betree, word groot aanpassings van hulle vereis. Louw, et al. (1998:363) beskryf dat die omgewing verskil van die huis, maar ook dat die onderwyser nou 'n nuwe gesagsfiguur word. Dit is vir die navorser vanselfspekend dat die kinderhuiskind groter aanpassingsprobleme gaan ervaar met sy plasing in die kinderhuis, aangesien die huislike omstandighede, asook die skolastiese omstandighede drasties verander na die plasing in die kinderhuis. Hier is nou vir die nuwe kinderhuiskind oral nuwe gesagsfigure (soos huisouers op die terrein) maar ook 'n nuwe onderwyser by 'n nuwe skool.

#### 2.2.4.3 Die portuurgroep se invloed

Tydens die middelkinderjare is kinders meer geneig om met ander kinders van dieselfde geslag en ouderdom in interaksie te wees. Louw, et al. (1998:368) beskryf 'n portuurgroep as:

'n Relatief stabiele versameling van twee of meer kinders wat met mekaar in interaksie verkeer, norme en doelstellings deel, en wat 'n sosiale struktuur van leier en volgelinge ontwikkel het, wat sorg dat die groep se doelwitte bereik word.

Die navorser is van mening dat dit vir die kinderhuiskind 'n groot aanpassing is om met plasing in die kinderhuis ook deel te vorm van 'n nuwe portuurgroep wat hom moontlik kan aanvaar of nie. Piper (2001:44) noem dat dit moeilik is vir die pleegkind, wat al talle kere van gesinne verwissel het, om goeie vriende te maak. Dit is baie traumaties vir die kind om met elke skuif 'n vriendskapsband te verbreek. *“Foster children can experience problems with the development of friendships especially if they experience many foster home placements”* (Piper, 2001:45). In die kinderhuis vind die navorser ook dat dit vir die kinders wat talle kere van huis verander het, moeilik is om vriendskapsbande te behou.

Piper (2001:43) noem dat dit moeilik is vir pleegkinders om nuwe vriende te maak en dat hulle baie onveilig voel in verhoudings. Die portuurgroep stigmatiseer die pleegkind vanweë sy agtergrond en dit lei tot die gevoel dat hy 'n uitgeworpene is. Ook die kinderhuiskind voel geëtiketeer in die skole tussen sy portuurgroep. Die

navorser voer aan dat dit mag lei dat die kinderhuiskind slegs by die skole meng met ander kinderhuiskinders, wat later weer die gevolg mag hê dat hy van sy portuurgroep in die skool afgesny word. Vervolgens noem Piper (2001:45): *“Foster children who are aggressive, withdrawn or stigmatized often experience being outcasts with their peers”*.

#### 2.2.4.4 Morele ontwikkeling

Morele ontwikkeling verwys na die proses waardeur kinders die beginsels aanleer wat hulle in staat stel om (in ‘n bepaalde samelewing) gedrag as ‘reg’ of ‘verkeerd’ te beoordeel en om hul eie gedrag hiervolgens te rig. Daar bestaan verskillende teorieë oor morele ontwikkeling wat elk verskillende aspekte van die ontwikkelingsproses beklemtoon (Louw, et al., 1998:376). Berk (2000:480-481) omskryf morele ontwikkeling as die teenstrydigheid tussen die individu se eie egoïstiese behoeftes en die behoeftes van ander. Die belangrikste aspek van morele ontwikkeling van die kind is internalisering. Die kind se moraliteit word ekstern deur sy ouers aan hom geleer en gekontroleer; later moet die kind self hierdie morele reëls toepas, internaliseer en self verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Dit is duidelik vir die navorser dat die vermoë om tussen reg en verkeerd te kan onderskei, een van die belangrikste take is wat in die middelkinderjare bemeester word.

Daar bestaan die volgende teorieë oor morele ontwikkeling:

- Die psigoanalitiese teorie: Louw, et al. (1998:376) is van mening morele ontwikkeling die vorming van ‘n gewete of superego is, en dit is gebaseer op die identifikasiebegrip soos dit in die persoonlikheids-teorie van Freud beskryf word. Wanneer morele oortredings begaan word ontstaan skuldgevoelens, skaamte of ‘n verlies van selfagting by die kind. Louw, et al. (1998:377) vervolg deur te noem dat die ontwikkeling van hierdie vroeë morele gevoelens grootliks onbewustelik plaasvind.
- Die sosiale leerteorie: Die sosiale leerteorie is deur Albert Bandura ontwikkel en gaan vanuit die veronderstelling dat sosiale gedrag soos enige ander gedrag aangeleer kan word. Waardes en norme kan volgens direkte onderrig aangeleer word, maar ook deur modellering of observasieleer (Louw, et al., 1998:377).
- Kognitiewe ontwikkelings-perspektief: Volgens die kognitiewe ontwikkelings-perspektief is individuele morele ontwikkeling gebaseer op die persoon se

kognisie of begrip van die situasie. Volgens Piaget (1932) is beweer dat morele ontwikkeling van kinders in 'n bepaalde volgorde plaasvind en lê verbande tussen morele en kognitiewe ontwikkeling. Die kinders in die middelkinderjare is van mening dat die erns van die oortreding gegrond is op die objektiewe gevolge daarvan en neem ook geen versagtende omstandighede by die oortreding van 'n reël in ag nie. Die kind in die middelkinderjare toon morele absolutisme en ook 'n geloof in immanente geregtigheid (Louw, et al., 1998:379). Teen tien jaar bereik die kind die fase van outonome moraliteit of morele relativisme. Die kind dink nou minder egosentries en toon groter morele buigsaamheid. Kinders in die fase is instaat om voorstelle vir strafmaatreëls te maak en glo nie meer aan immanente geregtigheid nie (Louw, et al., 1998:379). Volgens Piaget speel kognitiewe ryping, sowel as sosiale ervaring 'n rol in die oorgang van heteronome na outonome moraliteit (Louw, et al., 1998:379-380).

Wadsworth (1989:113) verduidelik dat Piaget die stadium van morele ontwikkeling in die middelkinderjare die stadium van morele realisme noem. Reëls word aanvaar as 'n gegewe wat onaantasbaar en verhewe is. So-ook is Kohlberg (in Louw, et al., 1998:380-381) deur Piaget se werk geïnspireer en het hy 'n aantal aspekte in gemeen gehad met Piaget. Kohlberg was egter van mening dat die kind in die middelkinderjare nog ver verwyderd was van volkome morele rypwording. Hy beweer dat morele redenering progressief meer kompleks raak tydens adolessensie en vroeë volwassenheid.

Volgens Berk (2000:492–494) word Kohlberg se fases van morele ontwikkeling elk in verskillende stadia verdeel, naamlik:

**Tabel 2: Kohlberg se fases van morele ontwikkeling**

Vlak1: Prekonvensionele vlak	Stadium 1: Straf en gehoorsaamheidsoriëntasie	Stadium 2: Naiwe hedonistiese en instrumentele oriëntasie
Vlak 2: Konvensionele vlak	Stadium 3: Goeie seun / meisie oriëntasie	Stadium 4: 'Wet en orde' oriëntasie
Vlak 3: Postkonvensionele vlak	Stadium 5: Sosiale ooreenkomsoriëntasie	Stadium 6: Oriëntasie volgens universeel-etiese beginsels

Die middelkinderjarige kind is in die prekonvensionele vlak volgens Kohlberg se fases. Berk (2000:510) lys die volgende morele mylpale wat die kind in die middelkinderjare bereik:

- Die internalisering van sosiale norme gaan voort.
- Prekonvensionele reaksies tot Kohlberg se hipotetiese morele dilemmas kom algemeen voor. Die kind fokus op beloning, straf en mag van gesagsfigure.
- Onderskeidings tussen morele noodsaaklikhede, sosiale gewoontes en sake van persoonlike keuse brei uit na onbekende ervarings.
- Verdeelde regverdigheid en redenering sluit meriete en uiteindelik welwillendheid in. Die grondslag van regverdigheid word gewysig om by die situasie aan te pas.
- Pro-sosiale, morele redenering reflekteer besorgdheid ten opsigte van ander se behoeftes en goedkeuring.
- Die ontwikkeling van selfbeheerstrategieë brei uit en bewustheid van effektiewe selfbeheerstrategieë verbeter.

### 2.3 Selfblaam

Kleinke (1998:220) omskryf selfblaam as die blamering van jouself of die soeke vir ander bronne van blaam vir jou siekte(s) of probleme. Vervolgens verduidelik Kleinke (1998:243) dat die fokus op selfblaam so sterk word dat baie min energie dan oor is om konstruktief tot aksie oor te gaan om sodoende die probleem op te los. Oaklander (1988:277) verduidelik dat 'n kind wat homself blameer en dus skuldig voel, baie onseker en deurmekaar voel. Die kind weet nie wat van hom verwag word nie, maar weet net dat die woede binne sy hart weggebêre moet word. Nou probeer die kind so hard om ander te beïndruk dat sy grense saamsmelt met ander s'n. Gevolglik verloor die kind homself. Vir die navorser is selfblaam geïnternaliseerde self-destruktiewe denke wat die kind op die langtermyn benadeel. Geldard en Geldard (1997:75) noem dat kinders soms die verkeerde idees of denke absorbeer uit hul omgewing, wat tot emosionele probleme kan lei. *“If a child holds on to inappropriate beliefs she may become disempowered, anxious, compliant and neurotic, and also have difficulty with interpersonal relationships”* (Geldard & Geldard, 1997: 75).

'n Voorbeeld van sulke self-destruktiewe denke is die seksuele misbruik akkomoderingssindroom. Hierdie sindroom kom voor by kinders wat oor 'n lang tydperk aan seksuele misbruik blootgestel word, veral waar die oortreder aan die

kind bekend is en saam met die kind woonagtig is, soos in die geval van bloedskanie (Carstens & Fouchè, 2004: 4). Carstens en Fouchè (2004: 4) noem verder dat die sindroom in vyf kategorieë verdeel kan word: geheimhouding, hulpeloosheid, akkomodasie, 'n onthulling wat nie oortuigend is nie en wat later weer teruggetrek word. Harris (2002) is van mening dat waar die kind deur 'n familielid, soos 'n ouer, gemolesteer word, het dit 'n impak op die dinamika in die gesin. Indien die ander ouer nie die kind glo of ondersteun nie, ervaar die kind intense verwerping en selfblaaam. Carstens en Fouchè (2004:4) ondersteun die stelling en noem: *“Such abandonment by the very adult most crucial to the child’s protection and recovery drives the child deeper into self-blame, self-hate, alienation and revictimization”*.

Kleinke (1998:12) sê dat selfblaaam 'n persoon minder gelukkig, minder aangepas en meer depressief maak. Die teenoorgestelde van selfblaaam is volgens hom self-verantwoordelikheid. Self-verantwoordelikheid is om nie jouself te blameer vir negatiewe of ongelukkige gebeure in jou lewe nie. *“Self-responsibility means developing our sense of mastery and internal control and making the effort to learn and practice coping skills”* (Kleinke, 1998:12). Om self-verantwoordelik te wees vra van die kind om eerlik te bepaal wanneer hy verantwoordelik is vir die oorsake en oplossings van sy probleme.

Vervolgens gee Geldard en Geldard (1997:77) die volgende riglyne om self-destruktiwede denke (soos selfblaaam) te verander:

- Reflekteer aan die kind wat hy glo.
- Help die kind om sy denkwysse te toets deur te identifiseer waar die denkwysse vandaan kom.
- Eksploreer die logika in die kind se denkproses.
- Help die kind om alternatiewe vir sy denke te ondersoek.
- Verhoog die kind se bewustheid.
- Help die kind om die onderskeid te tref tussen wie vir watter gedrag verantwoordelik is – hy of ander.
- Bemagtig die kind sodat wanaangepaste denke vervang kan word deur meer aanvaarbare denke.

Skuldgevoelens word omskryf deur Oaklander (1988:276-277) as gereflekteerde woede en verwyte. Dis woede wat inwaarts na jouself gekeer word, maar nie na die teiken van die woede nie. Verwyte gaan saam met die skuldgevoelens indien die

kind nie die geleentheid het om sy woede te verbaliseer nie. Omdat die kind verward is, neem hy dadelik die skuld op homself en ontwikkel die kind 'n negatiewe beeld van homself. *“So anger, guilt, resentment, and self-blame become diffused and mixed up with the child's self-image”* (Oaklander, 1988: 277). Roberts (1990:34) sluit by voorgenoemde aan en beweer dat kinders dikwels psigosomatiese verstourings ontwikkel wanneer hulle in alternatiewe sorg geplaas word. Laasgenoemde vind plaas omdat hulle nog nie meganismes ontwikkel het om die trauma te hanteer nie en omdat hulle nog nie geleer het om hul gevoelens in woorde uit te druk nie. As die kind dan nie die geleentheid kry om sy gevoelens te verwerk nie kan hy gevoelens van skuld, blamering, vyandigheid, ontkenning en vrees ontwikkel. Dit word 'n muur tussen hom en andere wat 'n gevoel van veiligheid wil gee, veral wanneer hy weg van die huis af is.

Oaklander (1988:297) is van mening dat skuldgevoelens en selfblaam die kind regdeur sy lewe volg tot en met volwassenheid. Sy maak die stelling dat baie volwassenes waarmee sy werk, skuldgevoelens het wat die oorsprong het in hul kinderjare. Die skuldgevoelens en selfblaam affekteer alle areas van hul lewens en veroorsaak baie hartseer. *“Childhood feelings and messages can stay with us a long time, and can even affect us for life”* (Oaklander, 1988: 297).

Ryan en Walker (1993:21) verduidelik dat kinders wat verskeie kere verwyder is, begin later hulself blameer en glo dus dat hulle sleg is. Hulle dink ook soms dat hulle hul ouers se 'slegte gene' geërf het of glo dat hulle die oorsaak is van hul ouers se 'slegtigheid'.

Kleinke (1998:260) beweer dat selfblaam 'n algemene menslike verskynsel is. Indien die kind homself blameer verskil die kind nie van ander mense nie. Somtyds kan selfblaam positief gebruik word indien dit die kind motiveer om verantwoordelikheid vir sy aksies te neem. Hierdie self-verantwoordelikheid kan die kind versterk en laat voel dat hy 'n waardevolle persoon is. Maar selfblaam is meestal destruktief omdat dit die kind se karakter kan ondermyn. Dit is dus belangrik om die verskil te herken tussen die erkenning van 'n fout of om jou eie waarde as persoon te onderskat.

Geldard en Geldard (1997:50) verduidelik dat die kind soms self-destruktiewe denke het oor homself. Hulle noem vervolgens dat: *“If appropriate counselling skills are used, then the child will be able to discard self-destructive beliefs and to replace them with more adaptive beliefs”*. Ryan en Walker (1993:5) verduidelik dat kinders

wat verwyder is van hul gesinne van herkoms, se verlede vir hulle verlore of vergete is. Hulle verloor die verloop van hul verlede en vind dit moeilik om emosioneel en sosiaal te ontwikkel. Die volwassenes in die kind se lewe kan nie of wil nie sy verlede met hom bespreek nie. Nou begin die kind dink dat sy verlede sleg is.

Oaklander (1988:277) beskryf die behoeftes van die kind wat homself blameer soos volg:

- Help die kind om te ontdek wat sy behoeftes is en wat hy wil hê.
- Die kind moet gelei word om homself te ontdek.
- Leer die kind om sy behoeftes, opinies en gedagtes te verbaliseer.
- Help die kind om goeie besluite te kan neem en verantwoordelikheid daarvoor te kan neem.
- Die kind moet leer om sy woede, verwyte en vereistes uit te druk. Indien die kind dit direk kan kommunikeer, hoe minder sal skuld hom verswak en immobiliseer.

Ryan en Walker (1993:6) is van mening dat omtrent alle kinders wat van hul gesin of ouers verwyder is, glo dat hulle waardeloos is en dat niemand lief is vir hulle nie. Hulle stel dit soos volg: *“They blame themselves for the actions of adults. If they have been abandoned, neglected or injured by their parents or wider family they are convinced that they brought it upon themselves”*.

#### **2.4 Die kind in die kinderhuis**

Roux (1998:53) konstateer dat die kinderhuis een van die eerste tipes van kindersorg in Suid-Afrika was. Hierdie kindersorgdiens is van 'n plaasvervangende aard vir die gesin van die kind. Die kinderhuis kan egter nooit 100% die gesin vervang nie, aangesien 'n huisgesin wat sosiaal doeltreffend funksioneer die ideale omstandighede is vir 'n kind om in groot te word. Roux (1998:53) vervolg deur te noem dat kinderhuisplasings slegs vir die volgende kinders oorweeg word:

- Kinders wat geen ander plasingsmoontlikhede het nie.
- Twee of meer kinders vir wie daar nie geskikte pleegouers gevind kan word nie en waar die kinders bymekaar gehou word.
- Die kind met besondere probleme, byvoorbeeld fisiese of psigiese gestremdheid.
- Die kind wat in eie of pleegouergesin probleme openbaar ten opsigte van aanpassings- en verhoudingsprobleme.
- Die kind met min selfvertroue wat in 'n groep beter sal funksioneer en erkenning sal kry.

Na aanleiding van die mening van Toerien (2001:26) word daar insig verkry ten opsigte van die ontwikkeling van die kinderhuiskind. Sy noem dat die kind 'n gebrek aan sekere behoeftes ervaar vanweë die aard van die omstandighede waarin hy grootgeword het. *“Om die kinderhuiskind werklik te verstaan, moet aandag geskenk word aan die kind se belewing van sy/haar verwydering, asook aan die rol van die gebrek aan behoeftebevrediging”* (Toerien, 2001: 26).

#### 2.4.1 Faktore wat bydra tot die verwydering van 'n kind

Bosman-Swanepoel en Wessels (1995:39-40) is van mening dat die kind vanuit sy ouers se sorg verwyder word wanneer die ouers op grond van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) Artikel 14(4) onbevoeg bevind word om hul kinders te versorg. Toerien (2001:27) gaan van die standpunt uit dat dit nadelig is vir die kind indien die gedrag van die ouers van so 'n aard is, soos beskryf in Artikel 14(4) van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983). Hier is dit duidelik dat die ouer die kind ontnem van aspekte wat belangrik is vir sy normale ontwikkeling. Paul (1993:28) sluit hierby aan deur te noem dat kinders wat in 'n kinderhuis geplaas word, op grond van een of ander rede uit die sorg waarin hul verkeer, verwyder word. Hierdie verwydering hou nie slegs wetlike implikasies in nie, maar kan ook tot emosionele trauma lei. Alhoewel daar gepoog word om deur die wet die kind te beskerm, vind emosionele, geestelike en moontlike fisiese skade steeds plaas as gevolg van die verwydering. Die kind ervaar nie altyd die omstandighede waaruit hy verwyder word as negatief nie, beweer Van der Lith (1999:23). Die kind besef en weet nie dat die omstandighede waarin hy verkeer 'n negatiewe invloed op hom het nie. Die kind aanvaar dus die omstandighede gelate, omdat hy nie van beter weet nie.

Van der Merwe (2002:18) spreek haarself uit deur te noem dat indien ouers nie instaat is om voldoende in die kind se fisiese, emosionele of psigiese behoeftes te voorsien nie, of toelaat dat hy fisies of emosioneel mishandel word, die kinderhuis vir hom 'n tydelike plek van beskerming bied. Tydens die kind se verblyf in die kinderhuis, kry ouers die geleentheid om hulle omstandighede te verbeter, sodat die kind in hulle sorg teruggeplaas kan word. Soms gebeur dit dat die ouers se omstandighede verbeter en dat hulle in staat is om die kind terug te ontvang, maar dat die kind (na terapeutiese insette) steeds nie gereed is om terug te gaan nie en verkies om in die kinderhuis aan te bly. Die navorser betwyfel Van der Merwe se stelling, aangesien daar na haar mening min in die praktyksituasie ouers aangetref word wie se huislike omstandighede wêl verbeter, terwyl die kinders in die kinderhuis aanbly. 'n Algemene verskynsel is dat dit dikwels die kind se hartsbegeerte is om



terug te gaan na sy ouers toe, ongeag die redes van sy verwydering, maar dat die ouers dikwels ontoesiasies is om hul samewerking te bied. Baie ouers gaan (volgens die navorser) na die kind se verwydering 'n gemaksonne binne waar hulle die versorging en opvoeding van hul kind op die kinderhuis se skouers afskuif. Hierdie ouers wend later geen daadwerklike pogings aan om by rekonstruksiedienste in te skakel nie, en sodoende verander hul huislike omstandighede nie. Terwyl die redes vir die verwydering steeds bestaan kan die kind dus nie in ouerlike sorg teruggeplaas word nie. Die navorser ervaar dat die kind hierdie feite moeilik verstaan en selfs verskonings sal uitdink vir hul ouers se gebrek aan belangstelling. Gevolglik voel die kind verantwoordelik vir die hoeveelheid kontak tussen hom en sy ouers; dit verhoog dan die kind se gevoelens van selfblaaam oor sy situasie (Vergelyk Harris, 2002).

Roux (1998:54) is ook van mening dat deur middel van rekonstruksiedienste aan die ouers moet die ouers gemotiveer word en op hul verantwoordelikhede gewys word om die versorging of opvoeding vir hul kinders te aanvaar. Die verwydering van die kinders is dus nie die oplossing van 'n probleemsituasie nie, maar slegs die begin van 'n uitgebreide, intensiewe behandelingsprogram. Sommige ouers sien ongelukkig die verwydering as 'n oplossing.

#### 2.4.2 Die agtergrond van die kinderhuiskind

Van der Lith (1999:26) verduidelik dat die agtergrond van die kinderhuiskind kompleks is en spreek van trauma. Hierdie negatiewe omstandighede moet 'n invloed op die kind en op sy ontwikkeling hê. Daar kan dus aanvaar word dat die kinderhuiskind se normale proses van groei en verandering onderbreek is as gevolg van ongewenste omstandighede waaraan hy oor 'n tydperk blootgestel is. Paul (1993:32) sluit hierby aan deur te noem dat kinders wat in die kinderhuis opgeneem is, negatiewe ervarings met hul betrokke sisteme het. Dit het 'n direkte invloed op hul funksionering.

Kinders ervaar probleme in hul lewens wanneer daar een of ander versperring is wat verhinder dat hulle toereikend funksioneer. Schoeman (1995:37) omskryf 'n kind met 'n probleem as die kind wat nie ooreenkomstig sy ontwikkelingspeil, sedelik-normatiewe, affeksionele en kognitiewe moontlikhede reageer en optree nie, en is opvallend anders. Hierdie kind staan dus uit weens sy unieke hanteringswyses. Dit wys, volgens Van der Lith (1999:26), op 'n ongunstige toestand wat dikwels met maatskaplike disfunksie en nood gepaard gaan en wat die kind en die gemeenskap waarin hy is, tot nadeel strek.

Schoeman (1994:3) huldig die mening vanuit 'n gestaltbenadering dat daar by die kind wat probleme het, twee basiese disfunksies teenwoordig kan wees, naamlik dat die kind eerstens die verkeerde persepsie van homself het en dus nie met die self kontak maak nie. Tweedens kan die kind ook nie kontak maak met ander en die omgewing nie. Van der Lith (1999:27-29) beweer dat wangedrag en afwykende gedrag by kinders as 'n hulproep en noodkreet gesien moet word. Sy gaan voort deur daarop te wys dat die kind se opvattinge soms in stryd is met die opvattinge wat in die kinderhuis gehandhaaf word. Dit kan verskeie probleme vir die kind skep en kan lei tot aggressie.

#### 2.4.3 Die effek van verwydering en die invloed daarvan op die kind se gedrag

Die invloed wat die skok van verwydering uit die ouerhuis op die kind het, moet nooit gering geskat word nie, veral as die kind dadelik met totaal nuwe omgewing, soos die kinderhuis, vertrouwd moet raak. Van der Lith (1999:19) noem dat die gesin steeds die primêre verwysingsraamwerk is vir elke mens. Die mees ooglopende kenmerk wat die kinderhuiskind van ander kinders onderskei is dus die feit dat hy nie in sy ouerhuis woon nie.

Stewart (1985:4) se navorsing toon aan dat die stadium van ontwikkeling waarin die kind hom tydens verwydering bevind, 'n beduidende invloed op sy toekomstige aanpassing en persoonlikheidsontwikkeling het. In die middelkinderjare het dit veral 'n invloed op die ontwikkeling van die kind se selfbeeld. Els (1986:64) is ook van mening dat hierdie kind baie minder blootgestel is aan individuele aandag en versorging. Vir die kinderhuiskind verminder dit die ervaring van sekuriteit, liefde en geleenthede vir groei en ontwikkeling.

Die volgende aspekte word volgens Kroon (1993:70) ook geaffekteer deur die kind se verwydering:

- Die mate van binding wat daar tussen die kind en sy ouers bestaan.
- Die kind se persepsies en redes vir verwydering.
- Die omstandighede van die verwydering self.
- Die omgewing waaruit die kind verwyder is.
- Die kind se egosterkte en duur van die verwydering.

Van der Lith (1999:20) is van mening dat die verwydering van 'n kind uit sy ouerhuis en die invloed daarvan op sy funksionering nooit gering geskat mag word nie. Die

inrigtingspersoneel moet so ingestel wees dat die inskakeling van die kind by die inrigtingsroetine en standarde so min moontlik traumaties beleef word.

Roberts (1990:36) het in 'n studie bevind dat kinders die volgende reaksies toon tydens verwydering: 'n neiging om te blameer, alle volwassenes word as vyande beskou en rebelse gedrag word getoon. Rakende hul gevoelens, word beweer dat die kinders se gevoelens wissel van verligting, vrees vir die onbekende en toekoms, ongelukkigheid en hartseer omdat hulle voel dat hulle ouers nie lief is vir hulle nie, tot gevoelens van eensaamheid en magteloosheid. Die kinders voel dat niemand hulle wil hê nie en staan negatief teenoor hulself. Vervolgens noem Roberts (1990:35) gedrag soos weiering om foute te erken, 'n gebrek aan vertroue, rebelse gedrag, impulsiwiteit, aggressie en aanranding van ander, asook onvriendelikheid kan voorkom nadat 'n kind vanuit sy ouerhuis verwyder is. Aan die ander kant kan die kind ook terugtrek, belangstelling verloor, hiperaktief of selfdestruktief wees. Ernstige probleme ontwikkel dikwels in die skool, wat weer lei tot gevoelens van mislukking.

Toerien (2001:29) verduidelik dat dit belangrik is om aandag te skenk aan die redes waarom die kind dink hy in die kinderhuis is, al is dit reeds deur die rekonstruksiewerker met hom deurgewerk. Nadat die kind ingelig is oor waarom hy verwyder is, moet die kind die geleentheid gebied word om deur die rouproses te werk, ten einde sy verwydering te aanvaar. Hier moet volgens die navorser veral gelet word op wat die kind as sy aandeel tot die verwydering ervaar, om onnodige selfblaam te verminder.

Kroon (1993:72–74) identifiseer die volgende fases as 'n 'rouproses' waardeur die kinderhuiskind gaan:

- Fase 1: Ontkenning  
Hier ervaar die kind al die gebeure rondom sy verwydering as 'n onwerklikheid of 'n groot fout. Die kind dink gewoonlik dat die skeiding slegs tydelik is en stel homself so gerus.
- Fase 2: Woede  
Tydens hierdie fase kom die kind in opstand. In hierdie woede-fase wil die kind ander seermaak soos hy seergemaak word. Hier kom die kind ook in opstand teen reëls en gesag.
- Fase 3: Skuldgevoelens

Die kind ervaar skuldgevoelens omdat hy die verwydering uit die ouerhuis as sy fout sien. 'As ek tog net nie so stout was nie.' Kinders glo dat hulle self die oorsaak van hul verwydering is.

- Fase 4: Onderhandeling

Tydens hierdie fase begin die kind te onderhandel in 'n poging om op so 'n wyse weer na sy ouerhuis terug te keer. Die gedagte heers hier dat indien ek gehoorsaam is, sal ek uit die kinderhuis mag gaan.

- Fase 5: Gevoel van verwerping

Wanneer die vorige fases onsuksesvol was, ervaar die kind gevoelens van verwerping. Die kind dink dat niemand vir hom omgee nie. Dit gee aanleiding tot onverskilligheid en 'n traak-my-nie-agtige houding.

- Fase 6: Aanvaarding

Laastens bereik die kind gevoelens van aanvaarding indien hy deur al die voorgenoemde fases beweeg het.

Toerien (2001:30) stel dit dat die kind tydens terapie deur die rouproses moet werk ten einde suksesvol in sy nuwe omgewing (naamlik die kinderhuis) aan te pas. Die navorser kan hierby aansluit en kan voorstel dat die lewensboek as hulpmiddel vir hierdie 'rouproses' gebruik kan word.

#### 2.4.4 Behoeftes van die wetsbestede kind in die kinderhuis

Die behoeftes van die kinderhuiskind verskil van die kind wat in 'n normale ouerhuis grootword, noem Paul (1993:36). Die verlede van die kind wat in die kinderhuis opgeneem word, is kompleks en uniek en daarom is elke kind se behoeftes ook uniek.

Volgens Pringle (1986:34) moet die volgende behoeftes van die kinderhuiskind aandag verkry om sodoende sy aanpassing in die kinderhuis te vergemaklik:

- Die behoefte aan liefde en sekuriteit.

Wanneer daar nie aan hierdie behoefte voldoen kan word nie, is daar sprake van emosionele deprivasie wat tot uiting kom in gebrek aan vordering, weiering tot samewerking en luiheid. Weens verwerping en liefdeloosheid tree gevoelens soos woede, haat en onsensitieweit vir ander in. Die kind gee ook uiting hieraan deur middel van vandalisme en geweld (Pringle, 1986:82).

Fouchè en Nieuwoudt (1991:169) dui aan dat die betrokkenheid van eie ouers grootliks fasiliterend inwerk op die kind se aanvaarding van sy lewens-situasie en sy aanpassing en ontwikkeling in die kinderhuis verband. Hulle is van mening dat die kinderhuis in spesiale behoeftes kan voorsien deur die kinders te laat voel dat hulle 'n spesiale plek het in hul huiseenhede waar hulle ingedeel is. Dit is ook belangrik dat die huisouers 'n spesiale poging aanwend om die kind te laat voel hy word waardeer en om te voel hy behoort daar (Fouchè & Nieuwoudt, 1991:173). Roux (1998:48) stel dit dat die kind in die inrigting die nodige liefde en aanvaaring moet kry om tot 'n emosioneel gebalanseerde volwassene te ontwikkel. Indien hierdie behoefte nie bevredig word nie, kan baie probleme by die kind ontwikkel.

- Die behoefte aan nuwe ervaringe.

Pringle (1986:53) noem dat elke lewensfase sekere take het wat bemeester moet word. Wanneer daar geen geleentheid is vir leer nie, kan geen groei plaasvind nie. Die reaksie van hierdie groeitake hang nie net af van die kind se aangebore vermoëns nie, maar ook van omgewingsgeleentheid en aanmoediging. Van der Berg (1993:28) sluit hierby aan en verduidelik dat die gesin van die kinderhuiskind slegs op basiese behoeftebevrediging ingestel is en dat die armoedige lewensomstandighede 'n gevoel van lewensfutiliteit skep waaruit hulle nie kan ontsnap nie. Die kind wat uit die sorg van sy ouers verwyder word, kom meestal uit 'n omgewing waar die ouers geïsoleerd leef en waar die kind min geleentheid het om nuwe vaardighede te beleef (Kroon, 1993:60). Toerien (2001:31) is van mening dat die kinderhuis geleentheid vir die beleving van nuwe vaardighede aan die kind behoort te bied deur middel van opvoedkundige uitstappies, sowel as die aanmoediging om ontwikkelingstake te bemeester. Die navorser voel ook dat die aanleer van lewensvaardighede die kinderhuiskind kan help om hierdie agterstand in te haal.

- Die behoefte aan verantwoordelikheid.

Die kind wat nie die geleentheid gebied word om verantwoordelikheid te aanvaar nie, ontbreek die vermoë om 'n gevoel van verantwoordelikheid ten opsigte van homself, ander en materiële aspekte te ontwikkel. Dit gaan hand aan hand met die gebrek aan selfbeheer en vooruitbeplanning. So 'n kind sal neig om impulsief op te tree, nie bereid wees om die bevrediging van behoeftes uit te stel nie, en oneerbiedig optree ten opsigte van die regte van ander (Pringle, 1986:103).

Kroon (1993:61) sluit hierby aan en verduidelik dat die kind in die kindershuis nooit by sy ouers geleer het om verantwoordelike besluite te neem nie. Die kind toon die behoefte aan die aanvaarding van verantwoordelikheid, maar het nie die vaardighede vir die uitoefening daarvan nie. Daarom is dit vir die kind in die kindershuis moeilik om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy daad indien hy oortree het. Hierdie kinders maak dus gebruik van 'n eksterne lokus van kontrole. Die kindershuis moet volgens Toerien (2001:32) aan die kind die geleentheid bied om binne perke besluite te kan neem en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

- Die behoefte aan erkenning en om van waarde te wees.

Steenberg (1995:44) beskryf dat die kindershuiskind, wat gelei het onder soveel deprivasie en verwaarloosing, baie min of selfs geen lof ontvang het deur sy lewe. 'n Gebrek aan lof en erkenning lei tot 'n faal-identiteit, apatie en swak prestasie. Dit verhoog die kind se gevoel van hulpeloosheid en ook die verwagting van mislukking. Aanhoudende mislukking lei tot 'n swak selfkonsep en lae motivering wat 'n bose kringloop veroorsaak.

Die kind moet die nodige erkenning kry en moet ervaar dat hy van waarde vir die inrigting asook 'n bate vir die inrigting is. Dit is belangrik dat deur middel van individualisering die kind se goeie hoedanighede beklemtoon word (Roux, 1998:49). Pringle (1986:97) glo dat 'n gebrek aan ondersteuning en die liefdevolle belangstelling van die gesin uiteindelik daartoe lei dat die kind nie sy volle potensiaal bereik nie. Toerien (2001:33) sluit hierby aan en noem dat kindershuispersoneel kennis van hierdie behoefte behoort te dra ten einde die kind op toepaslike geleenthede te prys en aan te moedig.

- Die behoefte om iers te behoort en iets te besit.

Elke kind wil graag identifiseer met 'n tuiste, 'n plek waar hy geborge voel. Die kindershuis behoort 'n veilige sosialiseringinstelling vir die groei en ontwikkeling van die kind te wees, waar klem op totale aanvaarding gelê word (Porter, 1983:80). Aansluitend hierby noem Toerien (2001:33) dat die kindershuis in sy wooneenhede 'n huislike atmosfeer waar die kind geborge voel, moet skep. Daar behoort ook aan elke kind sy eie persoonlike besittings verskaf word, soos klere en speelgoed. Roux (1998:49) sluit hierby aan en sê dat die kind moet voel dat hy absoluut deel is van die inrigting en moet ook die geleentheid gebied word om

oor persoonlike besittings te beskik. Die kind is ook geregtig op 'n plek van sy eie waar besittings gebêre kan word.

- Die reg op agtergrond en die behoefte aan individualiteit en identiteit.  
Porter (1983:92) is van mening dat groepsverband en ook die gebrek aan kontinue verhoudings tot gevolg het dat die kind in die kindershuis nie genoegsaam geïndividualiseer word nie. In identiteitsvorming is dit belangrik om oor kennis betreffende jou agtergrond en spesifiek jou ouers te beskik.

Kroon (1993:63) ondersteun hierdie stelling en noem dat die kind 'n sterk behoefte toon in terapie om te kan praat oor wat gebeur het. Dit sal aan die kind gevoelsontlading en insigontwikkeling verskaf.

Gesien in die lig van die trauma waaraan die wetsbestede kind blootgestel is, maak Paul (1993:23) die aanname dat die kind sy behoeftes intenser ervaar en dat hulle diepliggend en moontlik onbevredig is. Hierdie aspek sluit ook vir die navorser nou aan by die hierargie van behoeftes deur Maslow, soos aangehaal deur Geldard en Geldard (1997:24). Hierdie hierargie was nie oorspronklik ontwikkel vir kinders nie, maar is aangepas om betrekking te hê op kinders. Maslow se hierargie kan soos volg uiteengesit word:

- Vlak 1: Fisiologiese behoeftes.  
Fisiologiese behoeftes sluit in die behoefte aan kos, water, rus en warmte.  
Fouchè en Nieuwoudt (1991:167) is van mening dat kindershuis grootliks aan die kindershuiskind se fisiologiese behoeftes (soos byvoorbeeld gereelde maaltye) voldoen. Nou kan die kind homself rig tot die bevrediging van hoër-orde behoeftes.
- Vlak 2: Behoefte aan sekuriteit en veiligheid.  
Van der Lith (1999:22) beweer dat hierdie behoefte aan sekuriteit, beskerming en vryheid van vrees en angs gesien kan word as die veiligheidsbehoefte wat in die hoër-orde kategorie val. Fouchè en Nieuwoudt (1991:167) noem dat kindershuiskinders gefrustreerd raak met personeelwisseling en die onduidelike kindershuisstruktuur wat hieruit voortvloei. Daar word dus nie volkome in die kindershuisopset aan die kind se veiligheidsbehoefte voldoen nie en daarom kan hoër-orde behoeftes nie bereik word nie. Roux (1998:48) sluit hierby aan en verduidelik dat die kindershuis vir die kind die nodige sekuriteit, ondersteuning en

versorging moet bied. Die kind moet in die kindershuis die nodige beskerming ervaar.

- Vlak 3: Die behoefte aan liefde en 'behoort-aan'.

Behoeftes aan affiliasie, liefde en aanvaarding kan bevredig word in die konteks van intieme kameraadskap, verhoudings met diegene wat betekenisvolle persone in die kind se lewe is en met wie die kind nabye verhoudings het (Paul, 1993:38). Hierdie behoeftes blyk volgens Fouchè en Nieuwoudt (1991:167) on vervuld deur kindershuisversorgers gelaat word, alhoewel die kind verwag dat personeel in hierdie behoeftes sal voorsien.

- Vlak 4: Behoefte aan sukses en selfwaarde.

Fouchè en Nieuwoudt (1991:167) haal vir Crous aan wat verduidelik dat die kindershuiskind ervaar dat hy vir niemand iets beteken nie. Hulle spreek hulself verder uit oor die mening wat gehuldig word dat kinders in 'n kindershuis hulself nie altyd as waardevolle persone beskou nie en daarom gevoelens van intense minderwaardigheid openbaar.

- Vlak 5: Self-aktualisering of die bereiking van persoonlike doelwitte.

Hierdie konsep is volgens Fouchè en Nieuwoudt (1991:166) die hoogste vorm van menswees en definieër die begrip as: “... die aanvaarding en uitdrukking van die innerlike kern van die self, byvoorbeeld die ontwikkeling en verwerking van latente kapasiteite waaroor die mens beskik”. Self-aktualisering behoort 'n ideaal te wees wat elke kind in die kindershuis moet kan bereik (Paul, 1993:38).

Van der Lith (1999:22) beweer dat die kindershuiskind as gevolg van deprivasie op behoeftebevredigingsvlakke van veiligheid, liefde, affiliasie, selfagting en aanvaarding nie vryheid ervaar ten opsigte van die bereiking van sy basiese behoeftes nie. Derhalwe kan daar dus geen sprake wees van vryheid tot self-aktualisering nie. Maslow gaan volgens Geldard en Geldard (1997:25) van die veronderstelling uit dat indien 'n individu se basiese behoeftes nie bevredig kan word nie, die persoon nooit sy energie na hoër-vlak behoeftes kan rig nie. “*This has clear implications for counselling children, because, if we accept Maslow’s hierarchy, it is pointless trying to achieve higher-level needs without first addressing lower-level needs*” (Geldard & Geldard, 1997: 25).

Ook Fouchè en Nieuwoudt (1991:165) noem dat mense eerstens hul lewens organiseer rondom basiese oorlewingsbehoefte soos fisiologiese en veiligheidsbehoefte, asook behoeftes van affiliasie, liefde, aanvaarding en



selfagting. Die navorser glo dat die kinderhuiskind weens 'n tekort aan die basiese laer-vlak behoeftes (soos genoegsame voedsel en veiligheid) nie instaat is om aan hoër-vlak behoeftes soos selfwaarde aandag te skenk nie. Wanneer alle basiese behoeftes tot 'n sekere mate vervul is, meld Fouchè en Nieuwoudt (1991:166) dat selfvervulling en selfaktualiseringsbehoefte na vore kom. Laasgenoemde staan volgens Maslow (in Fouchè & Nieuwoudt, 1991:166) as die groeibehoeftes bekend.

Vervolgens waarsku Geldard en Geldard (1997:25) dat die hierargie nie rigied beskou moet word nie, maar dat daar soms aan hoër-vlakke behoeftes gewerk kan word terwyl laer-vlakke bereik word.

Additionally, particular levels in the hierarchy may assume greater importance at different developmental stages for the child. Understanding the hierarchy does help a counsellor to recognize when specific needs of a child have not been met and should be addressed (Geldard & Geldard, 1997: 25).

Hierdie outeurs gebruik die voorbeeld van 'n kind wat fisies mishandel was, wat eers die behoefte van veiligheid moet vervul voordat ander behoeftes soos selfwaarde vervul kan word (Geldard & Geldard, 1997: 25).

Paul (1993:39) is van mening dat die wetsbestede kind verder die behoefte het om in staat te kan wees om alledaagse gebeure te hanteer. Die kind het geleer om gebeure wat verskil van dié in die kindershuis, te hanteer om sodoende te kan oorleef in sy ouerhuis. Van der Lith (1999:25) stel dit dat ten einde die kind in terapie te kan betrek, kennis nodig is van bepaalde gebreke in sy ontwikkelingspatroon en van bepaalde behoeftes wat by die kind oor 'n tydperk onbevredig gelaat is.

'n Verdere behoefte van die kinderhuiskind word deur Paul (1993:39) uitgelig. Dit is die behoefte om vrede te maak met sy verlede en ook om kennis te dra van die verlede. Dit is belangrik dat die kind sy verlede moet aanvaar ter wille van sy eie gesonde funksionering. Die mening word gehuldig dat indien die kind in staat gestel word om vrede te maak met sy verlede, hy die geleentheid kry om sy gestalt te voltooi. Volgens die navorser sluit die gebruik van die lewensboek in terapie nou aan by hierdie behoefte van die kinderhuiskind.

Van der Lith (1999:26) ervaar dat die wetsbestede kind se behoeftes 'n wye spektrum dek en dat dit die maatskaplike werker in die kindershuis se taak aansienlik vergroot. Sy beskryf vervolgens die taak van die maatskaplike werker as die vastelling van die intensiteit waarmee die behoeftes ervaar word by die kind. Sy

huldig die mening dat die maatskaplike werker se hanteringswyse respek moet uitstraal vir die behoeftes van die kind in die kinderhuis.

Uit voorgenoemde kan afgelei word dat ontwikkeling nie slegs die bemeestering van normale ontwikkelingstake behels nie, maar dat 'n kind se behoeftes (soos bespreek) bevredig moet word ten einde doeltreffende funksionering te verseker. Toerien (2001:34) sê terreg: *“Die rol van behoeftebevrediging en veral die gebrek daaraan, speel 'n belangrike rol in die kinderhuiskind se aanpassing in sy nuwe omgewing”*.

#### 2.4.5 Positiewe en negatiewe elemente ten opsigte van kinderhuisplasing

Roux (1998:54) beweer dat die volgende elemente positief in 'n kinderhuisplasing vir die kind kan wees:

- In 'n groep word verantwoordelikhede gesamentlik aanvaar en voorregte erken.
- 'n Gereelde lewensgewoonte en roetine word vir die kinders aangeleer wat dikwels sonder enige reëls en dissipline grootgeword het.
- Kinders kry leiding ten opsigte van godsdienstige grondslae.
- Maaltye is gereeld en gebalanseerd.
- 'n Gesonde spangees en kompetisie heers onder die kinders.
- Konsekwentheid en dissipline word gehandhaaf.
- Die ouers ervaar die plasing as positief, aangesien hulle nie hoef te kompeteer met pleegouers nie.

Die navorser kan egter die volgende negatiewe aspekte ten opsigte van 'n kinderhuisplasing identifiseer op grond van eie ervaring as maatskaplike werker binne 'n kinderhuis:

- Die kind ervaar soms 'n gebrek aan individualiteit. Baie versorgers kan dink dat alle kinderhuiskinders dieselfde is en voel, en sodanig teenoor die kind optree.
- Die slegte invloed van ander kinders op die kind, kan as 'n negatiewe aspek beskou word, waar probleemgedrag soos diefstal versterk word. Van die kinders wat in die kinderhuis woonagtig is, is kinders wie se pleegsorgplasing misluk het weens probleemgedrag of kinders wat op so 'n lae vlak funksioneer dat hulle baie wanaangepaste gedrag toon. Dit gebeur dat nuwe kinders die slagoffers is van probleemgedrag, soos diefstal of waar nuwe kinders betrek word by wanpraktyke omdat hulle deur die groep aanvaar wil word.

- Die gereelde wisseling van personeel, soos maatskaplike werkers en huisouers, veroorsaak dat die kind verwerp voel en nie 'n binding met 'n volwassene vorm nie.
- Die kind word geëtiketeer by die skool en in die samelewing as 'n kinderhuiskind omdat hy nie binne 'n gesinsopset woon nie.
- Die kind ervaar 'n verlies van identiteit en die groep word oorbeklemtoon as geheel. Dit gebeur soms dat die kind voel dat hy verlore raak as individu tussen die massa.
- Weens die groot aantal kinders in elke maatskaplike werker se gevallelading, ontvang die kind nie altyd die nodige terapie nie; en kan daar soms slegs aan krisis aandag gegee word. Hierdie krisisbestuur verswak die kwaliteit van die dienslewering vanaf die maatskaplike werker aan die kind.
- Kinders wat lank in die kindershuis woon, raak in 'n mate geïnstusionaliseer en sukkel om met hul verlating van die kindershuis aan te pas buite in die gemeenskap en om selfversorgend op te tree. Hulle sukkel om verantwoordelikheid vir hulself te aanvaar en om onafhanklik 'n bestaan te voer. Uit eie ervaring is navorser bewus van gevalle waar oudleerlinge van die kindershuis versuim het om noodsaaklike medikasie te drink wat gelei het tot 'n lewensgevaarlike situasie. Die navorser is van mening dat die kind na uitplasing uit die kindershuis, steeds gereelde besoeke van 'n maatskaplike werker verbode aan 'n welsynsorgansasie moet ontvang alhoewel hy onthef is van die bepalings die Wet op Kindersorg, wet 74 van 1983. Dit kan voorkom dat hy 'n terugval beleef.

## 2.5 Samevatting

Die middelkinderjare is baie belangrik vir die kind se kognitiewe-, sosiale-, emosionele- en selfkonsepontwikkeling. In die middelkinderjare moet die kind ontwikkelingstake bemeester soos verdere verfyning van motoriese ontwikkeling; die vaslegging van geslagsrolidentiteit; die ontwikkeling van verskeie kognitiewe vaardighede; 'n uitbreiding van kennis en sosiale deelname; die ontwikkeling van groter selfkennis en verdere ontwikkeling van morele oordeel en gedrag. Dit is belangrik om bewus te wees van die onderskeie ontwikkelingstake, sodat die middelkinderjarige kind se gedrag begryp en verklaar kan word.

Die middelkinderjare gaan met groter emosionele volwassenheid gepaard. Hierdie ontwikkelingsfase word deur 'n relatiewe emosionele kalmte gekenmerk omdat die

ontlading van frustrasies en emosies deur middel van spel uitgedruk word. Die kind ervaar ook duideliker omskrywing van rolle en beleef nou minder frustrasie omdat sy doelstellings nou makliker met verbeterde vaardighede bereik kan word.

Die gesin is die eerste sosiale omgewing waarin die kind hom bevind, waar sosiale ontwikkeling plaasvind en waar hy emosionele ondersteuning ervaar. Gedurende die middelkinderjare gaan die kind ook skool toe waar hy in aanraking kom met al hoe meer ander kinders en volwassenes. Alhoewel die middelkinderjarige kind baie meer tyd weg van die huis af spandeer, bly die huis vir kinders steeds die plek wat die meeste sekuriteit bied en is hulle gesin die spil waarom hulle bestaan draai. Hier kan ook klem val op die ouer se ouerskapstyl en die invloed daarvan op die kind. Die bekendste ouerskapstyle is die outoritêre, die gesaghebbende, die permissiewe en die onbetrokke ouerskapstyle.

Die middelkinderjarige kind se morele ontwikkeling is in die prekonvensionele vlak volgens Kohlberg se fases. Hier internaliseer die kind verder sosiale norme en fokus op beloning, straf en mag van gesagsfigure. Die kind in nou ook instaat om die grondslag van regverdigheid te wysig om by die situasie aan te pas.

Die kinderhuiskind het verskeie deurmekaar gevoelens wat stremmend op sy aanpassing in die inrigting kan inwerk. Die kind ervaar verskeie emosies soos skok, wanhoop, vrees, frustrasie, woede en skuldgevoelens. Daar moet ook gelet word op gevoelens van selfblaam. Hierdie kind het 'n gebrek aan sekere behoeftes ervaar vanweë die aard van die omstandighede waarin hy grootgeword het. Die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) beskryf in Arikel 14(4) dat die ouer die kind ontnem het van aspekte wat belangrik is vir sy normale ontwikkeling.

Die invloed wat die skok van verwydering uit die ouerhuis op die kind het, moet nooit gering geskat word nie, veral as die kind dadelik met 'n totaal nuwe omgewing, soos die kinderhuis, vertrouwd moet raak. Die stadium van ontwikkeling waarin die kind hom tydens verwydering bevind, het ook 'n beduidende invloed op sy toekomstige aanpassing en persoonlikheidsontwikkeling. In die middelkinderjare het dit veral 'n invloed op die ontwikkeling van die kind se selfbeeld.

Dit is belangrik om aandag te skenk aan die redes waarom die kind dink hy in die kinderhuis is, al is dit reeds deur die rekonstruksiewerker met hom deurgewerk. Nadat die kind ingelig is oor waarom hy verwyder is, moet die kind die geleentheid

gebied word om deur die rouproses te werk ten einde sy verwydering te aanvaar. Hier moet veral ook gelet word op wat die kind as sy aandeel tot die verwydering ervaar om onnodige selfblaaam te verminder.

Die fases van die 'rouproses' waardeur die kinderhuiskind gaan moet geïdentifiseer word, om sodoende die kind in terapie te begelei tot die fase van aanvaarding. Dit is ook van belang om aan die behoeftes van die kinderhuiskind aandag te gee om sodoende sy aanpassing in die kinderhuis te vergemaklik. Die bevrediging van hierdie behoeftes word beskou as 'n belangrike aspek in die kind se lewe, wat later die kwaliteit van die kind se lewe en verhoudings kan raak. Indien daar 'n gebrek is aan behoeftebevrediging, sal die kind se aanpassing, funksionering en gedrag negatief daardeur geraak word.

## **HOOFSTUK 3: DIE GEBRUIK VAN DIE LEWENSBOEK IN SPELTERAPIE BINNE 'N GESTALTBENADERING**

### **3.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk sal aandag geskenk word aan speltherapie binne 'n gestaltbenadering met die doel om die kinderhuiskind te begelei om sodoende 'n lewensboek te kan saamstel. Klem sal val op die gebruik van verskillende vorme van spel wat die terapeut kan benut ten einde 'n lewensboek saam te stel met die dogter in die kinderhuis.

### **3.2 Speltherapie**

Schoeman en Van der Merwe (1996:6) noem dat maatskaplike werkers meestal betrokke is in hulpverlening aan gesinne en aan kinders. Kliniese werk met die kinderklieënt het 'n unieke karakter en behels vir die terapeut die spesialisering in sekere kennis en vaardighede. Die navorser is van mening dat die terapeut in die kinderhuis ook oor spesifieke vaardighede moet beskik ten einde suksesvol aan die kinderhuiskind, met sy unieke karakter, diens te kan lewer.

#### **3.2.1 Omskrywing van kernbegrippe**

##### **3.2.1.1 Spel**

Landreth (1991:13) verwoord die begrip "spel" as 'n outomatiese, instinktiewe aktiwiteit wat buigbaar is aangaande die keuses oor hoe voorwerpe gebruik word. Daar bestaan geen duidelike doelwitte vir spel nie aangesien die proses van spel geniet word en die einde daarvan nie belangrik is nie. By die kind behels dit die kind se intellektuele, fisiese en emosionele self in kreatiewe uitdrukking; spel kan ook sosiale interaksie tot gevolg hê. As die kind speel kan gesê word dat die totale kind teenwoordig is. Uit die voorgenoemde maak die navorser dus die afleiding dat die kinderklieënt bereik kan word deur spel, aangesien dit die kind se vorm van kommunikasie is. Deur die lewensboek te benut sal die navorser dus van 'n vorm van spel gebruik maak om die kind se lewenswêreld te betree.

##### **3.2.1.2 Speltherapie**

Landreth (1982:47) was sy tyd ver vooruit toe hy speltherapie soos volg gedefinieer het:

I should like to define play therapy as a play experience that is therapeutic because it provides a secure relationship between the child and the adult, so

that the child has the freedom and room to state himself in his own terms, exactly as he is at that moment in his own way and in his own time.

Speltherapie word deur Axline (1992:16) beskryf as:

an opportunity that is offered to the child to experience growth under the most favourable conditions. Since play is his natural medium for self expression, the child is given the opportunity to play out his accumulated feelings of tension, frustration, insecurity, aggression, fear, bewilderment, confusion.

Van der Lith (1999:10) sluit hierby aan deur te noem dat indien die kind sy probleme op 'n simboliese wyse uitspeel, hy sy eie gevoelens sal leer ken en meer effektief sal kanaliseer. Die kind sal dan leer om 'n vertroulikheidsverhouding met 'n ander persoon aan te knoop en dan kan afwykende gedrag genormaliseer word. Daarom is dit ook vir die navorser belangrik om die kind die geleentheid te bied om onverwerkte trauma en selfblaam aangaande sy verwydering uit te speel. Die navorser glo dat indien hierdie trauma in die lewensboek uitgespeel word, sal die kind sy eie gevoelens leer ken en kanaliseer. Speltherapie kan dus opsommend gedefinieer word as: 'n dinamiese interpersoonlike verhouding tussen 'n kinderkliënt en 'n terapeut wat opgelei is in speltherapieprosedures. Die terapeut verskaf sekere spelmateriale en fasiliteer die ontwikkeling van 'n veilige verhouding. Hier kan die kind ten volle homself uitdruk en gevoelens, gedagtes, ervarings en gedrag eksploreer. Daar word van die kind se natuurlike medium van kommunikasie gebruik gemaak, naamlik spel (Landreth, 1991:14).

### 3.2.1.3 Gestaltterapie

Gestaltterapie, beweer Kottman en Schaeffer (1994:281) is 'n humanistiese, prosesgeoriënteerde vorm van terapie wat fokus op alle fasette van 'n persoon: die sintuie, liggaam, gevoelens en intellek. Alle konsepte van gestaltterapie kan vergelyk word met die gesonde ontwikkeling en groei van 'n kind, asook met kinderpsigopatologie.

### 3.2.2 Speltherapie binne die gestaltbenadering

Schoeman en Van der Merwe (1996:4) verduidelik die belangrikheid daarvan om vanuit die gestaltbenadering te werk te gaan, aangesien dit 'n belangrike hulpmiddel is om die kind se diepste vrese, gevoelens en frustrasies te ontsluit. Dit word die instrument wat gebruik word om die kind te 'genees' binne sy terapeutiese milieu. Van der Lith (1999:10) sluit hierby aan deur te noem dat speltherapie dus gebruik

word om aan die kind 'n veilige ruimte te skep, waarbinne hy onsekerhede en gevoelens kan uitspeel, met die nodige ondersteuning van die spelterapeut.

### **3.3 Die gestaltbenadering**

#### **3.3.1 Teorie van gestaltterapie**

##### **3.3.1.1 Omskrywing van die term 'gestalt'**

Plug, Meyer, Louw en Gouws (1997:127) som die term gestalt op as:

'n Geheel wat 'n sekere mate van struktuur besit en wat meer as die som van sy dele is, en wat transponeerbaar is, dit wil sê dit bly herkenbaar selfs al word die samestellende dele vervang, solank die verhouding tussen die dele behoue bly.

Gestalt kan dus as 'n geheel gesien word, noem Carson en Butcher (1992:654). Dit is hoe 'n persoon as geheel manifesteer en sluit alle sisteme wat die persoon beïnvloed in. Gestaltterapie is ontwikkel deur Perls om mense te leer om liggaamsprosesse en emosionele modaliteite te herken waarvan hulle nie bewus is nie. Die navorser het reeds in die vorige hoofstuk genoem dat die kinderhuiskind geneig is om, weens verdedigingsmeganismes, nie sy emosies en liggaam as 'n geheel te kan beleef nie. Deur gebruik te maak van gestaltterapie kan die kinderhuiskind weer emosioneel bewus word, veral ten opsigte van 'n emosie soos selfblaam.

##### **3.3.1.2 Teorie van behandeling en berading**

Perls het volgens Thompson en Rudolph (2000:166) vyf lae van neurose beskryf om te verduidelik hoe mense hul lewens fragmenteer en sodoende hulself verhoed om doelwitte en volwassenheid te bereik. Hierdie vyf lae vorm 'n verwysingspunt aan die terapeut van die kliënt se vordering in terapie. Dit kan ook beskryf word as vyf stappe tot 'n beter gestalt-lewenswyse en lui soos volg:

- Die valse laag: Baie mense is vasgevang en poog om iemand te wees wat hulle nie is nie. Die laag word gekenmerk deur baie konflik wat nooit opgelos word nie.
- Die fobiese laag: Indien mense bewus word van hierdie valse lewenswyse, word hulle ook bewus van hul vrese wat hierdie lewenswyse instand hou. Hierdie gewaarwording is vreesaanjaend.
- Die impasse laag: In hierdie fase skud mense die valshede af asook die omgewingsondersteuning, maar word bewus dat hulle nie weet van 'n beter manier om hulself te handhaaf met hul vrese of ongelukkigheid nie. Soms word mense vasgevang hier en beweeg nie hierdeur nie, daarom word hierdie laag



ook as die dooie-punt laag beskryf. Toerien (2001:38) is van mening dat die terapeut se taak is om die kliënt te help en te motiveer om na die implosiewe laag te beweeg.

- Die implosiewe laag: Mense word bewus van die beperkinge wat hulle vir hulself stel en begin dus eksperimenteer met nuwe gedrag binne die terapeutiese opset.
- Die eksplosiewe laag: Indien die eksperimentering met nuwe gedrag suksesvol is buite die terapeutiese opset, bereik die persoon die eksplosiewe laag waar hy hope ongebruikte energie vind wat voorheen gebruik was om die valse laag in stand te hou (Thompson & Rudolph, 2000:167).

Die hoofdoel van Perls se benadering is vir mense om hulself te help om volwassenheid te kan bereik, beheer te kan neem in hul lewens en selfverantwoordelik te kan wees. Sentrale doelstellings in gestaltterapie is onder andere 'n dieper bewustheid in die hier en nou, die aanleer van selfverantwoordelikheid, fasilitering van persoonlike integrasie en sukses. Wat die meetbaarheid van sukses in terapie betref, word daar gekyk na die mate waarin die kliënt se bewustheid gegroei het, die hoeveelheid selfverantwoordelikheid wat die kliënt neem en ook die verskuiwing vanaf omgewingsondersteuning na self-ondersteuning (Thompson & Rudolph, 2000:167). Vir die navorser is dit dus logies dat hierdie benadering die kind sal kan lei tot innerlike groei en self-ondersteuning. Toerien (2001:38) sluit hierby aan deur te noem dat gestaltterapie as eksperimentele benadering nie besorg is oor die simptome en analise nie, maar eerder oor die totale bestaan en integrasie.

### 3.3.2 Gestalttegnieke

Thompson en Rudolph (2000:168) is van mening dat verskeie fantasie-, taal- en speltegnieke aangewend kan word om die kliënt in die hede te oriënteer. Hulle het die verskeie tegnieke met kinders gebruik in die ouderdomsgroep 5 tot 12 jaar, asook met adolessente en volwassenes. Die navorser sal slegs die gestalttegnieke bespreek wat tydens die empiriese ondersoek benut is.

- 'Ek' boodskappe: Hier word die kliënt aangemoedig om 'ek' in plaas van algemene boodskappe te gebruik. Dit help kinders om verantwoordelikheid te neem vir hul gevoelens, gedagtes en gedrag (Thompson & Rudolph, 2000:168).
- Daar word nie geskinder nie: As die kind moet praat van iemand wat nie in die vertrek is nie, word die kind gevra om met 'n leë stoel te praat en om dan oor te skuif tot in die ander stoel en dan weer te antwoord. Die dialoog hou aan totdat

die kind alles aan die ander persoon oorgedra het en ook terugvoer vanaf die ander persoon ontvang het. Thompson en Rudolph (2000:168) beweer dat hierdie tegniek materiaal opdateer tot in die hede en verhoog ook die kind se bewustheid van die probleem. Hierdeur verkry die terapeut ook 'n duidelike beeld van die probleem en die kind kry die geleentheid om die gesprek te oefen, soos deur middel van 'n rolspel (Thompson & Rudolph, 2000:168).

- Vrae word in stellings verander: Thompson en Rudolph (2000:169) noem dat hierdie metode die kind help om meer egtheid en duidelikheid te verkry in die uitdrukking van hul gedagtes en emosies. Perls het geglo dat die meeste vrae eintlik vals is omdat dit stellings is wat verberg is. Vir die navorser is vrae wat eintlik stellings is, veral van toepassing op die dogter met selfblaaam. Die dogter wat haarself blameer, sal soms vra of sy weer teruggeplaas kan word by haar ouers as sy 'soet is'. Die stelling wat die navorser hieruit aflei is: 'ek was stout en daarom is ek verwyder uit my ouers se sorg. Dit is my skuld.'
- Die neem van verantwoordelikheid: Kliënte moet persoonlike verantwoordelikheid neem vir hoe hulle hul eie lewens bestuur (Thompson & Rudolph, 2000:169). Die kinderhuiskind het dikwels nooit in sy ouerhuis geleer om verantwoordelike besluite te neem nie. Daar bestaan 'n behoefte aan die aanvaarding van verantwoordelikheid, maar die kind het nie die vaardighede vir die uitoefening daarvan nie (Kroon, 1993:61). Toerien (2001:43) is van mening dat die terapeut met die bogenoemde oefening, die kinderhuiskind kan leer om verantwoordelikheid te neem.
- My grootste swakheid: In hierdie tegniek moet die kind sy grootste swakheid as die grootste sterk punt beskryf, verduidelik Thompson en Rudolph (2000:170). Sodra kliënte besef dat hul grootste swakheid eintlik hul grootste sterk punt is, verkry hulle beheer daaroor en ervaar dat die terapeut hulle nie druk om dit te verander nie.
- Projeksie: Deur kuns en storievertelling verhoog die kind se self-bewustheid en fantasie (Thompson & Rudolph, 2000:176). Dit is verder volgens Toerien (2001:41) belangrik dat die terapeut sal kennis dra van die verskeie verdedigingsmeganismes, ten einde dit te kan identifiseer en saam met die kind deur te werk.
- Self-ondersteuning: Schoeman (1996a:181) beveel aan dat die kind homself moet ondersteun ten einde sy mag te behou. Kinders moet instaat wees om hulself te vergewe vir alles wat gedoen is en moet dan instaat wees om hulself te kan vertroetel. Die kind moet gehelp word om die negatiewe aspekte van sy

wese na vore te bring en te kan aanvaar. Wanneer dit gebeur sal die kind totale integrasie van sy wese ervaar. Die navorser sal sterk op diè aspek fokus, aangesien selfvergifnis 'n belangrike mylpaal is om selfblaam teen te werk. Thompson en Rudolph (1996:345) sluit by bogenoemde aan en spreek hul mening uit oor die feit dat die spelterapeut die kind se sin vir die self en vir self-ondersteuning moet versterk, emosionele uitdrukking moet aanmoedig en ook die kind moet leer om homself te vertroetel.

### 3.3.3 Die belangrikste kernbegrippe in gestaltterapie

Daar moet ook in gestaltterapie gelet word op die volgende begrippe:

#### 3.3.3.1 Holisme

Thompson en Rudolph (2000:164) noem dat Perls die persoon as 'n totale organisme gesien het. Volgens hom dui liggaamstekens (soos hoofpyn, nekpyn of maagpyn) daarop dat die mens sy gedrag moet verander. Perls het geglo dat die liggaam en gevoelens beter indikatore is van die waarheid as die woorde wat ons gebruik.

#### 3.3.3.2 Homeostase

Die gestaltsiening van mense is positief: die mens is instaat om self-regulerende wesens te word wat 'n sin van integrasie en eenheid in hul lewens kan bereik (Thompson & Rudolph, 2000:164).

#### 3.3.3.3 Bewustheid

Thompson en Rudolph (2000:167) is van mening dat die gestaltterapeut se rol is om die kliënt te fasiliteer om bewustheid in die hier en nou te bereik. Bewustheid word soos volg deur hierdie outeurs gedefinieër: *“Awareness is the capacity to focus, to attend, and to be in touch with the now”*. Thompson en Rudolph (2000:165) is van mening dat geestelik-gesonde mense kan hul bewustheid behou sonder om gepreokkupeerd te raak met die wisselende omgewingstimuli. Sulke mense is ten volle bewus van hul eie behoeftes en kan omgewingsalternatiewe oorweeg sodat daar in hul behoeftes voldoen kan word. Met volle bewustheid kan die mens 'n staat van totale self-regulasie ontwikkel, sodat die totale persoon dan beheer kan neem (Thompson & Rudolph, 2000:164).

Sensoriese en emosionele bewustheid: Hier word volgens Thompson en Rudolph (2000:173) gelet op die kind se vyf sinuïe, om kontak te bewerkstellig tussen die organisme en sy omgewing. Kinders word meer bewus van hul huidige aksies en

gevoelens indien hulle deelneem aan aktiwiteite van hul kontakfunksies. Vervolgens wys Thompson en Rudolph (2000:174–175) daarop dat daar gebruik gemaak kan word van hulpmiddels soos musiek en musiekinstrumente, liggaamshouding en stemtoon, proe-aktiwiteite, om te voel aan 'n verskeidenheid voorwerpe of om die kind vir homself in die spieël te laat kyk. Kunsmedia kan ook 'n kind help om gevoelens te verbaliseer (byvoorbeeld vingerverf). Oaklander (1988:109) is van mening dat ervaringe wat die bewustheid van die basiese sintuie herstel en versterk tydens terapie aan die kind gebied moet word.

#### 3.3.3.4 Kontak

Toerien (2001:40) is van mening dat mense so rigied kan raak dat hulle kontak met ander mense en die omgewing verbreek. Dit is vir die navorser ook soms van toepassing op die kinderhuiskind, waar die kind homself afsluit van ander se pogings om uit te reik met vriendskap en liefde. Veral die huisouers se liefdevolle pogings om tot die kind uit te reik, word dikwels weggestoot.

#### 3.3.3.5 Polariteite

Perls gebruik die term 'differensiële denke' om die konsep te beskryf as daar in teenoorgestelde terme gedink word. Daar word daagliks baie tyd spandeer om konflik op te los wat veroorsaak word deur kompeterende polariteite (Thompson & Rudolph, 2000:169). Polariteite word dus gevind in die alledaagse lewenskonflikte wat opgelos moet word, byvoorbeeld liggaam-siel of liefde-aggressie. Een van die doelwitte in die terapeutiese verhouding is om die kind te help om teenoorgesteldes en polariteite te verstaan, voeg Schoeman (1996b:35) by. Kinders funksioneer in terme van teenoorgesteldes, asook emosies word verdeel in geluk of hartseer. 'n Kind voel dikwels verward oor die gevoelens wat hy ervaar en kan nie verstaan hoe dit moontlik is om respek en haat vir dieselfde persoon te voel nie. Daarom moet die terapeut die kind lei tot verhoogde begrip vir polariteite.

#### 3.3.3.6 Onvoltooidheid (figuur en grond)

Thompson en Rudolph (2000:165) beskryf dat 'n gesonde persoon streng fokus op slegs een behoefte op 'n keer deur die ander behoeftes tydelik na die agtergrond te skuif. Sodra hierdie behoefte bevredig is, of indien die 'gestalt' voltooi is, skuif die behoefte na die agtergrond en 'n nuwe behoefte skuif na die voorgrond.

Figuurvoorgrond is wanneer die kind 'n spesifieke behoefte het wat voorop in sy gedagtes is. Die kind se bewustheidskontinuum sal ook op die spesifieke behoefte

gefokus wees. Dan behoort die terapeut die invloed van die kind se verlede op die hier-en-nou te fokus (Thompson & Rudolph, 1996:142). In die geval van die dogter met selfblaam, moet daar eers aan hierdie voorgrondbehoefte aandag geskenk word, voordat daar na ander behoeftes gekyk word.

Enige situasie in 'n mens se lewe wat nie opgelos is nie, kan as 'n onvoltooidheid beskou word. Indien 'n individu 'n onvoltooidheid het, moet dit voltooi word anders sal dit 'n wanbalans in sy gestalt veroorsaak. Onvoltooidhede kan ook onbevredigde behoeftes of onuitgedrukte gevoelens wees. Dit manifesteer gewoonlik ook in drome (Thompson & Rudolph, 1996:142). Die kind wat geen rekord van die omstandighede van sy verwydering het nie, kan moontlik 'n onvoltooidheid daarvoor ontwikkel. Onvoltooide besigheid kan beskryf word indien mense onvervulde behoeftes, onuitgedrukte gevoelens of onvoltooide situasies het, wat veg vir hul aandag (Thompson & Rudolph, 2000:167). Daarom is dit dus noodsaaklik om met die kind se onvoltooidhede binne 'n gestaltbenadering te werk.

#### 3.3.3.7 Kontakgrensversteurings

- Samevloeiing: Thompson en Rudolph (2000:165-166) verduidelik dat met samevloeiing inkorporeer mense te veel van hulself in ander of te veel van die omgewing in hulself. Hulle verloor kontak met waar hulle is en die omgewing neem beheer. Die terapeut kan samevloeiing gebruik in toepassing van polariteite, verduidelik Thompson en Rudolph (1996:142). 'n Mens moet waak daarteen om om nie te veel van homself in ander te inkorporeer nie, en ook nie te veel van die omgewing in homself te inkorporeer nie. Die persoon mag voeling verloor met wie hy is (Thompson & Rudolph, 1996:142).
- Projeksie: Toerien (2001:41) is van mening dat die kind sekere gevoelens onbewustelik oordra op karakters deur projeksie, veral gevoelens wat die kind as onaanvaarbaar beskou. Sy vervolg deur te sê dat die middelkinderjarige kind hier van verdedigingsmeganismes gebruik maak om gevoelens van angs te hanteer. Die kind skryf sy eie negatiewe gevoelens toe aan ander mense of diere om homself te verontskuldig. Die kinderhuiskind se ervaring voor, tydens en na verwydering kan verskeie angsgevoelens by die kind te voorskyn bring. Nou sal die kind van verskeie verdedigingsmeganismes gebruik maak om die angs te hanteer.
- Introjeksie: Introjekte is eienskappe wat die kind deel van homself gemaak het. Die kind kon dit doen sonder om daarvan te weet of bewustelik omdat hy wil.

Matsemela en Van der Merwe (1996:166) is van mening dat introjekte gewoonlik deur die kind aanvaar word omdat ouers of betekenisvolle mense dit vir hom gesê het. Hierdie introjekte kan die kind se ontwikkeling benadeel. Thompson en Rudolph (1996:142) stel die 'topdog / underdog' tegniek voor om hierdie introjekte mee te konfronteer. Tipiese introjekte waarmee die navorser sal werk met die dogter met selfblaam is: 'ek was stout en daarom is ek verwyder' of 'my ouers se probleme is alles my skuld' of 'as ek nooit vir iemand gesê het van my molestering of mishandeling nie, sou my ouers nooit in sulke moeilikheid gekom het nie'.

- Defleksie: Aronstam (1989:640) is van mening dat 'n kontakgrens omskryf kan word as *"wanneer iemand op dieselfde kontinuum as 'n ander is, en die persoon wil dit verbreek"*. Kontak en onttrekking is nie noodwendig goed of sleg nie. Te veel kontak is net so sleg as totale onttrekking van kontak. Deur terapie leer die kliënt om die proses van kontak en onttrekking te bewerkstellig. Toerien (2001:40) noem egter dat die kinderhuiskind se kontakgrense dikwels versteur is omdat die kind 'n gebrek ervaar aan vertrouensverhoudings met betekenisvolle persone. Aandag moet tydens terapie met die kinderhuiskind aan kontakgrense geskenk word. Thompson en Rudolph (2000:165-166) noem dat mense probleme ervaar om hul lewens te beheer en gee as voorbeeld die verlies van kontak met die omgewing: hier raak mense so rigied dat hulle hulself afsny van ander of van hulpbronne in die omgewing.

### **3.4 Die lewensboek**

Aangesien die lewensboek deel uitmaak van biblioterapie sal laasgenoemde eers as agtergrond bespreek word.

#### **3.4.1 Narratiewe terapie en biblioterapie**

Pretorius (1999:7) beskryf hoe verhale deur die eeue gebruik is om waarhede, geskiedenis en gebruike aan kinders oor te dra. *"Maar ook wanneer ons van onself vertel, vertel elkeen 'n storie: my eie storie"*. Vervolgens noem sy dat mense gebeure saambind tot 'n patroon en dat elkeen hierdie gebeurtenisse gebruik om sy eie persoonlike storie te vorm. Deur dit wat gebeur het en wat ons daarvan dink, vorm ons persepsie van die toekoms. Deur die lewensboek te benut sal die navorser ook dus die dogter nooi om haar spesifieke storie aan haar te openbaar. Hierdie is dus 'n vorm van narratiewe terapie en biblioterapie.

Marner (2000:33-34) beskryf die narratiewe benadering soos volg:

Narrative structures organize and give meaning to experience, but there are always feelings and lived experience not fully encompassed by the dominant story... all human beings tend to organize and give meaning to their experiences in their life by turning their experiences into stories; and as they express selected aspects of their experiences in the performance of these stories the stories become constitutive - shaping lives and relationships.

Die navorser is van mening dat indien die lewensverhaal van die kind georganiseer aan hom gebied word, met behulp van die lewensboek, sal hy meer sin en betekenis kan heg aan sy lewensgebeure.

Volgens Mortola (1999:319) is narratiewe begrip een van die vroegste kragte van die geheue waarop die kind sy lewenswêreld organiseer. Deur biblioterapie en narratiewe terapie kry die kind die geleentheid om ook sy storie aan die terpeut te vertel en om sin uit die lewensverloop en –gebeure te maak. Die navorser is van mening dat hierdie geleentheid ook 'n groei-geleentheid is vir die kind.

#### 3.4.2 Omskrywing van die term 'lewensboek'

Van der Merwe (1996a:117) is van mening dat die lewensboek gedefinieer kan word as 'n visuele of geskrewe rekord (wat belangrike inligting oor die kind se situasie bevat) wat aan hom voorgelê word. Lewensboeke word gewoonlik gebruik by kinders wat van hul ouers verwyder is en wat woonagtig is in kinderhuise, by pleegouers of aanneemouers.

In these cases, the life book could be helpful in orientating children towards their new circumstances. It would help them to keep track of the changes in their lives and help them to plan their lives (Van der Merwe, 1996a:117).

#### 3.4.3 Redes vir die maak van die lewensboek

Ryan en Walker (1993:5) noem dat kinders wat in 'n kindershuis woon, of by pleegouers, benodig 'n werkswyse om te verklaar waarom hulle geskei is van hul ouers en van ander volwassenes. Hulle wil ook gewoonlik weet hoekom hul ouers nie instaat was om hulle verder te versorg nie.

Our experience with the children whom we have worked with has encouraged us to believe that life story work is a useful way of fulfilling this need, and that all the children have benefited in some way (Ryan & Walker, 1993:5).

Vervolgens verduidelik Ryan en Walker (1993:5-6) dat 'n lewensboek die vorm van 'n boek, video of rekord van elke sessie kan wees. Dit is die proses wat belangrik is en nie die produk nie. Dit is van belang vir die kind wat van sy gesin verwyder is om kennis te hê van die verlede. Hierdie kennis het 'n groot invloed op hul toekoms. *"Life story work can be a means of giving the child age-appropriate information..."* (Ryan & Walker, 1993:6). Nou kan daar aan die kind 'n gepaste goed verwoorde verduideliking gegee word ten opsigte van die waarheid van sy verlede. Ryan en Walker (1993:6) is van mening dat die terapeut aan die kind die volle waarheid moet vertel van sy ouers en ook van die redes wat gelei het tot die verwydering uit hulle sorg. Dit is belangrik om positiewe punte te beklemtoon en om nie veroordelend oor hul ouers te praat nie. Daar kan byvoorbeeld gesê word dat nie almal noodwendig goeie ouers is nie, maar dat die persoon wel ander positiewe eienskappe het.

#### 3.4.4 Identiteit en die lewensboek

'n Gesonde sin vir identiteit is belangrik vir almal, noem Ryan en Walker (1993:6). 'n Swak sin vir identiteit kan volwassenes en kinders ontwrig en hulle verhoed om nuwe uitdagings aan te pak. Vir sommige kinders, wat van hul ouers verwyder is, is een van die grootste uitdagings in die lewe om van een gesin na 'n volgende gesinssituasie te verskuif. 'n Swak sin vir identiteit kan kinders immobiliseer sodat hulle vasgevang word in die verlede en sodoende nie aan die toekoms aandag skenk nie. Dit veroorsaak ook 'n apatiese, depressiewe en fatalistiese lewensuitkyk. Vervolgens is Ryan en Walker (1993:6-7) van mening dat dit moeilik is vir kinders wat verwyder is van hul gesin van herkoms, om hulself te verstaan. Daar moet dus openlik met die kind gepraat word oor sy toekoms, hede en verlede. Die verlede bestaan uit verskillende plekke, belangrike datums, mense, veranderinge, verlies of skeiding, gelukkige en ongelukkige gebeure soos verjaarsdae of siekte. Die hede bestaan uit reaksies en response op lewensvrae soos 'waar behoort ek?' of 'hoe sien ander my?'. Die toekoms het vraagstukke soos 'waar gaan ek woon?' of 'watter veranderinge wag op my?'. Die navorser glo dat al hierdie vrae deur die maak van die lewensboek beantwoord kan word.

Ryan en Walker (1993:7) verduidelik dat baie kinders waarmee hulle gewerk het, depressief en ongelukkig gevoel het. Indien daar dus na die toekoms gekyk word in terapie, moet die kind se gevoelens van magteloosheid met hoop en aspirasie vervang word. In die gebruik van die lewensboek, word daar met die kind gepraat oor die toekoms, hede en verlede op 'n wyse wat natuurlik vir die kind is. Nou kan die kind en terapeut feite inwin oor die verlede en hede, gebeure en belangrike ander



patrone in die kind se lewe identifiseer en 'n oorbrugging maak na die kind se hoop en vrese vir die toekoms.

#### 3.4.5 Wanneer om met die lewensboek te werk

Ryan en Walker (1993:8) voel dat daar tydens enige stadium in die terapeutiese proses met 'n lewensboek begin kan word. Daar moet 'n vertrouensverhouding tussen die terapeut en die kind bestaan. Die lewensboek word soms benut om 'n kind voor te berei op pleegsorg of vir 'n kind wat nuut in die kinderhuis geplaas word, om die nuwe gebeure te aanvaar.

Die ander lede van die multi-professionele span moet, volgens Ryan en Walker (1993:7), voorberei word op die moontlikheid dat die kind mag regresseer in sy gedrag tydens die maak van die lewensboek in terapie. Daar moet aan hulle verduidelik word dat die kind vorige ervarings mag herbeleef en vreemde gedrag mag toon as deel van die heelword-proses. Die idee van die lewensboek is dat dit natuurlik moet ontwikkel vanuit die terapeutiese proses met kinders oor hul familie en die redes vir hul verwydering (Ryan & Walker, 1993:12). Daarom sal die lewensboek, volgens die navorser, aansluit by die kind se voorgrondbehoefte oor sy verwydering en selfblaam.

#### 3.4.6 Voorbereiding

Die terapeut moet haarself voorberei aangaande die kind se agtergrond voordat daar met die lewensboek begin kan word (Ryan & Walker, 1993:13). Inligting kan volgens die navorser gevind word in: die kind se lêer by die kinderhuis; hofdokumentasie; die kind se ouers en rekonstruksiewerker; die huisouers in die kinderhuis; en die kind se betrokke maatskaplike werker.

Ryan en Walker (1993:13) voeg by dat daar vasgestel moet word of die kind seksueel gemolesteer is. Indien dit die geval is, moet daar nie kontak met die betrokke oortreder en ander verwante gesinslede gemaak word nie. Kontak kan weer die kind traumatiese herinneringe laat beleef en ook die oortreder aanmoedig om weer kontak met die kind te maak om sodoende die kind verder te dwing tot stilte oor die molestering. Daar kan per brief met die gesinslede van die kind gekorrespondeer word. Die terapeut moet daarin verduidelik wat die aard van die lewensboek is en vra om foto's en ander belangrike dokumentasie te leen sodat dit gefotostateer kan word. Maar, waarsku Ryan en Walker (1993:13), die foto's mag dalk baie stadig aangestuur word of mag dalk nooit gestuur word nie. Daarom is dit

belangrik om ander hulpmiddels te kan benut in die lewensboek. Die navorser beplan om indien daar nie foto's gevind of aangestuur kan word nie, van 'n collage gebruik te maak om sodoende die kind die spasies te laat vul met tydskrifprente.

Dit is gewoonlik slegs die biologiese ouers wat inligting kan verskaf om byvoorbeeld 'n familie-/stamboom te voltooi. Ryan en Walker (1993:13-14) voel dat hulle betrek moet word aangesien dit vir die kind die beste kan wys waar hy vandaan kom. Indien die ouers ongetroud was met die geboorte van die kind, kan die biologiese moeder inligting van die vader verskaf soos sy voorkoms, sy stokperdjies en geaardheid. Die biologiese moeder mag ook 'n beskrywing van haar eie kinderdae verskaf. Somtyds vind die kind uit dat sy moeder ook in 'n kinderskool grootgeword het of ook verwyder was van haar gesin as kind (Ryan & Walker, 1993:15). Baie kinders het in meer as een kinderskool gewoon. Somtyds het van die personeel, soos die huisouers, foto's van die kind wat geleen kan word of kan stories vertel oor die kind se kinderdae. Ook vorige pleegouers van die kind kan gevra word vir foto's van die kind by hul gesin en ook inligting verskaf oor die kind se lewensverloop (Ryan & Walker, 1993:15).

#### 3.4.7 Die verloop van die program en individuele sessies

Ryan en Walker (1993:16) verduidelik dat elke sessie daarop moet fokus om die kind te leer ken om sodoende sy lewensboek te kan voltooi. Die terapeut moet 'n standvastige, betroubare persoon in die kind se lewe word. Daar moet vaste afsprake met die kind gemaak word en die terapeut moet daarby hou. Die sessie moet nie langer as 'n uur duur nie, weens die kind se kort aandagspan.

#### 3.4.8 Benodighede vir die maak van 'n lewensboek

Die volgende word volgens Ryan en Walker (1993:17) benodig vir die maak van 'n lewensboek:

- Foto's en ander belangrike dokumentasie soos die kind se geboortesertifikaat.
- 'n Lêer met plastiese sakkies waarin die kind se bladsye van die lewensboek geliaser kan word. Nou kan die kind sy lewensboek korrigeer indien hy iets uitlaat en kan ook inligting bylas.
- Skryfbehoeftes soos penne, inkleurpotlode, skêr en gom.

Ryan en Walker (1993:17) stel verder voor dat 'n ringbindlêer gebruik word, aangesien die kind soms die behoefte sal hê om sekere bladsye in te sit in die

lebensboek of om bladsye uit te haal. Die kind mag sekere emosionele response hê tydens die maak van die lebensboek oor 'n spesifieke volwassene in sy lewe. Hierdie is spesifiek met betrekking tot kinders wat seksueel gemolesteer is. Indien hulle 'n foto van hulself saam met die oortreder het, mag dit gevoelens van woede ontlok en sou die kind moontlik dit uit sy lebensboek wou haal.

Ryan en Walker (1993:17) noem dat die kind gehelp mag word met spelling, maar dat hy self verantwoordelik is vir die inskrywings in die lebensboek. Die lebensboek is 'n private boek en mag soms onnet wees en mag alles bevat wat die kind dink is relevant vir sy lebensstorie. Vir die navorser sluit hierdie stelling aan by die gestaltsiening wat die terapeut noodsaak om vir die kind 'n mate van beheer te gee gedurende die sessie. Die navorser is van mening dat dit bemagtigend vir 'n kind kan wees om die uitleg van sy eie lebensboek te bepaal.

#### 3.4.9 Besittingsreg en bewaring

Die lebensboek behoort aan die kind, maar die tydsberekening moet volgens Ryan en Walker (1993:17) reg wees vir die oorhandiging van die lebensboek aan die kind. Hulle stel voor dat dit aan die einde van die terapeutiese program plaasvind, tydens die afsluitingssessie. Die outeurs waarsku egter dat indien die kind die lebensboek neem, terwyl terapie nog nie deurloop is nie, ontstaan daar kommer dat die kind die lebensboek sal vernietig in 'n oomblik van woede en magteloosheid. Indien dit gebeur is ure se werk, belangrike dokumente en waardevolle foto's vernietig. Ryan en Walker (1993:17) stel dus voor dat die lebensboek in die terapeut se kantoor bewaar word en dat die kind in die beginfase van terapie toegang tot die boek onder supervisie het.

Die navorser is van mening dat die lebensboek by die kind se lêerinhoud gebêre moet word om die nodige konfidensialiteit te verseker. Genoemde lêer bevat korrespondensie, hofdokumentasie, prosesnotas, 'n metinglêer, 'n terapielêer en ook 'n spesiale lêer vir sertifikate en skoolrapporte. Dit is dus 'n logiese afleiding vir die navorser om die lebensboek saam met die kind se lêerinhoud te stoor. In die kinderhuis deel die kinders kamers en dit kan lei tot 'n gebrek aan privaatheid. Die lebensboek kan dus maklik deurgelees word of selfs wegraak in die kinderhuisopset.

Ryan en Walker (1993:17) beveel aan dat die beste tyd om die lebensboek aan die kind te gee, is indien die kind die terapeutiese proses voltooi het en toon dat hy

sekuur in sy nuwe omgewing voel. Die kind mag moontlik dan die behoefte hê om sy lewensboek saam met ander deur te gaan. Die outeurs noem verder:

Through their life books, our children have come to own their own story little by little, mainly because they have gone through them so often with other people and each time it becomes clearer to them. Besides, in retelling it, they think of new questions to ask and gain new realisations each time (Ryan & Walker, 1993:17).

#### 3.4.10 Vertroulikheid en konfidensialiteit

Ryan en Walker (1993:17–18) is van mening dat niemand na die kind se lewensboek mag kyk sonder die kind se toestemming nie. Dit beklemtoon die mate van konfidensialiteit wat daar gehandhaaf moet word. Nadat die kind egter die terapeutiese proses deurloop het, mag hy aangemoedig word om die boek met belangrike ander persone te deel. Dit kan ook vir die terapeut van waarde wees om te hoor hoe die kind sy lewensstorie vertel met behulp van die lewensboek. Dit is ook belangrik om die kind se vrese en hoop vir die toekoms in die lewensboek in te sluit sodat sy versorgers bewus kan word daarvan. Hulle moedig ook die pleegouers aan om, byvoorbeeld hul eie lewensboek saam te stel sodat hulle die kind kan wys waar hy inpas in hul lewe. Hierdie tegniek kan ook in die kinderhuisopset aangewend word, waar huisouers vir die kind hul lewensboek wys en verduidelik hoe hy inskakel in die huisopset. So 'n lewensboek kan volgens die navorser foto's bevat van aktiwiteite wat die huis saam doen en van elke kind individueel.

#### 3.4.11 Moontlike struikelblokke

Tydens die voltooiing van die lewensboek kan die terapeut verwag dat die kind kan regresseer. Regressie word deur Ryan en Walker (1993:18) omskryf as: *“...a return to behaviour which might have been left behind, or taking on behaviour patterns which belong to a much younger age group”*. Dit blyk dus dat dit algemeen is vir 'n getraumatiseerde kind om sy gedrag te laat terug regresseer na die ouderdom waarin hy van sy ouers verwyder is. Verder waarsku Ryan en Walker (1993:21) dat regressie 'n verskeidenheid vorme kan aanneem. Hulle noem die volgende: enurese en enkoprese; woedeuitbarstings; en onttrekking. Die outeurs voel vervolgens dat regressie normaal is. Dit is gewoonlik kort van duur en gesonde groei vind daarna plaas. Dit is belangrik om vir die versorgers van die kind die nodige hulp en ondersteuning te bied tydens hierdie fase waardeur die kind gaan. Die navorser voel dit is in belang van die kind om die huisouers in te lig dat regressie kan plaasvind, sodat hulle die situasie beter sal verstaan en hanteer.

3.4.12 Eerlikheid en oordrag van inligting aan die kind

Verder is dit belangrik om eerlik met die kind te wees, veral oor die redes vir sy verwydering. Alle kinders voel verwerp en seergemaak oor die verwydering vanuit hul gesin van herkoms. Tydens die maak van die lewensboek kry die kind die geleentheid om hierdie woede en seer te verbaliseer. Die kind moet die terapeut kan vertrou om hierdie inligting met hom te kan deel. Die terapeut moet ook 'n konstante figuur wees in die kind se lewe. Daar moet ook aan die kind gevra word wat hy dink die redes vir sy verwydering was. Dis belangrik om nie jou eie siening, as terapeut, op die kind af te dwing nie. Indien die kind se storie onwaar is, kan die terapeut sê hy verskil van die kind en vir die kind vertel wat werklik gebeur het. Indien die kind later kan erken hoe sleg die situasie werklik in sy ouerhuis was, is dit 'n groot stap in die herstelproses (Ryan & Walker, 1993:18-19).

Wees as terapeut altyd eerlik met die kind, maar stel die waarheid sagter aan hom. Dit is belangrik om nie die waarheid te verbloem nie, want die kind sal vertoue in die terapeut verloor. Ryan en Walker (1993:19) stel voor dat daar positiewe eienskappe geïdentifiseer moet word vir die kind se ouers, maar dat die negatiewe eienskappe nie verberg moet word nie. Dis belangrik vir die terapeut om objektief te wees en om nie die kind se familie te kritiseer nie. Onthou dat die kind deel is van die gesin van herkoms, en deur die gesin te kritiseer, voel die kind dat die kritiek ook vir hom bedoel is. Gee altyd die inligting aan die kind sodat dit ouderdoms-gepas is, skryf Ryan en Walker (1993:21).

Finally, remember that every child is an individual with a very interesting story to tell if you can help them to do it. Let them know that you are interested and can be trusted and eventually they will want to tell you all about themselves (Ryan & Walker, 1993:19).

3.4.13 Funksies van die lewensboek

Die lewensboek het sekere funksies, volgens Van der Merwe (1996a:117-118):

- Dit verhoog die kind se selfkonsep.
- Dit breek emosionele grense asook verdedigingsmeganismes af.
- Die kind se siening van homself, die omgewing en situasie word meer realisties en die kind verkry aanvaarding.
- Die lewensboek help die kind om die verlede beter te verstaan en ook om 'n skerper fokus op die toekoms te hê.

- Deur die lewensboek verkry die kind die geleentheid om die verlede te herkonstrueer en om 'n eie identiteit te ontwikkel.
- Die kind kan deur gelukkige en ongelukkige ervarings werk en dit integreer. Nou ontwikkel die kind 'n realistiese beeld van die hede en kan begin bou aan nuwe verhoudings. Uiteindelik kan die kind begin beplan vir 'n positiewe toekoms.
- Oor skeiding en verandering ervaar die kind 'n groter toleransie.
- Die lewensboek kan voordelig wees vir die terapeutiese verhouding en kan kommunikasie tussen die kliënt en terapeut stimuleer.
- Tussen spelterapeutiese sessies kan die kind die boek hou en sodoende word daar 'n band tussen hom en die terapeut behou.
- Die ouers word betrokke deur inligting vir die lewensboek te voorsien. Nou kan die lewensboek dien as die kind se stem, waar daar gesamentlik met ouers toekomsbeplanning gedoen word.

#### 3.4.14 Inhoud en werkswyse

Maar wat is die inhoud en werkswyse wat gevolg moet word vir die maak en gebruik van 'n lewensboek? Van der Merwe (1996a:118-119) stel voor, deur vir Porter en Harrison aan te haal, dat verskeie stappe gevolg moet word in die samestelling van 'n lewensboek. Navorser het van die volgende stappe gebruik gemaak:

- Die lewensboek moet belangrike gebeurtenisse in die kind se lewe dek.
- Die kind moet self besluit waar in die hede of verlede daar met die boek begin moet word. Alhoewel 'n kronologiese orde aanbeveel word, kan daar terugwaarts gewerk word vanaf die hede na die verlede. Die navorser dink ook dat vanuit die gestaltbenadering daar baie klem geplaas word om in die 'hier-en-nou' te werk met die kind.
- Die kind kan die terapeut versoek om 'n verslag oor sy lewe saam te stel.
- Die konteks van die lewensboek moet beperk word tot belangrike mense in die kind se lewe.
- Die inhoud kan beperk word tot sekere gebeure in die kind se lewe.
- Die lewensboek kan ook die verskillende huise en gemeenskappe, waarin die kind gewoon het, voorstel.
- Dit kan fokus op self-beskrywing: die kind word gevra om sy eie positiewe en negatiewe eienskappe te beskryf.
- Gebruik 'n genogram om 'n familieboom saam te stel. Dit kan visueel aantrekliker gemaak word deur dit in die vorm van 'n boom te teken.

- Waar moontlik kan foto's gebruik word om die boek te illustreer. Die terapeut en kliënt kan saam foto's neem, indien moontlik.
- Prente van tydskrifte kan ook gebruik word saam met die kind se tekening, as illustrasies. Hierdie sal aansluiting vind by die collage wat die navorser beoog om te gebruik indien daar nie genoeg foto's opgespoor kan word nie.
- Die lewensboek is die kind se boek en hy mag dit gebruik soos hy dit verkies.
- Alhoewel die terapeut die terapeutiese spoed bepaal, is dit die kind wat die tempo van die lewensboek se konstruksie bepaal. Sodra die kind belangstelling verloor, moet die terapeut die werk aan die lewensboek staak. Werksessies moet egter gereeld geskied sodat die kind se aandag behou kan word.
- Die kind moet self besluit wie die boek mag sien en die mate van konfidensialiteit wat gehandhaaf moet word.
- Die kind bepaal hoe netjies die boek saamgestel moet word en hoe versigtig dit hanteer moet word.
- Die terapeut moet inligting aan die kind sensitief en empaties oordra. 'n Positiewe houding moet ook deurgaans gehandhaaf word.
- Die gebruik van die lewensboek vorm deel van 'n stadige, intensiewe proses wat emosionele vereistes stel aan beide die terapeut en die kind. 'n Stabiele terapeutiese verhouding wat gebou is op vertroue, sal aan die kind sekuriteit verskaf terwyl daar aan die lewensboek gewerk word.

### **3.5 Terapeutiese hulpmiddels**

Van der Merwe (1996a:120) beveel aan dat daar met die samestelling van 'n lewensboek van spesifieke terapeutiese hulpmiddels en inligting gebruik gemaak moet word.

#### **3.5.1 Primêre hulpmiddels**

Inligting word beskryf as die primêre hulpmiddel in die samestelling van die lewensboek. Dit kan ingesamel word vanuit verskeie bronne, noem Van der Merwe (1996a:120). Die volgende bronne kan gebruik word om akkurate inligting rakende die kind in te samel: gevallewerkverslae; hofdokumente; terapeute wat in die verlede aan die gesin dienste gelewer het; ouers en ander familieledede; briewe; poskaarte; en foto's.

### 3.5.2 Sekondêre hulpmiddels

Sekondêre hulpmiddels kan omskryf word as die benodighede wat gebruik word vir die maak van die lewensboek, byvoorbeeld vetkryt, boeke, die kamera, gom en skêr (Van der Merwe, 1996a:120).

### 3.5.3 Tersiêre hulpmiddels

Speltherapeutiese hulpmiddels word ook gebruik tydens die maak van 'n lewensboek. Van der Lith (1999:36) is van mening dat die spelterapeut die kind moet help om sy gevoelens uit te druk. Vervolgens noem sy dat speltherapeutiese hulpmiddels slegs 'n breë riglyn of uiteensetting van hulpverlening aan die kind bied. Dit help die kind ten einde kontak te maak met sy eie gevoelens, om eie gevoelens uit te druk, alternatiewe wyses van konflikhantering aan te leer en ook om beheer en mag te verkry oor sy gevoelens en gedrag. Ryan en Walker (1993:41-44) stel voor dat daar van die volgende hulpmiddels gebruik gemaak kan word: handpoppe; poppe om die kind se gesinslede voor te stel; die leëstoel-tegniek; die telefoon as gespreksmedium; en rollespel. Die navorser sal teken en collage as speltherapeutiese hulpmiddels bespreek, aangesien dit gebruik word in die maak van die lewensboeke tydens die empiriese studie:

#### 3.5.3.1 Teken

Van der Lith (1999:36) glo dat tekeninge ook as projeksietegniek gebruik kan word ten einde op 'n indirekte en nie-bedreigende wyse by die kind se ware gevoelens uit te kom. Oaklander (1988:25) is van mening dat die tekening vir die terapeut van die kind iets vertel oor wat binne in die kind aangaan. Dit bevorder ook die interaksie tussen die kind en die terapeut. Strydom, C. (1998:52) is ook van mening dat teken die projeksiemedium is waardeur die kind sy vrese, gevoelens en bekommernisse kan projekteer, eksplorieer en begryp. Dit bied aan die kind psigologiese verligting, deurdat die interne nood en ongemak op 'n eksterne wyse uitgedruk word. Verder bevorder dit die verhouding tussen die terapeut en die kind, indien die terapeut ook iets skeep.

Van der Lith (1999:36) noem dat slegs die kind sy eie gevoelens en denke kan beskryf; daarom moet die terapeut die kind sensitief begelei tot 'n verklaring van sy gevoelens en denke. Strydom, C. (1998:52) stel dit ook dat die tekening vir die terapeut waardevolle inligting kan gee tydens assessering omdat die kind op 'n spontane wyse inligting weergee. Volgens Schoeman (1996c:74) is dit belangrik dat die kind gedurende die begeleiding gedurig moet bevestig of hulle op die regte spoor



is. Kinders (veral in hul middelkinderjare) is gewoonlik bang om te sê dat hulle anders voel.

Dit is waardevol om Oaklander (1988:53) se model te gebruik omdat die kind met behulp van veertien stappe gelei word om sy projeksie te interpreteer. Oaklander se model kan soos volg uiteengesit word:

- Motiveer die kind om die ervaring en gevoelens wat hy met die tekening beleef het, te deel.
- Gee die kind die geleentheid om sy tekening te deel – laat die kind sy tekening in eie woorde beskryf.
- Motiveer die kind om op die verskillende dele van die tekening uit te brei.
- Vra die kind om die tekening te beskryf asof hy die tekening is.
- Kies spesifieke aspekte in die prent vir die kind om mee te identifiseer.
- Vra vrae om die proses aan te help.
- Fokuseer op die verskerping van gewaarwordinge - lig sekere dele uit en beklemtoon die dele.
- Laat die kind toe om 'n gesprek tussen die dele van die prent te voer.
- Moedig die kind aan om aandag te skenk aan die kleur wat hy gebruik het.
- Waarneming van die kind se verbale en nie-verbale uitdrukkings is belangrik – benut stiltes.
- Werk aan identifikasie - help die kind om die tekening te besit.
- Bring die tekening met die kind se eie belewenis in verband - let op na onvoltooidhede wat na vore kom.
- Soek enige ontbrekende dele wat in die prent voorkom en skenk aandag daaraan; dit mag 'n onvoltooidheid wees.
- Die terapeut moet by die kind se 'voorgrondbehoefte' bly (Oaklander, 1988:53).

Van der Lith (1999:38) beskryf dat bogenoemde stappe by terapeutiese hulpmiddels of mediums (soos tekeninge) geïntegreer kan word om die kind te help om in kontak met homself en die omgewing te kom en sodoende beheer oor sy eie lewe uit te oefen.

### 3.5.3.2 Collage

Oaklander (1988:80) verduidelik dat die woord 'collage' afkomstig is van die Franse woord wat beteken om 'papier te plak of te hang'. Sy omskryf verder 'n collage as:

“... a collage is any design or picture made by pasting or attaching materials of any variety to a flat backing such as cloth or paper”. Verder voeg Oaklander (1988:80) by dat collage, saam met teken, verf of geskrewe werk gebruik kan word. Sy het gevind dat collage ‘n baie opwindende medium van uitdrukking is vir kinders van alle ouderdomme.

Porter (1983:308–309) stel voor dat prente en uitknipsels uit tydskrifte gebruik kan word:

- om die kind se gesin te herkonstrueer.
- om bewustheid by die kind te kweek aangaande emosies van ander en van homself. Dit leer ook die kind hoe om sekere emosies te hanteer.
- om ‘n model vir gedragsmodifikasie saam te stel.
- om die lewensboek te illustreer.
- om van strokiesprente gebruik te maak sodat die kind sy storie kan vertel.
- om ‘n lewensboek saam te stel om die kind se selfvertroue te verhoog oor ‘n spesifieke tema.

Oaklander (1988:81) sluit hierby aan en noem dat goeie collage-werk gedoen kan word deur slegs van tydskrifprente gebruik te maak. Die belangrikste materiaal om byderhand te hê is: ou tydskrifte, kalenders, prente en foto’s. Sekere sinne kan ook uit ‘n tydskrif uitgesny word sodat die kind dit kan plak. Inkleurboeke, kinderaktiwiteitsboeke en ook ou storieboeke kan ook hiervoor gebruik word (Oaklander, 1988:81). Van der Merwe (1996a:122) stel voor dat die gebruik van tydskrifprente ook vir die kind as rolmodelle kan dien. Dit verskaf aan die kind ‘n konkrete beeld om na te streef. Verder is dit ontspannend vir die kind om na prente te kyk, verbeter die vertrouensverhouding tussen kind en terapeut en gee aan die kind die geleentheid om sy wense en gevoelens uit te spreek.

### **3.6 Elemente ter benutting van die lewensboek**

Ryan en Walker (1993:26) stel voor dat die volgende elemente by die lewensboek ingesluit moet word: beskrywing van die kind se geboorte; die geboortesertifikaat; die familieboom/stamboom; padkaarte; tydgrafieke of lewenslyn; besoeke aan die verlede; en foto’s van die kind self.

Die navorser sal slegs die volgende elemente wat in die empiriese studie benut word bespreek:

### 3.6.1 Foto's

Weiser (1988:339–376) verduidelik dat foto's gebruik kan word in fototerapie om gevoelens en herinneringe te eksploreer. Foto's kan aktief gebruik word soos waar daar foto's tydens die terapeutiese sessie geneem word. Foto's kan ook passief gebruik word, soos om na ou foto's te kyk.

The discussion of photos of happy family times can aid the child in grieving for the disruption of his family. Photos take him back to those times in a concrete way and his feelings should come to the fore (Weiser, 1988:376).

Van der Merwe (1991:180) stel voor dat gesinsfoto's gebruik moet word in die maak van realistiese papierpoppe wat die kind kan help om deur sy gevoelens te werk. Dit kan ook gekombineer word met die pophuis sodat die kind gevoelens kan verbaliseer. Die navorser het beplan om die foto's van die respondente te benut, deur opskrifte aan elke foto te gee terwyl daar aan die respondent inligting oor haar gesin van herkoms gegee word.

### 3.6.2 Tydgrafieke/ tydlyn/ lewenslyn

Van der Merwe (1996a:120) stel voor dat tydgrafieke gebruik word, sodat die kind 'n oorsig van sy lewe kan kry. Hier kan verskeie ontwikkelingsfases visueel voorgestel word, asook belangrike persone en gebeure in die kind se lewe. Die kind kan sy eie simbole vir die tydlyn teken. In so 'n geval word bibliospel en kreatiewe spel gekombineer. Harrison (1988:389) verduidelik dat 'n tydlyn met 'n lewensboek gekombineer kan word. Velle papier of lang stroke rekenaarpapier kan gebruik word om sodoende 'n lang stuk papier te vorm vir die tydlyn. Hierdie tydlyn word dan opgevou sodat dit in die lewensboek kan pas. Die navorser kan ook voorstel dat 'n tekening in die vorm van 'n 'S' gebruik word om die kind se lewenspad voor te stel, aangesien dit minder plek opneem. Dit sal in die vorm van 'n lewenspad gebruik word in die empiriese studie. Van der Merwe (1996a:120) noem dat die terapeutiese proses ook vir die kind in die vorm van 'n tydlyn of -grafiek voorgestel moet word. Sy gee die voorbeeld van 'n skattejag op 'n eiland wat vir die kind sekere doelwitte stel voor dit afgehandel is. Kalenders kan ook hiervoor gebruik word sodat die terapeutiese program beter gestruktureerd voorkom (Van der Merwe, 1996a:120).

### 3.6.3 Self-beskrywings

Hier moet die kind homself beskryf deur sy positiewe en negatiewe eienskappe te noem. Die terapeut verskaf sekere kriteria en hierdie self-beskrywings kan gebruik word as aanknopingspunt van 'n gesprek en kan aansluit by die kind se selfportret (Smith, 1981:117). Hierdie self-beskrywings word in die lewensboek gebruik. Die navorser stel voor dat ter wille van visuele aantreklikheid die selfbeskrywings in die vorm van 'n t-hempontwerp gedoen word. Dit sal ook op die wyse voorgestel word tydens die empiriese studie.

### 3.6.4 Emosie-prente

Ryan en Walker (1993:22) voel dat dit in die eerste sessies belangrik is om die kind se gevoelens te erken en stel die volgende:

We have found that it is necessary from the beginning to establish that you are aware that the child has good/bad, happy/sad, and positive/negative feelings, and it is vital to establish that the child is aware that it is safe to talk about the bad as well as the good.

Verder stel Ryan en Walker (1993:22) voor dat kinders hul teenoorgestelde emosies uitdruk deur iets te maak of om prente te teken. Daar kan ook van prente gebruik gemaak word om die kind aan te moedig om oor die teenoorgestelde gevoelens te praat. Ryan en Walker (1993:23-24) nooi die kind om 'n prent te teken van 'n gebeurtenis wat hom gelukkig gemaak het. Dan word die kind aangemoedig om 'n opskrif vir die prent te gee en te vertel wat daar gebeur het wat hom gelukkig gemaak het. Net so word die kind gevra om 'n prent te teken van iets wat hom kwaad maak of waarvan hy nie hou nie. By hierdie element kan daar dus deur die navorser van teken as spelterapeutiese tegniek gebruik gemaak word. Ryan en Walker (1993:24) stel voor dat die terapeut gedurende die fase slegs aan die kind moet wys dat hy bewus is dat die kind beide positiewe en negatiewe gevoelens het en dat beide onvoorwaardelik aanvaar word. Dit sluit vir die navorser nou aan by emosionele bewustheid, asook polariteite vanuit die gestaltbenadering. Die navorser sal hierdie saam met die selfbeskrywings gebruik in die empiriese studie om die polariteite wat die respondente beleef, uit te lig.

### 3.6.5 Beskrywing van die kind se geboorte

Ryan en Walker (1993:26) is van mening dat daar nie slegs veronderstel moet word dat die kind bewus is hoe die voortplantingsproses verloop nie. Die terapeut moet aan die kind vra om hierdie inligting met hom te deel om vas te stel oor hoeveel

inligting die kind beskik. Daar word aanbeveel om die inligting ouderdomsgeskik oor te dra met behulp van gesondheidsonderrigboeke en met prente wat konsepsie tot en met die eerste verjaarsdag dek. Indien daar nie foto's van die kind se geboorte tot eerste jaar beskikbaar is nie, moet daar met prente uit tydskrifte of tekeninge geïmproviseer word. Tydskrifprente of tekeninge kan ook benut word as daar van collage gebruik gemaak gaan word (Ryan & Walker, 1993:26). Daar moet ook navraag gedoen word by die hospitaal waar die kind gebore is oor die kind se tyd van geboorte, asook die geboortegewig. Hierdie inligting moet aan die jonger kind verduidelik word, byvoorbeeld die kind kan 'n horlosie teken wat die tyd van geboorte voorstel. Daar kan vir die jonger kind gewig verduidelik word in terme van die gewig van sekere kossoorte soos 'n sak suiker. Die kind moet dan elke prent of tekening 'n gepaste opskrif gee, byvoorbeeld: 'Toe ek gebore is, het ek 3,4kg geweeg; dit is soos 3 sakke suiker' (Ryan & Walker, 1993:27).

#### 3.6.6 Die geboortesertifikaat

Ryan en Walker (1993:27) verduidelik dat hulle nooit voorbereid was op die effek wat 'n fotokopie van die kind se geboortesertifikaat op die sessie het nie. Maar deesdae stel hulle voor dat 'n hele sessie hieraan afgestaan moet word, omdat die geboortesertifikaat 'n reeks vrae deur die kind ontlok. Selfs vir kleiner kindertjies is hierdie die bewyse dat hulle gebore is en 'n identiteit het wat nooit van hulle weggeneem kan word nie. Die navorser het die geboortesertifikaat se bespreking gekombineer met die beskrywing van die kind se geboorte tydens die empiriese studie.

#### 3.6.7 Die familieboom/stamboom

Daar moet in ag geneem word dat nie alle kinders uit 'n permanente gesin kom nie. Ryan en Walker (1993:27) beweer dat 'n gesinsituasie nie staties bly nie, maar dat ouers (nadat die kinders verwyder is) met nuwe verhoudings mag begin, en die nuwe vriendskappe ook moontlik nog kinders insluit. Hierdie situasie mag daartoe lei dat die kind wat verwyder is, deurmekaar en ook jaloers voel op die ander sibbe wat agterbly in die gesin van herkoms of diè wat binne die gesin gebore word. Vervolgens stel hulle voor dat die kind moet uitklaar hoe die skakels van die gesin in mekaar pas, maar ook wat die huidige situasie en almal se rol binne die gesin is (Ryan & Walker, 1993:27).

Ecomaps, family trees and diagrams of blood ties have all proved useful as ways of explaining a child's relationships to siblings, half-siblings and significant adults in their family of origin (Ryan & Walker, 1993:27).

Komplekse gesinsstrukture moet aan die kind verduidelik word. Sodoende kan die kind bevind dat sy lewe en gesin uniek is. Dit is belangrik om kontak te behou tussen grootouers, sibbe en ook die geboorte-ouers. Waar broers en susters geskei is van mekaar, ervaar hulle 'n verlies na mate hulle ouer word. Aangesien dit altyd die beste vir die kind is om deur sy eie gesin versorg te word, moet daar deur die familieboom verduidelik word hoekom die ideaal nie moontlik is nie (Ryan & Walker, 1993:28-29). Die geboorteouers of gesin is die beste bron van inligting om die familieboom saam te stel. Hierdie word deur Ryan en Walker (1993:29) as 'n baie belangrike tegniek beskou aangesien aan die kind hier verduidelik word wat sy plek in die gesin en familie is. Somtyds kan die kennis die kind hartseer maak omdat dit groter klem plaas op die kind wat nou nie meer in die familie 'n plek bekleë nie, maar andersins help dit die kind om die gebeure te verstaan wat gelei het tot sy verwydering. Soms besef die kind dat sy ouers nie sleg of wreed was nie, maar net swak voorbereid was op ouerskap.

Indien die beplanning is om die kind terug te plaas by die gesin van herkoms, moet die kind ingelig word oor al die veranderinge wat plaasgevind het binne die gesinsopset. Indien die kind nie terug kan keer na die gesin van herkoms nie, moet dit aan die kind verduidelik word deur na die familieboom en veranderinge wat plaasgevind het, te verwys (Ryan & Walker, 1993:29). Die navorser het die gesin van herkoms in die empiriese studie deur 'n gesinstekening voorgestel sodat dit meer konkreet sal wees vir die respondente.

### **3.7 Samevatting**

Maatskaplike werkers is meestal betrokke in hulpverlening aan gesinne en aan kinders. Kliniese werk met die kinderkliënt het 'n unieke karakter en behels vir die terapeut die spesialisering in sekere kennis en vaardighede. Vir die spesialisering word kennis in veral speltherapie vereis. Speltherapie kan gedefinieer word as: 'n dinamiese interpersoonlike verhouding tussen 'n kinderkliënt en 'n terapeut wat opgelei is in speltherapieprosedures. Die terapeut verskaf sekere spelmateriale en fasiliteer die ontwikkeling van 'n veilige verhouding. Hier kan die kind ten volle homself uitdruk en gevoelens, gedagtes, ervarings en gedrag eksploreer.

In die spelterapeutiese verhouding sal die navorser vanuit 'n gestaltbenadering te werk gaan. Gestaltterapie is ontwikkel deur Perls om mense te leer om liggaamsprosesse en emosionele modaliteite te herken waarvan hulle nie bewus is nie. Die gestaltsiening van mense is positief: die mens is in staat om self-

regulerende wesens te word wat 'n sin van integrasie en eenheid in hul lewens kan bereik. Daar word verskeie fantasie-, taal- en speltegnieke aangewend om die kliënt in die hede te oriënteer.

Die lewensboek maak deel uit van biblioterapie. Die lewensboek kan gedefiniër word as 'n visuele of geskrewe rekord (wat belangrike inligting oor die kind se situasie bevat) wat aan die kind voorgelê word. Lewensboeke word gewoonlik gebruik by kinders wat van hul ouers verwyder is en wat woonagtig is in kinderhuise, by pleegouers of aanneemouers. Kinders wat in 'n kinderhuis woon, of by pleegouers, benodig 'n werkswyse om te verklaar waarom hulle geskei is van hul ouers en van ander volwassenes. Hulle wil ook gewoonlik weet hoekom hul ouers nie instaat was om hulle verder te versorg nie.

Die terapeut moet aan die kind die volle waarheid vertel ten opsigte van sy ouers en ook van die redes wat gelei het tot die verwydering uit hulle sorg. Dit is belangrik dat die terapeut die positiewe punte beklemtoon en om nie veroordelend oor die kind se ouers te praat nie. Daar kan tydens enige stadium in die terapeutiese proses met 'n lewensboek begin word. Daar moet egter 'n vertrouensverhouding tussen die terapeut en die kind bestaan. Die terapeut moet haarself voorberei aangaande die kind se agtergrond voordat daar met die lewensboek begin kan word. Inligting kan volgens die navorser gevind word: in die kind se lêer by die kinderhuis; hofdokumentasie; by die kind se ouers en rekonstruksiewerker; by die huisouers in die kinderhuis; en by die kind se betrokke maatskaplike werker.

Elke sessie van die lewensboek moet daarop fokus om die kind te leer ken om sodoende sy lewensboek te kan voltooi. Die terapeut moet 'n standvastige, betroubare persoon in die kind se lewe word. Daar moet vaste afsprake met die kind gemaak word en die terapeut moet daarby hou. Die lewensboek is 'n private boek en mag soms onnet wees en mag alles bevat wat die kind dink is relevant vir sy lewensstorie. Dit behoort aan die kind, maar die tydsberekening moet reg wees vir die oorhandiging van die lewensboek aan die kind. Daar word voorgestel dat dit aan die einde van die terapeutiese program plaasvind, tydens die afsluitingssessie. Die navorser is van mening dat die lewensboek saam met die kind se ander lêerinhoud gebêre moet word om die nodige konfidensialiteit te verseker. Betreffend die vertroulikheid: niemand mag na die kind se lewensboek kyk sonder die kind se toestemming nie.

Tydens die voltooiing van die lewensboek kan die terapeut verwag dat die kind kan regresseer. Die terapeut moet die aard van regressie egter aan die belangrike ander persone in die kind se lewe of sy versorgers verduidelik, sodat hulle die aard en omvang daarvan kan beseef. Verder is dit belangrik om eerlik met die kind te wees, veral oor die redes vir sy verwydering, dit verhoog die waarde van die lewensboek vir die kind.

Deur die maak van tekeninge of modelle word aan die kind die geleentheid gebied om sy gevoelens uit te druk. Tekeninge kan ook as projeksietegniek gebruik word ten einde op 'n indirekte en nie-bedreigende wyse by die kind se ware gevoelens uit te kom. Deur Oaklander se model te gebruik kan die kind met behulp van die veertien stappe gelei word om sy projeksie te interpreteer.

Die woord 'collage' is afkomstig van die Franse woord wat beteken om 'papier te plak of te hang. Collage is 'n baie opwindende medium van uitdrukking vir kinders van alle ouderdomme. Goeie collage-werk kan gedoen word deur slegs van tydskrifprente gebruik te maak. Die belangrikste materiaal om byderhand te hê is ou tydskrifte, kalenders, prente en foto's. In die speltherapie-ervaring word aan die kind 'n veiligheidszone gegee waarin hy die ware self na vore kan laat kom. Die kind druk homself uit deur 'n spelmedium en leer sodoende homself beter ken. Deur die selfkennis word die kind se kapasiteit verhoog.

In die hoofstuk word die elemente wat gebruik kan word in die samestelling van die lewensboek bespreek. Die elemente kan benoem word as: foto's, tydgrafieke, emosie-prente, 'n beskrywing van die kind se geboorte, bespreking van die kind se geboortesertifikaat en uiteensetting van die kind se familieboom/stamboom.



## **HOOFSTUK 4: EMPIRIESE BEVINDINGE**

### **4.1 Inleiding**

Die volgende hoofstuk sal fokus op die empiriese studie wat uitgevoer is om die doel en doelwitte van die studie te bereik. Die doelstelling van die studie was om die benuttingswaarde van die lewensboek ten opsigte van selfblaaam by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis te bepaal. Dit het aanleiding gegee tot die navorsingsvraag waarop hierdie projek geskoei is. Die navorsingsvraag lui soos volg: Kan die lewensboek in speltherapie benut word by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis ten opsigte van selfblaaam?

Die tipe navorsing wat uitgevoer is, was toegepaste navorsing. Toegepaste navorsing was gepas vir hierdie studie aangesien bestaande kennis uitgebrei is en nuwe kennis bekom is. Met die toegepaste navorsing is ook gepoog om 'n spesifieke probleem aan te spreek, naamlik die selfblaaam van die middelkinderjarige dogter in die kindershuis. Die navorser het besluit om deur middel van speltherapeutiese sessies met die lewensboek die dogters se selfblaaam aan te spreek. Ander speltherapeutiese tegnieke is ook gebruik in die maak van die lewensboeke. Hierdie tegnieke was teken en collage. Daar is vanuit die gestaltbenadering te werk gegaan tydens die individuele sessies.

Die kern van die studie was die benutting van die lewensboek ten opsigte van selfblaaam van drie middelkinderjarige dogters wat woonagtig is in Abraham Kriel/Maria Kloppers Kindershuis te Langlaagte. Al die middelkinderjarige dogters wat Afrikaans en Engels magtig is in die Abraham Kriel Kindershuis is in die steekproef geïdentifiseer. Daarna het die navorser van 'n doelbewuste seleksie in 'n nie-ewekansige steekproeftrekking gebruik gemaak om sodoende slegs drie respondente vanuit die maatskaplike werkers se gevalleladings te identifiseer wat hulself blameer vir verwydering vanuit hul ouers se sorg.

Die klem van die hoofstuk sal val op die analisering en interpretasie van die data wat ingesamel is, deur die gebruik van die lewensboek in speltherapeutiese sessies. Hierdie insameling van data het oor 'n periode van vier maande plaasgevind. Die studie poog om die navorsingsvraag te beantwoord, en om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak vir die benutting van die lewensboek ten opsigte van selfblaaam in speltherapeutiese sessies.

## **4.2 Navorsingsprosedure**

### **4.2.1 Data-insameling en rekordhouding**

Die navorser het die data sistematies ingesamel deur van ses speltherapie sessies met elke respondent gebruik te maak. Die verloop van hierdie sessies is noukeurig gedokumenteer in die vorm van prosesnotas. Die navorser het die prosesnotas van elke sessie verwerk om sodoende die belangrikste en geskikste inligting te selekteer. Die navorser het ook elke respondent se lewensboek in chronologiese volgorde geliaseer. Sodoende is die data as geheel georganiseer gehou. Aangesien data-insameling 'n tweeledige proses is, moes die navorser eerstens die data insamel tydens die ses speltherapie sessies. Daarna moes die navorser dit noteer en tydens die tweede stap, moes die navorser die data analiseer na afloop van die speltherapie sessies. Die navorser moes ook die data weer her-analiseer nadat die empiriese studie voltooi is. Dit het verseker dat alle nodige inligting deurgegee word, maar ook dat daar nie onnodige herhaling van feite plaasvind nie.

### **4.2.2 Hantering van data**

Die navorser het die data wat ingesamel is tydens die ses speltherapeutiese sessies, met die drie respondente elk, gerangskik in:

- chronologies geliaseerde prosesnotas
- chronologies geliaseerde lewensboek-inskrywings
- gekopieerde verslae op 'n data-cd in rekenaarmaat.

Daarna het die navorser die prosesnotas se inligting herskryf in die vorm van agtergrondsinligting en empiriese inligting. Hierdie metodes het die navorser gehelp om die data maklik te organiseer, te manipuleer en te hergebruik.

### **4.2.3 Lees en notering van data**

Die navorser het die transkripsies herhaaldelik deurgelees om 'n geheelbeeld van die sessies te verkry. Dit het ook die navorser gehelp om bekend te raak met die data en om onnodige feite weg te laat. Daarna het die navorser geïdentifiseer watter data spesifiek in konteks gebring kan word met die literatuurstudie. Dit het die navorser gehelp om temas en subtemas te beskryf.

### **4.2.4 Beskrywing, klassifisering en interpretering van data**

Tydens hierdie komplekse fase is die data geïnterpreteer om temas en subtemas te identifiseer. Hier het die navorser gefokus op aspekte wat ooreenstem tussen die drie dogters. Die navorser het die literatuurstudie as verwysingsraamwerk gebruik.

#### 4.2.5 Aanbieding van data

In hierdie fase word van die navorser verwag om die data aan te bied. Omdat kwalitatiewe navorsing gedoen is, het die navorser besluit om die data aan te bied in die vorm van individuele spelterapeutiese sessies. Die navorser het ook besluit om die lewensboeke van die dogters as rekords te laat dien. Die lewensboeke is in die bylae vervat in chronologiese volgorde. Dit het aan die navorser groter insig in die dogters se leefwêreld verskaf en sodoende kon dokument-analise gedoen word. Die lewensboeke dien dus as 'n vorm van persoonlike dokumente van die dogters.

### **4.3 Aanbieding van kwalitatiewe data van dogter 1: Britney G.**

#### 4.3.1 Agtergrondsinligting

##### 4.3.1.1 Gesinsituasie

Britney is gebore in 1994 te Paardekraal Hospitaal. Die ouers is getroud in 1995 en hul huwelik was gekenmerk deur baie huwelikskonflik en aanrandings. Die biologiese vader se werksrekord was onstabiel en hy het drank en dwelms misbruik. Hy is een jaar gevangenisstraf opgelê weens poging tot moord. Daarna het die egpaar geskei in 1997. Die biologiese vader is oorlede na 'n bakleiery in 1999. Met haar moeder se werkloosheid het Britney tydelik by haar paterne grootouers gaan woon. Tydens 'n besoek by haar biologiese moeder in 2000, noem Britney dat haar oupa, sy vriend, haar nefie en twee vreemde mans haar gemolesteer het. Daarna gaan Britney by haar biologiese moeder, stiefvader en suster woon. Die stiefvader misbruik ook drank en die egpaar ervaar huwelikskonflik. Weens hul behuising en finansiële omstandighede kon Britney nie langer by hul woon nie. Die biologiese moeder versoek dat Britney in pleegsorg geplaas moet word, maar die plasing misluk einde 2000. Die volgende pleegsorgplasing misluk ook weens Britney se gedragsprobleme en ook haar uitreagerende seksuele gedrag. In 2001 word Britney in Jubillium plek van veiligheid in Boksburg-Noord geplaas en daarna by Abraham Kriel Kinderhuis te Langlaagte. In 2002 word 'n saak van verkragting geopen teen Britney se stiefoupa. Sy kan nie getuig nie en is ook nie in staat om inligting weer te gee nie; die saak misluk. In 2003 beweer Britney dat haar stiefvader haar betas het. Sy is weereens nie in staat om te getuig nie en die saak misluk. Britney se moeder het in 2003 tot begin 2004 alle kontak met Britney verbreek en het haar nie ondersteun nie. Britney het baie kritiek ontvang weens haar aantygings en daar is gemeen dat sy leuns vertel. Die biologiese moeder het eers weer kontak met Britney gemaak nadat die navorser haar genader het vir agtergrondsinligting vir die maak van die lewensboek.

#### 4.3.1.2 Huidige situasie in die kinderhuis

Britney is gebonde in haar huis en met haar huisouers in die kinderhuis. Sy het tog 'n intense behoefte aan haar moeder en laasgenoemde se aanvaarding en liefde. Die kinderhuis verbied kontak tussen Britney en haar stiefvader. Britney is nou nege jaar en vier maande oud.

#### 4.3.1.3 Mate van selfblaam

Britney ervaar intense selfblaam, veral omdat haar moeder haar nie glo oor haar aantygings teenoor haar stiefvader nie. Sy is ook geneig om te dink dat alles wat met haar gebeur het, haar skuld is.

### 4.3.2 Kwalitatiewe data ten opsigte van dogter 1: Britney G.

#### 4.3.2.1 Sessie 1

- Doel: Om 'n gesinstekening te maak en inligting aan Britney te verskaf oor wat die navorsing behels. Sien bylaag 3.1.
- Verloop: Die navorser verduidelik aan Britney wat die navorsing behels en Britney stem in om haar lewensboek en storie met die navorser te deel. Britney teken haar gesin en ook haar stiefpa se suster en kinders wat by hulle in die huis woon. Sy verseg om haar stiefpa te teken en noem dat sy nie van hom hou nie. Britney vertel dat sy lus voel om haar stiefpa se naam dood te skribbel; die navorser moedig aan dat sy op 'n papier in rooi vetkryt skribbel en krap. Daarna moedig die navorser haar aan om die papier stukkend te skeur en om die kussing te slaan en op te spring ter wille van aggressie-ontlading. Britney sê sy voel beter na die aggressie-ontlading.
- Evaluering: Inligting is aan Britney ouderdomsgepas oorgedra oor wat die navorsing behels sodat sy toestemming kan gee tot deelname. Die navorser verkry insig deur middel van die gesinstekening oor Britney se gesin van herkoms. Dit word deur Ryan en Walker (1993:29) as 'n baie belangrike tegniek beskou aangesien aan die kind verduidelik word wat sy plek in die gesin en familie is.

#### 4.3.2.2 Sessie 2

- Doel: Om gesinsfotos te benoem, die geboortesertifikaat te bestudeer en die bevrugting- en geboorteproses aan Britney te verduidelik. Bylaag 3.2 word nie vir die doel van die MSD (Speltherapie)-kwalifikasie ingebind nie, aangesien die

insluiting van gesinsfoto's wat bekom is die konfidensialiteit van proefpersone sal skend.

- Verloop: Daar word eers na die foto's gekyk. Weiser (1988:339–376) verduidelik dat foto's gebruik kan word in fototerapie om gevoelens en herinneringe te eksploreer. Britney kyk na 'n foto, dan word die mense en die gebeurtenis met die navorser bespreek en daarna gee Britney 'n gepaste opskrif vir die navorser. Dit lyk asof Britney reeds van jongs af verlies moes hanteer; haar pa, oupa en honde is dood en haar ma het haar tydelik verlaat. Die navorser lig dit vir haar uit – sy lyk hartseer en erken dit. Dan verduidelik die navorser aan haar wat is 'n geboortesertifikaat; sy is heeltemal gefassineerd hiermee. Die navorser beklemtoon dat dit haar 'n unieke mens maak en dat dit bewys dat sy gebore is. Britney het baie vrae oor haar geboorte en babajare. Britney verstaan nie bevrugting- en die geboorteproses nie. Die navorser verduidelik hierdie prosesse ouderdomsgepas aan haar. Britney vra of sy weer mag skribbel; sy neem die rooi kryt, krap vreeslik, frommel die papier op en gooi dit weg.
- Evaluering: Deur die geboortesertifikaat en foto's te benut, kry Britney die gevoel van 'n identiteit wat nooit van haar af weggeneem kan word nie. Deur die bevrugting- en geboorteproses ouderdomsgepas aan Britney te verduidelik verkry sy insig in haar eie geboorte.

#### 4.3.2.3 Sessie 3

- Doel: Die bespreking van Britney se lewenspad. Sien bylaag 3.3.
- Verloop: Die navorser vertel aan Britney dat hulle vandag haar lewenspad gaan teken en dat die inligting wat aan Britney gegee sal word uit haar leër, wat in die kindershuis is, sal kom. Sy gee aan Britney 'n kort opsomming van die inligting wat verkry is. Die inskrywings word soos volg gedoen:
  - Eerste stap: Britney se geboorte.
  - Tweede stap: Die verloop van Britney se ouers se huwelik.
  - Derde stap: Britney se ouers se egskeiding.
  - Vierde stap: Haar biologiese pa se afsterwe.
  - Vyfde stap: Britney se verblyf by haar paterne grootouers en haar molestering deur haar stiefoupa.
  - Sesde stap: Britney se verblyf by haar moeder en stiefvader.
  - Sewende stap: Britney se pleegsorg aansoek wat misluk het.
  - Agtste stap: Britney se eerste pleegplasing wat ook misluk het.
  - Negende stap: Britney se tweede pleegplasing wat ook misluk het.

- Tiende stap: Britney se plasing in Jubiliem plek van veiligheid.
- Elfde stap: Haar oorpasing na Abraham Kriel Kinderhuis.
- Twaalfde stap: Vandag.
- Evaluering: Deur die gebruik van die lewenspad toon Britney insig dat haar ouers se huwelik misluk het as gevolg van hul eie verkeerde keuses. Sy begin dus ervaar dat dit nie haar verantwoordlikheid was nie. Haar selfblaaam kan dus begin afneem.

#### 4.3.2.4 Sessie 4

- Doel: Om 'n collage oor haar gelukkigste kinderdae te maak. Sien bylaag 3.4.
- Verloop: Die navorser vertel aan Britney dat hulle vandag 'n collage gaan maak om die storie te vertel van haar gelukkigste dae. Britney kies om die gelukkige tye by haar ouma uit te beeld. Die navorser verskaf aan Britney tydskrifte, 'n skêr en gom. Britney werk uiters georden: sy blaai die tydskrif deur, knip die prente uit waarvan sy hou, sny dit netjies uit, plak dit dan, omlin die prent en skryf 'n opskrif. Deurlopend onthou sy van haar toeteldiere wat dood is; die tema van verlies kom weer na vore. Dit mag ook wees omdat haar pa se dood nou op haar voorgrond is. Haar ouma en ma word nie ouderdomsgetrou weergegee nie (ouma as 'n jong meisie en ma as 'n baba); maar Britney word deurgaans ouderdomsgetrou weergegee (van babajare tot met middelkinderjare). Dit mag 'n aanduiding wees van die rol van 'parental child' wat Britney vertolk het teenoor hulle.
- Evaluering: Deur van hierdie tegniek gebruik te maak, begin Britney die polariteite in haar lewe raaksien. Haar gelukkigste kinderdae word gekenmerk aan 'n sombere tema van verlies.

#### 4.3.2.5 Sessie 5

- Doel: Om self-beskrywings te maak deur t-hemde te verf. Sien bylaag 3.5.
- Verloop: Die navorser verduidelik aan haar dat hulle gaan gesels oor haar slegte en goeie eienskappe en dat sy gaan verf. Die navorser verduidelik dat elke mens goeie en slegte eienskappe het. As voorbeeld teken die navorser 'n t-hemp op papier, dan wys sy vir Britney om die goeie kant in 'n mooi kleur te verf en om die slegte kant in 'n lelike kleur te verf. Britney verstaan die opdrag en begin ywerig haar eie twee t-hemde te verf. Sy teken eers met potlood en vee baie uit, dan klap sy haarself teen die kop as sy 'n fout begaan. Dit blyk dat Britney baie perfeksonisties is. Die navorser vra haar uit oor haar gedrag. Britney stem

saam dat sy soms baie hard op haarself is. Britney beskou die volgende as haar goeie eienskappe:

- Sy lees Bybel.
- Sy is vriendelik.
- Sy is oulik.
- Sy is netjies.

Die navorser prys haar en noem ook dat sy omdat sy vriendelik is, het sy baie maats. Die navorser noem van verhoudings wat reeds lankal gevorm is met maats soos Ronell en Michelle. Piper (2001:44) noem dat dit moeilik is vir die pleegkind, wat al talle kere van gesinne verwissel het, om goeie vriende te maak. Dit is baie traumaties vir die kind om met elke skuif 'n vriendskapsband te verbreek. Daarom lei die navorser af dat die feit dat Britney lank vriendskapsbande kan behou, 'n positiewe eienskap is. Britney beskou dit as ook een van haar sterk punte. Dan noem die navorser aan haar dat sy baie goed versorg is, dat sy altyd skoon en netjies en mooi aangetrek is. Britney skryf dit ook neer en lyk baie trots. Britney sê die volgende is haar slegte eienskappe:

- Sy vloek.
- Sy word kwaad.
- Sy lyk lelik.

Die navorser eksploreer oor elkeen van die slegte eienskappe. Navorser herinner haar ook dat God haar liefhet en uniek geskape het. Dan verduidelik die navorser aan Britney dat sy haarself moet liefhê en vertroetel. Britney kies die volgende wyses om haarself te vertroetel: Sy sal haar hare versorg, haar bene room smeer, haar gesig was en room smeer en ook op haar naels en tone naellak smeer. Die navorser prys haar vir haar goeie idees. Dan noem die navorser aan haar dat sy ook haarself moet beloon indien sy iets reg gedoen het; Britney kies om elke maand met haar sakgeld vir haar lekkers by die snoepie te koop. Schoeman (1996a:181) noem dat kinders instaat moet wees om hulself te vergewe vir alles wat gedoen is en moet dan instaat wees om hulself te kan vertroetel. Die kind moet gehelp word om die negatiewe aspekte van sy wese na vore te bring en te kan aanvaar. Thompson en Rudolph (1996:345) sluit by die voorgenoemde aan en noem dat die spelterapeut die kind moet aanmoedig en ook die kind moet leer om homself te vertroetel. As opsomming noem die navorser aan Britney dat die papier twee kante het met goeie en slegte aspekte op. In haar lewe is daar ook goeie en slegte aspekte. Haar goeie eienskappe is baie meer as haar slegte eienskappe. Sy moet haarself liefhê en aanvaar. Britney sê dat sy verstaan.

- Evaluering: Britney blyk om die polariteite in haar lewe te begryp en te verstaan aangesien die tegniek die polariteite op 'n konkrete wyse vir haar voorstel. Deur hierdie tegniek kan die navorser ook die kind motiveer om haarself te vertroetel.

#### 4.3.2.6 Sessie 6

- Doel: Om af te sluit en te termineer met Britney.
- Verloop: Die navorser gaan saam met Britney deur die inhoud van haar lewensboek, as oorsig. Britney noem op wat sy in elke sessie gedoen en geleer het. Die navorser neem vir Britney na 'n MacDonalds vir die afsluitingsessie. Sy is vrolik en opgeruimd en geniet haar ete. Britney bedank die navorser vir die ete en al die sessies tydens die maak van die lewensboek. Die navorser laai haar af by haar huis.
- Evaluering: Tydens die oorsig van Britney se lewensboek, kon sy akkuraat inligting aan die navorser oordra oor haar agtergrond. Britney is dus bemagtig met kennis van haar verlede. Dit is duidelik vanuit hierdie oorsig dat Britney se lewensboek gekenmerk word aan verlies en Britney moes deur hierdie rouproses werk tydens die maak van die lewensboek. Toerien (2001:30) stel dit dat die kind tydens terapie deur die rouproses moet werk ten einde suksesvol in sy nuwe omgewing (naamlik die kindershuis) aan te pas. Die navorser kan hierby aansluit en kan voorstel dat die lewensboek as hulpmiddel vir hierdie 'rouproses' gebruik kan word. Britney lyk positief om die toekoms in te gaan. Dit wil vir die navorser voorkom asof sy emosioneel gegroei het tydens die sessies.

#### 4.3.3 Assessering van Britney G

Die navorser sal op die volgende temas fokus gedurende die assessering:

- Verlies: Tydens die sessies het die tema van verlies na vore gekom. Britney het verlies ervaar met haar biologiese vader se dood, haar oupa se dood, haar troeteldiere se dood en ook die verlating deur haar moeder.
- Selfblaam: Die navorser kon waarneem dat indien Britney nuwe inligting verkry, sy insig toon en dat sy nie noodwendig dink dat alles wat in haar lewe gebeur het, haar skuld is nie. Britney se woede en selfblaam aangaande haar seksuele misbruik is 'n uitstaande kenmerk. Die navorser het aan Britney die geleentheid gegee om van die woede te ventileer deur middel van aggressie-ontlading. Oaklander (1988:22) is van mening dat die kind juis aggressief optree as 'n metode om te oorleef. Sy beleef die kind met destruktiewe gedrag en weerstand as iemand met ernstige gevoelens van woede, verwerping, angs, pyn en ook 'n



verwarring oor homself. Toerien (2001:22) sluit hierby aan deur te noem dat die kinderhuiskind moontlik aggressief optree as metode om sy negatiewe gevoelens te hanteer ten einde in sy omgewing te oorleef.

- Invloed van selfblaaam op die res van die kind se funksionering: Die selfblaaam wat Britney oor haar molesterings ervaar het, het veroorsaak dat sy haarself as 'beskadig' gesien het. Sy het deur die sessies aan die navorser genoem dat sy lelik is. Britney was ook baie perfeksionisties en bang om 'n fout te begaan. Dit het gelei tot spanning vir haar en dan weer tot verdere selfblaaam. Die selfblaaam wat Britney dus ervaar, het 'n invloed op haar selfbeeld en prestasie.
- Verwerping wat die kind beleef: Britney het verwerping beleef met die verlating deur haar moeder asook die verskeie versorgingsplasings wat misluk het. Ryan en Walker (1993:21) verduidelik dat kinders wat verskeie kere verwyder is, hulself begin blameer en glo dus dat hulle sleg is. Hierdie verwerping het dus 'n invloed op die selfblaaam wat Britney beleef. Die feit dat haar moeder haar nie bygestaan het deur die trauma van haar molestering nie, dra ook by tot haar gevoel van verwerping. Met haar vader wat oorlede is, is haar moeder die enigste ondersteuningsbron wat sy het. Sy beleef egter 'n ambivalente binding met haar moeder wat haar angstig laat voel. Piper (2001:46) meld dat die kinderhuiskind ook 'n gebrek ervaar aan 'n liefdevolle versorger wat dus kan lei tot sy eie beskouing dat hy nie waardevol genoeg is om liefgehê te word nie. Hieruit maak die navorser die afleiding dat hierdie gebrek aan versorging, vir die kind 'n mate van verwerping laat beleef. Gordon (in Piper, 2001: 46) ondersteun die stelling en noem dat die kind wat mishandel was, ervaar dat ander volwassenes onbetroubaar is en verwerpend optree.
- Swak gesinsverhoudings: Dit het na vore gekom dat Britney 'n angstige ambivalente binding met haar moeder het. Die feit dat sy min ondersteuning ontvang het van haar moeder af, na die bekendmaking van haar molestering, asook die feit dat sy haar stiefvader as 'n bedreiging beskou vir hul verhouding, beklemtoon die swak gesinsverhoudings in Britney se lewe. Britney beleef nie 'n sekure binding met haar biologiese moeder nie. Toerien (2001:22) is van mening dat kinders wat liefde ondervind, makliker in staat is om liefde te betoon. Sy noem dus dat dit dikwels vir die kinderhuiskind moeilik en ongemaklik is om liefde teenoor ander te betoon, wat moontlik toegeskryf kan word aan die gebrekkige liefde wat hulle in hul ouerhuise ondervind het.
- Swak selfbeeld: Britney oor-kompenseer vir haar foute deur perfeksionisties te wees, gevolglik is sy negatief oor haarself en onderskat haar eie vermoëns. Haar

swak selfbeeld en die feit dat sy haarself as onaantreklik of 'beskadig' beskou, kan direk aan die seksuele misbruik gekoppel word.

- Die mate waarin die kind aanvaarding beleef: Sy beleef nie aanvaarding deur haar moeder nie, weens die feit dat haar moeder haar nie glo en ondersteun deur die trauma van haar molestering deur haar stiefvader nie.
- Realistiese verwagtinge wat die kind het: Britney besef dat sy in die kindershuis moet aanbly en dat sy nie in haar moeder se sorg herstel kan word nie, weens die feit dat haar stiefvader haar gemolesteer het.
- Die kind se self-verantwoordelikheid: Britney kom deur die sessies agter dat haar ouers se verkeerde keuses bygedra het tot die situasie waarin sy en haar moeder vandag verkeer. Sy onderneem om nie verkeerde keuses te maak soos om dwelms te misbruik nie. Dit dui vir die navorser op haar self-verantwoordelikheid.
- Die struktuur wat die lewensboek aan die kind verskaf om oor haar selfblaaam te praat: Die lewensboek het aan Britney die geleentheid verskaf om inligting rakende haar verlede en redes van verwydering in te win. Dit het haar gehelp om te besef dat sy nie alleen verantwoordelikheid moet dra vir die gebeure in die verlede nie. Sy besef dat haar oupa en stiefpa wat haar gemolesteer het, die blaaam moet dra en sy kon met behulp van die lewensboek haar woede teenoor hulle verbaliseer. Die aggressie-ontlading wat plaasgevind het, het 'n positiewe invloed op Britney gehad. Paul (1993:39) noem dat die behoefte om vrede te maak met sy verlede en ook om kennis te dra van die verlede belangrik is vir die kindershuiskind. Dit is belangrik dat die kind sy verlede moet aanvaar ter wille van sy eie gesonde funksionering. Die mening word gehuldig dat indien die kind in staat gestel word om vrede te maak met sy verlede, hy die geleentheid kry om sy gestalt te voltooi.
- Skuldgevoelens: Britney het skuldig gevoel oor haar molestings. Met behulp van die lewensboek is sy gelei om haar aandeel realisties te beskou, en te besef dat sy as kind die slagoffer was.
- Angs wat die kind beleef: Vanuit die sessies het dit na vore gekom dat Britney se verhouding met haar ma vir haar angs besorg, veral omdat haar ma nie glo dat haar stiefpa haar seksueel misbruik het nie.
- Vrees vir die onbekende: Britney is al 'n geruime tyd in die kindershuis en is redelik goed aangepas in haar huiseenheid. Sy het 'n binding met die huismoeder wat baie positief inwerk om haar vrees vir die onbekende te verminder. Britney was egter bekommerd oor toekomstige besoeke van haar ma en dalk ook haar stiefpa. Deur haar te bemagtig en meer inligting te verskaf, is

haar vrese aangespreek. Piper (2001:47) noem dat daar by kinders wat ernstig verwaarloos en mishandel is, ook gevoelens soos woede, hulpeloosheid, onveiligheid en vrees vir verlating aangetref word. Die navorser glo dat die kinderhuiskind ook met soortgelyke vrese te make het.

- Die kind se verklaring van die gebeure in die verlede: Britney is bewus van die redes tot haar verwydering. Sy was egter geneig om te fantaseer oor haar biologiese pa wat oorlede is voor sy hom werklik geken het. Sy het in 'n mate haar biologiese pa met haar stiefpa vergelyk. Toe Britney inligting verskaf is oor die redes vir haar ouers se egskeding, het sy uitgevind dat haar biologiese pa ook verkeerde keuses gemaak het.
- Die mate waarin die gebruik van die lewensboek die kind se bewustheid verhoog: Britney het emosioneel bewus geword van haar gevoel van verlies wat sy saam met haar dra. Sy moes verskeie familieledere en troeteldiere aan die dood afstaan. Die ouerskaprol wat onvervuld gelaat word deur haar moeder wek ook 'n gevoel van verlies by Britney. Verder het Britney ook emosionele bewustheid bereik oor haar gevoelens van woede en aggressie teenoor haar oupa en stiefpa wat haar seksueel misbruik het. Sy kon die aggressie ontlaai en erken. Aangaande aggressie spreek Piper (2001:43) haarself soos volg uit: *“The angry foster child can be aggressive and rebellious. Entertainment provides opportunities to increase feelings of self-worth, to develop interpersonal connections, and to relieve stress and frustration”*. Hieruit lei die navorser af dat daar ook in die kinderhuis vir die kind die toepaslike aktiwiteite geskep moet word om gevoelens soos aggressie te ontlaai. Die navorser is van mening dat daar deur die maak van die lewensboek 'n geleentheid geskep sal word vir die kind om gevoelens soos aggressie te verbaliseer.
- Die mate waarin die lewensboek as kommunikasie fasiliteerder kon dien: Die lewensboek het aan die navorser 'n gestruktueerde wyse verskaf om inligting en antwoorde aan Britney te verskaf. Omdat die tegnieke eenvoudig is, het Britney gevoel sy kan dit doen en is sy so verder bemagtig. Dit was veral opbouend vir haar selfbeeld om te weet sy kan iets goed doen.
- Die bydrae van die lewensboek tot die identiteitsvorming van die kind: Omdat Britney so min inligting oor haar biologiese pa gehad het, kon die saamstelling van die lewensboek haar help om ook meer van hom te wete te kom. Klein brokkies inligting kan 'n kind 'n gevoel van 'behoort-aan' gee. Sodoende sal die kind se behoefte aan individualiteit en identiteit vervul kan word omdat daar in die maak van die lewensboek agtergrondinligting aan die kind verskaf word.

- Die beskrywing van die kind se vordering in Perls se vyf lae van neurose: Britney het gegroei deur die sessies vanaf die valse laag, waar daar baie konflik binne haarself was oor haar molesterings, tot en met die implosiewe laag. Sy het in die veiligheid van die terapeutiese milieu, met nuwe gedrag geëksperimenteer. Sy kon haar aggressie teenoor haar stiefpa verbaal uitdruk en ook deur middel van aggressie-ontlading beheer. Sy het geleer hoe om haar aggressie op 'n aanvaarbare wyse uit te druk. Britney kon ook verbaal haar hartseer oor die verlies van haar pa erken.

#### **4.4 Aanbieding van kwalitatiewe data van dogter 2: Barbie D.**

##### **4.4.1 Achtergrondsinligting**

###### **4.4.1.1 Gesinsituasie**

Die biologiese moeder was 'n spesiale-onderrig leerling. Op 18-jarige ouderdom skenk sy geboorte aan Donovan en gaan woon daarna by haar oudste suster en haar man. Die biologiese moeder se swaer is die biologiese vader van Barbie D. en van haar jonger broer, Jp. Hy was wettiglik egter getroud met Barbie se moeder se oudste suster. Die twee susters het beide kinders by dieselfde man gehad; almal het saam in een huis gewoon en die kinders is versorg deur die oudste suster. Die gesin het baie rondgetrek en die kinders was verwaarloos. Met die biologiese vader se afsterwe, het beide susters in ander verhoudings betrokke geraak en die biologiese moeder is met mnr J. getroud, maar het voortgegaan met haar onstabiele lewenswyse. Sy het in 'n plakkerskamp gewoon met die kinders, het prostitusie beoefen en het soms vir naweke verdwyn. Nadat sy mnr J. verlaat het, het sy rondgeswerf van die een man na die ander. Mnr J. is oorlede in 2002. Die biologiese moeder en die kinders is in 'n toevlugsoord opgeneem. Die gesin het twee maande daar gewoon. Daar het die biologiese moeder met 'n ander man betrokke geraak. Sy het saam met hom gedurig verdwyn en het haar kinders verwaarloos. In 2002 is die drie kinders met 'n vorm-4 verwyder vanuit ouerlike sorg, weens verwaarloosing. Die biologiese moeder het ook seksuele omgang voor haar kinders met mans gehad. Die kinders was blootgestel aan onsedelikheid; daar was 'n gebrek aan ouerlike aandag en belangstelling, daar was ernstige materiële- en voedsel nood. Sover bekend het die biologiese moeder geen inkomste of besittings nie, aangesien sy werkloos was. Met die verwydering was al 3 kinders vuil en het hulle die minium klere gehad. Die kinders is geplaas in plek van veiligheid en in 2003 is die drie kinders opgeneem in Abraham Kriel Kinderhuis te Langlaagte, waar hulle steeds woon. Die biologiese moeder het na die kinders se verwydering net vir die eerste hofverskyning opgedaag, en het toe weer verdwyn. Sy is onopspoorbaar

aangesien sy trek van een adres na die volgende. Sedert die kinders se verwydering het die moeder nie besoek nie en het nog net twee maal geskakel. Tydens die oproepe het sy beloftes gemaak wat sy nie nakom nie. Die moeder toon geen belangstelling in die kinders nie en dit blyk dat dit 'n verligting vir haar is om van hulle ontslae te wees.

#### 4.4.1.2 Huidige situasie in die kindershuis

Barbie was met haar aankoms by die kindershuis in 'n emosioneel verwaarloosde toestand. Sy maak bednat, beskik oor weinig sosiale vaardighede en het swak taalgebruik. Bewerings is ook gemaak dat sy gemolesteer is. Barbie is opgeneem in 'n dogtershuis en pas goed aan. Barbie se huismoeder het egter die kindershuis onlangs verlaat, daar is 'n tydelike versorger aangestel, maar 'n permanente aanstelling is nog nie gemaak nie. Barbie het 'n binding gehad met haar vorige huisma, en is tans verlore in die huis sonder 'n vaste huismoeder. Sy gebruik Tofrinol vir haar enuresis en die behandeling is suksesvol en Barbie sukkel akademies. Barbie is nou nege jaar en vyf maande oud. Daar kan in Barbie se lêerinhoud baie min inligting verkry word en haar moeder is onopspoorbaar; dus kan die navorser nie verdere inligting oor haar geboorte en kinderjare inwin nie.

#### 4.4.1.3 Mate van selfblaaam

Barbie ervaar 'n mate van selfblaaam, volgens haar maatskaplike werker, oor haar verwydering. Sy beskik oor baie min kennis van haar verwydering uit haar moeder se sorg, gevolglik dink sy dat sy iets verkeerd gedoen het om in die kindershuis geplaas te wees. Barbie is ook geneig om oor die dele in haar verlede, waaroor sy nie inligting beskik nie, te fantasieer.

### 4.4.2 Kwalitatiewe data ten opsigte van dogter 2: Barbie D.

#### 4.4.2.1 Sessie 1

- Doel: Om 'n gesinstekening te maak en inligting te verskaf aan Barbie oor wat die navorsing behels. Sien bylaag 4.1.
- Verloop: Die navorser verduidelik aan Barbie wat die navorsing behels; dat sy enige tyd mag onttrek; dat haar naam nie bekend gemaak sal word nie aangesien sy van 'n skuilnaam gebruik sal maak. Barbie stem in om haar lewensboek en storie met die navorser te deel. Barbie sukkel om die konsep van navorsing te begryp. Barbie teken haar hele gesin in een hoek van die papier. Sy sit die navorser by die tekening as deel van haar gesin. Alhoewel Barbie in die hoofstroom onderwys is, sukkel sy om te lees of te skryf. Die navorser is van

mening dat nes by kinders in pleegsorg, ook die kind in die kindershuis moontlik agter sy portuurgroep is ten opsigte van ontwikkeling, omdat baie ontwikkelingstake van die vroeë kinderjare nog nie bemeester is nie (Vergelyk Harris, 2002). Barbie verskaf min inligting oor haar gesin; dit wil voorkom asof sy baie min van haar ouers weet. Sy is die liefste vir haar boetie Jp, wat tans ook in die kindershuis in die kleutershuis is. Barbie noem dat familie lief is vir jou en dat sy ook graag meer sal wil leer van haar pa en ma. Op die navorsers se vraag oor die redes wat Barbie het vir haar verwydering vanuit ouerlike sorg, noem sy dat haar ma haar gelos het op straat. Sy is nou in die kindershuis want die kindershuishoof wil haar hier hê en is lief vir haar. Sy moet sorg vir die troeteldiere hier en vir hulle kos en water gee. Navorsers vra Barbie wat haar ma goed kon doen. Sy vertel sy was gaaf en kon lekker kosmaak. Maar dit was sleg want haar ma het nie 'n huis of blyplek vir hulle gehad nie; hulle moes dus in die kindershuis kom woon.

- Evaluering: Inligting is ouderdomsgepas aan Barbie oorgedra oor wat die navorsing behels, sodat sy toestemming kan gee tot deelname. Dit blyk vanuit die gesinstekening dat Barbie baie verward voel oor haar biologiese ouers en gesin van herkoms. Die navorsers is seker dat dit met behulp van die lewensboek aangespreek kan word. Ryan en Walker (1993:5) noem dat kinders wat van hul gesin van herkoms geskei word en in substituutsorg, soos 'n kindershuis, geplaas word, dit nodig vind om redes te vind vir hierdie verwydering. Daar moet ook aan die kind gevra word wat hy dink die redes vir sy verwydering was. Dis belangrik om nie jou eie siening, as terapeut, op die kind af te dwing nie. Indien die kind se storie onwaar is, kan die terapeut sê hy verskil van die kind en vir die kind vertel wat werklik gebeur het. Indien die kind later kan erken hoe sleg die situasie werklik in sy ouerhuis was, is dit 'n groot stap vorentoe in die herstelproses (Ryan & Walker, 1993:18-19).

#### 4.4.2.2 Sessie 2

- Doel: Om die geboortesertifikaat te bestudeer en die bevrugting- en geboorteproses aan Barbie te verduidelik. Sien bylaag 4.2.
- Verloop: Die navorsers verduidelik aan haar dat die geboortesertifikaat 'n bewys is dat sy gebore is en dat elke baba in ons land so 'n sertifikaat moet kry. Die navorsers noem aan Barbie dat sy uniek is; sy vra wat uniek beteken. Die navorsers verduidelik dat dit beteken dat sy die enigste Barbie D. is. Dan vra die navorsers vir Barbie om 'n prent van 'n baba uit te knip wat sy dink soos sy gelyk

het toe sy 'n baba was. Die navorser probeer vir Barbie van haar pa se name vertel; Barbie het in die vorige sessie gedink dat Michael Jackson haar pa is. Navorser verduidelik aan Barbie hoe haar familie-opset lyk. Barbie sukkel om dit te begryp en herhaal net alles wat die navorser aan haar noem. Die navorser dink dat Barbie se moeder verskeie saamleefmaats gehad het en dat Barbie aan een van hulle as haar biologiese vader dink. Oor die geboorteproses toon Barbie wynig insig. Die navorser verduidelik aan haar ouderdomsgepas hoe 'n huwelik en liefdesverhouding werk, hoe werk bevrugting, wat is die basiese geboorteproses en hoe die baba gevoed word na geboorte. Barbie moet met tekeninge gelei word; sy geniet dit en help kort-kort die navorser reg as sy lelik teken. Die navorser toon aan haar prente van 'n ma wat borsvoed; Barbie begryp.

- Evaluering: Die bevrugting- en geboorteproses is ouderdomsgepas aan Barbie verduidelik. Dit wil voorkom asof Barbie nie duidelik weet hoe haar gesin saamgestel is nie. Ryan en Walker (1993:5) verduidelik dat kinders, wat geskei is van hul gesin van herkoms, se verlede soms vir hul verlore of selfs vergete is. Die stelling ondersteun die navorser se bevindinge.

#### 4.4.2.3 Sessie 3

- Doel: Die bespreking van Barbie se lewenspad. Sien bylaag 4.3.
- Verloop: Die navorser verskaf inligting aan Barbie vanuit haar agtergrondverslag. Barbie sukkel om die tydsverloop te begryp. Sy verstaan nie dat haar oudste broer Donovan dieselfde mamma het, maar nie dieselfde pappa nie. Navorser verduidelik. Dan begin Barbie baie deurmekaar raak; sy sê haar pa is Michael Jackson en hy is haar ma se 'boyfriend'. Sy vertel dan dat haar ander ma baie ryk is en nie so arm is soos die ma nie. Sy vertel wel dat haar ma sommer 10 mans al gehad het. Nou sê sy dat haar ander ma 'n tannie Marie is, wat haar ma se skoonsussie is. Al wat Barbie goed onthou is toe sy in plek van veiligheid was. Sy onthou ook haar opname in die kindershuis. Regdeur die sessie is Barbie rusteloos en kom sy verward voor oor al die inligting wat sy ontvang het. Dit kom voor asof Barbie nie weet wie haar pa of ma is nie. Ryan en Walker (1993:5) noem dat die kind wat uit sy ouers se sorg verwyder is, ook 'n groot behoefte het om die verlede in perspektief te kan plaas.
- Evaluering: Vanuit die lewenspad wil dit voorkom asof Barbie nie definitief weet wie haar ma of pa is nie. Die feit dat Barbie so deurmekaar is, dui ook of haar verlede wat verlore is vir haar, haar selfblam en ook die trauma wat sy beleef

het. Oaklander (1988:277) verduidelik dat 'n kind wat homself blameer en dus skuldig voel, baie onseker en deurmekaar voel.

#### 4.4.2.4 Sessie 4

- Doel: Om 'n collage oor haar gelukkigste kinderdae te maak. Sien bylaag 4.4.
- Verloop: Die navorser versoek Barbie om terug te dink aan al die goeie gebeure van haar verblyf by haar moeder. Barbie noem die volgende: sy onthou dat sy lekker poeding geëet het; dat sy met Jp gespeel het en hom opgepas het. Die navorser gee die nodige instruksies aan Barbie om 'n collage te maak. Dit wil voorkom asof Barbie rustiger is en sy werk georden. Die navorser laat Barbie kyk na 'n uitknipsel van Michael Jackson in 'n tydskrif. Barbie spel en lees sy naam. Sy sê haar pa se hare is korter en dat hierdie man nie haar pa is nie. Dit wil dus voorkom asof Barbie nie die naam met die sanger assosieer nie. Die navorser let daarop dat Barbie net een prent van haarself as 'n klein dogtertjie het, die res is almal van volwasse of tiener vroue. Baie van Barbie se prente en opskrifte is onwaar. Haar ouers was nie getroud nie, sy het nooit kerk-eredienste bygewoon nie en het 'n minium klerasie gehad toe sy gevind is. Die navorser konfronteer Barbie met die inhoud. Sy noem dat haar ander ma ryk was en dat alles waar is. Die navorser vra aan Barbie of sy seker is wie haar ma en pa is. Barbie sê sy het meer as een pa en ma. Die navorser verduidelik weer aan haar dat 'n mens baie versorgers kan hê, maar net een geboorte ma en pa, en verduidelik weer die omstandighede waarin haar biologiese ma en pa ontmoet het, en waarin Barbie grootgeword het. Barbie noem nou dat sy nie seker is wie haar ma of pa is nie. Sy voel deurmekaar oor alles wat gebeur het en kan haar ma glad nie onthou nie. Barbie lyk heeltemal verward. Die navorser stel haar gerus.
- Evaluering: Deur van hierdie tegniek gebruik te maak word die polariteite in Barbie se lewe uitgelig. Dit wil voorkom asof Barbie fantaseer om die leemtes te vul in haar herinneringe. Dit wil voorkom asof sy verskeie versorgers gehad het. Die navorser moes vanuit die leërinhoud vir Barbie inlig oor haar ouers se agtergrond. Ryan en Walker (1993:6) is van mening dat die terapeut aan die kind die volle waarheid moet vertel van sy ouers en ook van die redes wat gelei het tot die verwydering uit hulle sorg. Navorser meen egter dat emosionele en intellektuele ontwikkeling in ag geneem moet word wanneer feite oorgedra word.



#### 4.4.2.5 Sessie 5

- Doel: Om self-beskrywings te maak deur t-hemde te verf. Sien bylaag 4.5.
- Verloop: Die navorser verduidelik aan haar dat hulle gaan gesels oor haar slegte en goeie eienskappe en dat sy gaan verf. Dan wys sy vir Barbie om die goeie kant in 'n mooi kleur te verf en om die slegte kant in 'n lelike kleur te verf. Barbie verstaan die opdrag en begin ywerig haar eie twee t-hemde te teken en te verf. Sy skryf die volgende goeie eienskappe neer:
  - Sy is mooi.
  - Sy kan vinnig hardloop.
  - Sy het mooi kuikens en 'n hennetjie by haar vakansievriende.
  - Haar speelgoed-brille is mooi.
  - Haar boeties is baie lief vir haar.

Barbie sê die volgende is haar slegte eienskappe:

- Sy speel in die bad as hulle nie in die badkamer mag speel nie.
- Sy trek nie dadelik aan nadat sy gebad het nie en hardloop kaal in die gang af.
- Sy kan nie aan nog enige slegte eienskappe dink nie. Die navorser noem aan haar dat sy al iets baie stout gedoen het. Barbie kan nie raai nie. Die navorser herinner haar aan die dag toe sy van die skool af weggeloop het. Barbie sê dat dit stout was en dat die huisma haar gestraf het. Sy belowe om nooit weer te dros nie.

Die navorser eksploreer elkeen van hierdie eienskappe. Dan, as opsomming noem die navorser aan Barbie dat die papier twee kante het met goeie en slegte eienskappe. In haar lewe is daar ook goeie en slegte aspekte. Haar goeie eienskappe is baie meer as haar slegte eienskappe. Sy moet haarself liefhê en aanvaar. Barbie noem dat sy verstaan.

- Evaluering: Na die benutting van hierdie tegniek blyk Barbie om die polariteite in haar lewe te begryp en te verstaan. Sy kan duidelik onderskei tussen die goeie en slegte eienskappe in haar lewe. Een van die doelwitte in die terapeutiese verhouding is om die kind te help om teenoorgesteldes en polariteite te verstaan (Schoeman, 1996b:35).

#### 4.4.2.6 Sessie 6

- Doel: Om af te sluit en te termineer met Barbie.
- Verloop: Die navorser gaan saam met Barbie deur die inhoud van haar lewensboek, as oorsig. Barbie noem op wat sy in elke sessie gedoen en geleer

het. Die navorser prys haar. Die navorser neem vir Barbie na die Kentucky Fried chicken vir die afsluitingsessie. Sy is vrolik en opgeruimd en geniet haar ete. Barbie gaan speel op die glyplank. Barbie bedank die navorser vir die ete en al die sessies tydens die maak van die lewensboek. Die navorser laai haar af by die huis.

- Evaluering: Dit wil vir die navorser voorkom asof Barbie baatgevind het by die sessies. Barbie kon akkuraat inligting aan die navorser oordra oor haar agtergrond. Sy is dus bemagtig met kennis van haar verlede. Ryan en Walker (1993:5) noem dat die volwassenes in die kind se lewe kan nie of wil nie sy verlede met hom bespreek nie. Nou begin die kind dink dat sy verlede sleg is. Volgens die navorser het die bespreking van Barbie se verlede, voorkom dat sy dink dat haar verlede sleg is. Alhoewel sy nie met al die inligting saamgestem het nie, kon sy met sommige dele identifiseer. Dit het bygedra tot haar identiteitsvorming.

#### 4.4.3 Assessering van Barbie D.

Die navorser sal op die volgende temas fokus gedurende die assessering:

- Verlies: Barbie ervaar verlies ten opsigte van haar identiteit en verlede. Sy het nie 'n werklike idee wie haar ouers is nie en is ook onseker oor wie haar versorg het. Hierdie verlies laat Barbie verward en angstig voel. Ryan en Walker (1993:5) verduidelik dat kinders wat verwyder is van hul gesinne van herkoms, se verlede vir hulle verlore of vergete is. Hulle verloor die verloop van hul verlede en vind dit moeilik om emosioneel en sosiaal te ontwikkel.
- Selfblaam: Barbie ervaar 'n mate van selfblaam oor haar verwydering. Sy beskik oor baie min kennis van haar verwydering uit haar moeder se sorg. Sy vertel dat haar moeder haar gelos het. Dit verhoog Barbie se gevoel van verwerping asook die feit dat sy nie redes het vir haar moeder se verdwyning nie. Paul (1993:32) noem dat kinders wat in die kindershuis opgeneem is, negatiewe ervarings met hul betrokke sisteme het. Dit het 'n direkte invloed op hul funksionering.
- Invloed van selfblaam op die res van die kind se funksionering: Barbie se beperkte kennis oor haar gesin van herkoms het haar angstig gemaak. Sy het gepoog om in die verlede hierdie angs stop te sit deur oor haar ouers te fantaseer. Hierdie fantasie het veroorsaak dat Barbie in 'n illusie geleef het, waarin sy gepoog het om haarself te beskerm. Deur Barbie te vertel oor haar verlede in 'n beskermde milieu, kon sy die geleentheid gebied word om hierdie nuwe inligting te verwerk. Teen die laaste sessie en met die oorsig van die

lewensboek, was Barbie al baie gemakliker met die nuwe feite oor haar ouers wat onder haar aandag gebring is. Marner (2000:33-34) verduidelik soos volg:

Narrative structures organize and give meaning to experience, but there are always feelings and lived experience not fully encompassed by the dominant story... all human beings tend to organize and give meaning to their experiences in their life by turning their experiences into stories; and as they express selected aspects of their experiences in the performance of these stories the stories become constitutive - shaping lives and relationships.

Hieruit lei die navorser af dat Barbie so min inligting oor haar verlede gehad het, dat sy die inligting wat sy kon onthou van haar ouers, self in 'n storie gerangskik het om sin uit haar verlede te maak. Die navorser is van mening dat indien die lewensverhaal van die kind georganiseer aan hom gebied word, met behulp van die lewensboek, sal hy meer sin en betekenis kan heg aan sy lewensgebeure. Barbie kan nou begin om haar nuwe lewensverhaal te konstrueer.

- Verwerping wat die kind beleef: Nog 'n tema wat Barbie in die sessies uitspeel, is verwerping. Die verwerping van haar moeder deur haar verlating, is die hoofaspek van die tema. Die verwerping deur haar vorige huismoeder kom egter ook deur as subtema. Die verlating deur haar moeder, kan as verwerping gesien word. Barbie het egter nog nie die gevoel ten volle geëksploreer nie. Die feit dat sy sukkel om aan te pas by die nuwe versorger in die kindershuis, kan ook daarop dui dat sy die vorige huismoeder se verlating as verwerpend beskou het. Dit was net na die vorige huismoeder se vertrek, dat Barbie gedros het vanaf die kindershuis. Dit was dalk al manier waarop sy kon wys hoe sy voel. Piper (2001:48) is van mening dat die kinders wat die meeste emosionele trauma ervaar het, die minste instaat is om hul probleme te hanteer.
- Swak gesinsverhoudings: Barbie noem dat haar moeder tot 10 mans gehad het en sy beweer dat Michael Jackson haar biologiese vader is. Later noem sy dat sy ook 'n ander ma het en dat haar ma baie ryk was. Dit wil voorkom asof Barbie nie weet wie haar biologiese ouers is nie en hulle soms verwar met haar verskeie versorgers. Daar is geen gesinsbande tussen Barbie en haar biologiese ouers nie. Die sibbe deel wel hegte gesinsbande omdat hulle altyd op mekaar aanwesig was vir oorlewing, maar Barbie het glad nie 'n binding met 'n volwassene nie. Piper (2001:47) verduidelik egter dat kinders wat versorg word deur pleegouers of in kindershuise, nooit geleer het om op psigologies-gesonde wyses met ander 'n binding te vorm nie. Die verhoudings in hul verlede het nie vir hulle die nodige groei en ontwikkeling gebied nie.

- Swak selfbeeld: Barbie noem wel dat sy mooi is, maar die feit dat sy skolasties sukkel en ook bednatmaak gee haar selfbeeld 'n knou. Piper (2001:42) is van mening dat daar in ag geneem moet word dat die pleegkind 'n kognitiewe- en 'n ontwikkelingsagterstand mag hê weens die trauma waardeur die kind in die vorige lewensfase is. Die navorser sluit hierby aan deur te noem dat dit ook die geval is by die kinderhuiskind, wat weens soortgelyke lewensomstandighede uit sy ouers se sorg verwyder is. (Vergelyk Harris, 2002.)
- Die mate waarin die kind aanvaarding beleef: Barbie beleef aanvaarding vanaf haar broers, haar vakansievriende en ook haar versorgers in die kindershuis. Die kindershuis skep vir haar 'n stabiele omgewing en sy aanvaar die feit dat sy daar moet aanbly. Sy noem dat die hoof van die kindershuis haar daar wil hê en dat sy die diere moet kos gee. Dit dui vir die navorser aan dat Barbie ervaar sy is 'n aanwinst in die kindershuis en sy 'behoort-aan' die kindershuis.
- Realistiese verwagtinge wat die kind het: Barbie besef dat sy nie kan terug gaan na haar moeder nie, maar sy het baie onrealistiese verwagtinge oor haar moeder se lewenswyse. Weens die feit dat Barbie verskeie versorgers gehad het, is sy onseker oor wie haar biologiese moeder is en wat haar biologiese moeder se omstandighede is. Dit wil ook voorkom asof Barbie eerder met die fantasie sal wil saamleef dat haar ouers getroud en baie ryk is. In die kindershuis waar die kinders baie keer mekaar se gesin van herkoms sal kritiseer, is dit dalk vir Barbie die enigste verweer.
- Die kind se self-verantwoordelikheid: Barbie sukkel om self-verantwoordelikheid te neem. Dit wil voorkom asof die oortreding van reëls, soos om in die badkamers te speel of om te dros, nie vir haar ernstig is nie. Sy neem dus nie verantwoordelikheid vir haar aksies nie.
- Die struktuur wat die lewensboek aan die kind verskaf om oor haar selfblaam te praat: Aangesien Barbie se aandag baie gedwaal het, het die lewensboek gehelp dat sy visueel besig bly en om haar aandag te fokus. Barbie het egter min oor haar selfblaam gepraat. Die lewensboek het egter aangedui dat Barbie oor weinig inligting oor haar gesin van herkoms beskik.
- Skuldgevoelens: Barbie het gesukkel om skuldgevoelens te verbaliseer.
- Angs wat die kind beleef: Barbie het angstig gelyk toe sy besef dat sy nie weet wie haar ma of pa is nie. Sy was ook verward en was nie instaat om die nuwe inligting in te neem nie. Toerien (2001:21) spreek haarself soos volg uit: *“Die kinderhuiskind se ervaring voor, tydens en na verwydering kan verskeie*

*angsg gevoelens by die kind teweeg bring*". Die navorser moes vir Barbie begelei om te beseef dat dit wat sy van haar ouers glo, net 'n fantasie is.

- Vrees vir die onbekende: Daar was beslis 'n aanduiding van vrees vir die onbekende by Barbie, nie net die onbekende oor die verlede nie, maar ook oor die toekoms. Die kinderhuis is die enigste plek wat sy ken en haar versorger wat nou vervang is, het ook 'n groot onsekerheid vir Barbie gelaat. Barbie het ook nie 'n sterk bindingsfiguur nie, wat haar ook onseker laat voel.
- Die kind se verklaring van die gebeure in die verlede: Barbie het genoem dat haar ma haar verlaat het. Sy het egter alle inligting oor haar moeder se losbandige lewenswyse en armoede verwerp.
- Die mate waarin die lewensboek die kind se bewustheid verhoog: Barbie het emosioneel bewus geword dat sy valse inligting het oor haar ouers, maar dit het haar angstig gemaak. Die navorser kon dus nie indiepte aandag hieraan skenk nie, buiten om Barbie gerus te stel. Daar sal egter in die toekoms geëvalueer moet word of Barbie gereed is, indien enigsins, om die volle waarheid oor haar ouers te hoor en te bespreek.
- Die mate waarin die lewensboek as kommunikasie fasiliteerder dien: Barbie het haar voorgrondbehoefte nie duidelik gekommunikeer nie. Sy het wel aan die navorser erken dat sy deurmekaar voel en nie weet wie haar pa is nie. Die lewensboek het gehelp om Barbie se aandag te behou en het ook die gesprek vergemaklik tussen die navorser en Barbie.
- Die bydrae van die lewensboek tot die identiteitsvorming van die kind: Die navorser het deur die sessies gesien dat Barbie nie 'n idee het wie haar ouers is nie en ook nie seker is wie haar almal versorg het nie. Die tema wat na vore gekom het was Barbie se fantasie oor haar ouers, hul lewe en finansiële status. As subtema het na vore gekom dat Barbie in haar kinderlike onvermoë om nog inligting oor haar gesin van herkoms te bekom, gepoog het om die gate in haar geheue te vul. Die illusie laat haar onseker oor die verlede en verhoog haar angs. Die gebruik van die lewensboek het Barbie bewus gemaak dat sy nog baie inligting benodig oor haar ouers en dat dit wat sy van hulle glo nie noodwendig waar is nie. Dit kon Barbie laat twyfel aan haar identiteit. Porter (1983:92) noem dat in identiteitsvorming dit belangrik is om kennis betreffende jou agtergrond en spesifiek oor jou ouers te beskik.
- Die beskrywing van die kind se vordering in Perls se vyf lae van neurose: Barbie het gedurende die sessies gevorder vanaf die valse laag tot die fobiese laag. Barbie het bewus geword van die valshede wat sy instand hou, maar het dit

vreesaanjaend gevind. Sy het nog nie aanbeweeg na die eksperimentering van nuwe gedrag nie.

#### **4.5 Aanbieding van kwalitatiewe data van dogter 3: Patricia P.**

##### **4.5.1 Agtergrondsinsigting**

###### **4.5.1.1 Gesinsituasie**

Die biologiese moeder het ongelukkige kinderjare beleef weens haar moeder se alkoholmisbruik. Die biologiese moeder is 'n epilepsieër. Op 9-jarige ouderdom is die biologiese moeder erg verkrag deur haar stiefvader. Haar moeder het versuim om haar te help of by te staan. Op 15 jaar het sy in 'n seksuele verhouding met Patricia se vader betrokke geraak en was swanger met Patricia. Daar is geen insigting oor die biologiese vader bekend nie. Na die geboorte het sy by haar moeder gewoon wat haar en die baba aangerand het. Sy het daarna in die saamleefverhouding met Patricia se stiefvader betrokke geraak. Die ouers woon al vir 10 jaar saam en drie kinders is uit hierdie verbintenis gebore; hulle oorweeg om in die huwelik te tree. Die gesin word deur die Departement Maatskaplike ontwikkeling, Krugersdorp by Kinder- en gesinsorgvereniging, Roodepoort aangemeld weens hul vuil, onhigiëniese en haglike huislike omstandighede. Hierdie organisasie het etlike jare dienste gelewer aan die gesin en het ook die gesin van kospakkies voorsien. Die gesin het baie skuld, daarom is hul elektrisiteit afgesny. Daar is nooit kos in die huis nie, maar altyd geld vir drank en sigarette. Die kinders word ook reeds vir drie jaar lank gratis versorg deur Gembou kleuterskool en nasorgsentrum. Die gesin se huis bied tans onvoldoende ruimte en is vuil, onnet en verwaarloos. In die gemeenskap is hulle geïsoleerd en drankmisbruik kom gereeld oor naweke voor. Die kinders lyk verwaarloos en het swak higiëne. Beide ouers sukkel met ouerskapsvaardighede. Die kinders is geneig om mekaar af te knou en word verwerp deur hul portuurgroep by die skool omdat hulle vuil is en sleg ruik. Die stiefvader drink elke naweek en lê dronk by die huis. Die biologiese moeder tree ambivalent op as moeder en kan nie dissipline handhaaf nie. Sy kom apaties voor oor haar kinders se versorging en is vuil en slordig op haarself. Sy sit die hele dag deur en rook. Patricia moes in 2003 graad 1 herhaal en is daarna na Spo-onderrig verwys, maar in Januarie 2003 het haar gedrag verander. Sy was opstandig en het baie gevloek. In September 2003 het sy vir haar onderwyseres by die skool gesê dat haar vader seksuele omgang met haar gehad het. Die skool het Gembou-nasorgsentrum in kennis gestel asook die kinderbeskermingseenheid. Patricia het aan die kinderbeskermingseenheid genoem dat haar vader 'verkeerde dinge' met haar doen as hy dronk is. Haar ma het vir haar gesê dat sy moet sê dis 'n ander

oom wat dit gedoen het omdat die mense haar pa gaan seermaak in die tronk. Haar ma het nie vir haar enige mediese of terapeutiese hulp gekry na die molestering nie. Dit blyk dat Patricia se materne oom haar ook seksueel gemolesteer het en dat haar ma ook daarvan weet. Al vier kinders was in plek van veiligheid geplaas en die stiefvader is in die gevangenis geplaas. Hy is intussen op borgtog vrygelaat. Al vier kinders is sorgbehoewend bevind, maar die hof het dit goedgevind om die jongste drie weer te herstel in ouerlike sorg onder die toesig van Kinder- en gesinsorgvereniging, Roodepoort. Die maatskaplike werkers verbonde aan hierdie organisasie vrees dat die stiefvader nou die ander kinders sal molesteer.

#### 4.5.1.2 Huidige situasie in die kindershuis

Patricia is vanaf die Kinderbeskermingsentrum te Krugersdorp (wat as plek van veiligheid gedien het) verskuif na Abraham Kriel Kinderhuis te Langlaagte. Sy is opgeneem in 'n dogtershuis en pas goed aan. Die kinderbeskermingseenheid Krugersdorp hanteer die beweerde molestering saak van Patricia en het gereël dat sy forensies geassesseer word deur 'n tussenganger. Hulle het ook die kindershuis versoek dat die biologiese moeder glad nie kontak met Patricia moet maak voor die hofsak afgehandel is nie. Patricia is nou elf jaar en drie maande oud.

#### 4.5.1.3 Mate van selfblaaam

Patricia ervaar ernstige selfblaaam oor haar verwydering. Sy beskou die feit dat sy gepraat het oor haar molestering as die rede vir haar verwydering uit ouerlike sorg. Die feit dat haar moeder poog om haar te oorreed om nie die waarheid te vertel oor haar molestering nie, haar geïntimideer het tydens besoeke by die plek van veiligheid en haar nie ondersteun of glo nie, dra by tot Patricia se verhoogde angs en selfblaaam.

### 4.5.2 Kwalitatiewe data ten opsigte van dogter 3: Patricia P.

#### 4.5.2.1 Sessie 1

- Doel: Om 'n gesinstekening te maak en inligting te verskaf aan Patricia oor wat die navorsing behels. Sien bylaag 5.1.
- Verloop: Die navorser verduidelik aan Patricia wat die navorsing behels; dat sy enige tyd mag onttrek; dat haar naam nie bekend gemaak sal word nie aangesien sy van 'n skuilnaam gebruik sal maak. Patricia stem in om haar lewensboek en storie met die navorser te deel. Die navorser vra aan Patricia wat sy dink die redes is van haar verwydering vanuit ouerlike sorg. Patricia noem dat sy van haar pa af weggevat is, omdat hy lelike goed met haar gedoen het. Sy

moes haar plek van veiligheid verlaat het, omdat die hof gesê het dat sy nie langer daar mag bly nie. Patricia teken haar gesin. Sy teken baie sistematies en vra of sy gras mag teken en of sy hulle as stokmanne mag teken. Sy twyfel baie oor haar eie vermoë om te kan teken. Sy vra ook toestemming om wolke en 'n son te teken. Patricia is oor-kompenserend in haar gedrag en straal indien sy geprys word. Nadat sy geteken het, sit sy alles sorgvuldig en netjies terug. Dit wil voorkom asof Patricia regdeur die sessie bang is vir straf en poog om straf te vermy.

- Evaluering: Patricia verstaan wat navorsing behels en gee haar toestemming tot deelname. Vanuit die tegniek wil dit voorkom asof Patricia bang is om 'n misstap te begaan en vrees dit om te fouteer.

#### 4.5.2.2 Sessie 2

- Doel: Om die geboortesertifikaat te bestudeer en die bevrugting- en geboorteproses aan Patricia te verduidelik. Sien bylaag 5.2.
- Verloop: Die navorser verduidelik aan haar dat die geboortesertifikaat 'n bewys is dat sy gebore is en dat elke baba in ons land so 'n sertifikaat moet kry. Die navorser noem aan Patricia dat sy uniek is en verduidelik dat dit beteken dat sy die enigste Patricia P. is of enig in haar soort is. Dan vra sy vir Patricia om 'n prent van 'n baba uit te knip wat sy dink soos sy gelyk het toe sy 'n baba was. Patricia voel emosioneel en huil tydens die sessie. Sy sê sy voel hartseer, omdat sy haar ma mis. Navorser noem aan Patricia dat haar ma dalk nie weet hoe om vir Patricia te help of by te staan nie; maar steeds lief is vir haar. Patricia voel effens beter. Sy vertel wanneer haar ma drink, kry sy 'rukkings' en dan voel sy bang. Haar pa wil haar ma nie help nie en sy moes die bure gaan roep om haar ma te help. Die navorser verduidelik aan haar hoe epilepsie werk. Dit wil voorkom asof Patricia soms moes optree as haar ma se versorger. Dit wil ook voorkom asof Patricia bang is dat vandat sy in die kindershuis is, niemand vir haar ma sal versorg nie. Oor die geboorteproses toon Patricia meer insig. Die navorser verduidelik aan haar ouderdomsgetrou hoe 'n huwelik en liefdesverhouding werk, hoe werk bevrugting, wat is die basiese geboorte-opsies en hoe die baba gevoed word na geboorte. Patricia word met basiese tekeninge gelei. Dit wil voorkom asof Patricia die geboortes van haar sibbe kan onthou en dat dit vir haar verstaanbaar is.
- Evaluering: Die bevrugting- en geboorteproses is ouderdomsgepas aan Patricia verduidelik. Vanuit die sessie blyk dit dat Patricia die rol van 'parental child' en



versorger vertolk het in haar gesin. Haar moeder se lewenswyse was ook baie onstabiel en daar was ernstige gesinskonflik. Dit lyk asof hierdie omstandighede 'n invloed kon hê om Patricia 'n oorverantwoordelike en gespanne kind te kon maak. Patricia se molestering is steeds op haar voorgrond. Patricia ervaar ook steeds intense selfblaam, veral ook haar seksuele misbruik. Hierdie selfblaam het 'n reeks simptome tot gevolg, wat nadelig is vir haar in die toekoms. Strydom (1973:44) noem dat skuldgevoelens 'n belangrike rol speel by die kind wat verwyder word, al het hy ook geen skuld daaraan nie. Die kind ervaar ook angsgoelens en vrees vir die onbekende. Die navorser is van mening dat dit ook die rede is vir Patricia se hoë angsvlakke.

#### 4.5.2.3 Sessie 3

- Doel: Die bespreking van Patricia se lewenspad. Sien bylaag 5.3.
- Verloop: Die navorser verskaf volledige inligting aan Patricia vanuit haar agtergrondsverslag. Die navorser verduidelik volledig vir Patricia vanaf haar ouers se kinderjare tot met Patricia se opname in die kindershuis. Dit wil voorkom asof hierdie proses baie suksesvol werk met Patricia. Sy gee regdeur die inskrywings nog meer inligting, soos wat herinneringe by haar opkom. Patricia vertel dat sy verskeie kere seksueel misbruik is, deur haar ma se broer, Shaine, so ook haar pa en 'n ander vreemde man waarby hulle gaan kuier het. Haar pa het ingekom terwyl haar oom Shaine besig was om haar te verkrag. Haar pa het haar oom geskop en hulle het haar na die dokter geneem vir 'n mediese ondersoek. Die vreemde man waarby hulle gaan kuier het in die aande het haar ook gemolesteer. Sy ken nie sy naam nie. Hulle moes daar oorslaap op die bank. Sy vertel dat haar ma gedrink het en dan 'n epileptiese aanval gekry het. Terwyl haar ma geruk het en op die vloer gelê het, het haar pa haar verkrag. Daarom voel sy bang as haar ma drink want dan kan haar ma haar nie beskerm nie. Haar pa het ook vir haar bier gegee om haar dronk te maak sodat hy seks met haar kan hê. Dit het baie maal gebeur. Sy onthou dat haar broers en suster dikwels leuns vertel het oor goed wat sy gedoen het en dan het sy onnodig pak gekry. Die navorser herinner Patricia dat sy ongeag haar verlede in beheer is van haar toekoms en dat sy kan kies om nie die foute van haar ouers te herhaal nie. Navorser bemagtig dus Patricia.
- Evaluering: Vanuit haar lewenspad blyk dit dat Patricia se moeder haar nie beskerming gebied het nie en dat sy baie onnodig raas en lyfstraf gekry het. Die

gebruik van die lewenspad het ook aan Patricia die geleentheid te gee om oor haar verskeie molesterings te praat.

#### 4.5.2.4 Sessie 4

- Doel: Om 'n collage oor haar gelukkigste kinderdae te maak. Sien bylaag 5.4.
- Verloop: Die navorser versoek Patricia om terug te dink aan die goeie gebeure terwyl sy by haar ouers gewoon het en om dit dan op 'n papier deur middel van 'n collage voor te stel. Die navorser gee die nodige instruksies aan Patricia. Patricia vra by elke prentjie wat sy kies aan die navorser of dit reg is en vra goedkeuring. Sy lyk onseker en het 'n groot behoefte aan goedkeuring. Die navorser noem aan Patricia dat sy bang lyk en dat sy die heelyd vra of sy reg doen. Sy sê dit maak haar bang om 'n fout te maak en dat sy bang is sy kry raas. Dit wil voorkom asof waagmoed by haar ontbreek. In die collage skryf sy by die opskrifte as 'toe ek groot was...', maar toe die navorser vra hoe oud sy was op daardie stadium, noem sy dat sy 7 jaar oud was. Die navorser vra aan Patricia watter les sy kan leer uit die collage wat sy gemaak het. Patricia benodig leiding om afleidings te kan maak. Navorser noem dat ten spyte van al die ongelukkigheid waaroor hulle in die vorige sessie gesels het, daar ook mooi herinneringe van haar kinderdae en van haar gesin is. Sy moet poog om hierdie positiewe herinneringe te behou en later in haar eie gesin te doen. Patricia lyk baie tevrede met die afleiding.
- Evaluering: Dit wil voorkom vanuit die collage asof Patricia haarself reeds as volwasse beskou. Sy sien byvoorbeeld die ouderdom van 7 jaar as 'groot'. Dit mag wees weens die hoeveeldheid verantwoordelikheid wat sy as oudste kind in die huis gehad het, maar ook weens die feit dat haar pa haar van jongs af seksueel misbruik het en sodoende gedwing het tot volwassenheid.

#### 4.5.2.5 Sessie 5

- Doel: Om self-beskrywings te maak deur t-hemde te verf. Sien bylaag 5.5.
- Verloop: Die navorser verduidelik dat elke mens goeie en slegte eienskappe het. Dan wys sy vir Patricia om die goeie kant in 'n mooi kleur te verf en om die slegte kant in 'n lelike kleur te verf. Patricia verstaan die opdrag en begin ywerig haar eie twee t-hemde te teken en te verf. Sy skryf die volgende goeie eienskappe neer:
  - Sy kan mooi vas skryf.
  - Sy kan kos maak.

- Sy kan huis skoonmaak.
- Sy is vriendelik.
- Haar maats is lief vir haar.

Patricia sê die volgende is haar slegte eienskappe:

- Sy hou nie daarvan om vuil te wees nie.
- Sy hou nie daarvan as mense met haar baklei nie.
- Sy hou nie daarvan om met maats te speel wat vloek nie.

Die navorser eksplorieer elk van die bogenoemde eienskappe. As opsomming noem die navorser aan Patricia dat die papier twee kante het, met goeie eienskappe en slegte eienskappe. In haar lewe is daar ook goeie en slegte eienskappe. Haar goeie eienskappe is baie meer as haar slegte eienskappe. Sy moet haarself liefhê en aanvaar. Patricia verstaan.

- Evaluering: Patricia blyk om die polariteite in haar lewe te begryp en te verstaan. Schoeman (1996b:35) verduidelik dat kinders in terme van teenoorgesteldes funksioneer, asook emosies word verdeel in geluk of hartseer. Daarom moet die terapeut die kind lei tot verhoogde begrip vir polariteite.

#### 4.5.2.6 Sessie 6

- Doel: Om af te sluit en te termineer met Patricia.
- Verloop: Die navorser gaan saam met Patricia deur die inhoud van haar lewensboek as oorsig. Patricia sê sy voel trots op haar boek en dink dis mooi. Die navorser prys haar. Die navorser neem vir Patricia na die KFC vir die afsluitingsessie. Sy eet lekker, en gaan speel op die glyplank. Patricia bedank die navorser vir die ete en al die sessies tydens die maak van die lewensboek. Die navorser laai haar af by haar huis; sy verduidelik aan Patricia dat sy hard gewerk het aan haar lewensboek en dat sy trots is op haar.
- Evaluering: Van der Merwe (1996b:117) is van mening dat die lewensboek 'n visuele of geskrewe rekord is, wat belangrike inligting oor die kind se situasie bevat. Tydens die oorsig van Patricia se lewensboek, kon sy akkuraat inligting aan die navorser oordra oor haar agtergrond. Patricia kon dus deur 'n oorsig van haar lewensboek, 'n visuele beeld vorm van haar lewensverhaal. Patricia het deur die sessies 'n wyse gekry om te praat oor haar onstabiele kinderdae en die trauma van haar verskeie molesterings. Ryan en Walker (1993:5) noem dat kinders wat in 'n kindershuis woon, of by pleegouers, 'n werkswyse benodig om te verklaar waarom hulle geskei is van hul ouers en van ander volwassenes. Vir Patricia was dit later duidelik dat sy weens die feit dat haar stiefvader haar

beweerdelik gemolesteer het, verwyder is vanuit haar ouers se sorg. Dit het 'n vermindering in haar selfblaaam tot gevolg gebring.

#### 4.5.3 Assessering van Patricia P.

Die navorser sal op die volgende temas fokus gedurende die assessering:

- Verlies: Die verlies wat voorkom as tema in Patricia se lewe, is die verlies van sorgvrye kinderdae. Ten spyte van die vlugtige oomblikke van gelukkiger tye, was haar kinderdae ongelukkig. Sy moes die rol van 'n versorgende moeder vertolk vir haar eie ma en sibbe, moes die huis skoonmaak en koskook, maar moes ook haar stiefvader se seksmaat wees. Sy beskryf haarself as 'groot' ten spyte van die feit dat sy nou maar elf jaar oud is.
- Selfblaaam: 'n Verdere tema wat navore gekom het was Patricia se selfblaaam aangaande haar seksuele misbruik. Weens die feit dat sy deur haar stiefvader, haar oom en ook 'n onbekende man seksueel misbruik is, vermeerder haar selfblaaam en ervaar sy magteloosheid. Haar moeder het haar geen ondersteuning of beskerming gebied nie, en as 'parental child' kon Patricia haarself ook nie beskerm teen die misbruik nie. Thompson en Rudolph (1996:142) stel dit dat kinders wat vanuit hul ouers se sorg verwyder is, sekere introjekte het wat in terapie gekonfronteer moet word. Tipiese introjekte is: 'ek was stout en daarom is ek verwyder' of 'my ouers se probleme is alles my skuld' of 'as ek nooit vir iemand gesê het van my molestering of mishandeling nie, sou my ouers nooit in sulke moeilikheid gekom het nie'. Die introjek wat by Patricia geïdentifiseer kan word, is 'as ek nooit vertel het van my molestering nie, sou ek nooit verwyder moes word nie'. Hierdie dra by tot haar selfblaaam.
- Invloed van selfblaaam op die res van die kind se funksionering: Die selfblaaam wat Patricia oor haar molesterings ervaar het, het veroorsaak dat sy haarself as 'n slagoffer van haar omstandighede gesien het. Sy was angstig en het gevoel dat sy geen beheer oor haar eie lewe het nie. Dit het gelei tot spanning vir haar en dan weer tot verdere selfblaaam. Sy ervaar ook blaam en stigmatisering vanaf haar gesin van herkoms, wat bydra tot haar selfblaaam.
- Verwerping wat die kind beleef: Die feit dat haar moeder haar nie bygestaan het deur die trauma van haar molesterings nie, dra by tot haar gevoel van verwerping. Patricia beleef 'n ambivalente binding met haar moeder wat haar angstig laat voel. Sy het selfs in die plek van veiligheid versoek dat haar moeder nie meer besoek nie. Patricia het deur die sessies haar voorgrondbehoefte van haar molestering uitgedruk. Sy het ook uitdrukking gegee aan die verwerping

wat sy beleef het vanaf haar moeder, maar ook van maats by die skool oor haar persoonlike versorging. Ryan en Walker (1993:6) is van mening dat omtrent alle kinders wat van hul gesin of ouers verwyder is, glo dat hulle waardeloos is en dat niemand lief is vir hulle nie. Hulle stel dit soos volg: *“They blame themselves for the actions of adults. If they have been abandoned, neglected or injured by their parents or wider family they are convinced that they brought it upon themselves”*.

- Swak gesinsverhoudings: Die subtema het na vore gekom wat gehandel het oor haar angstige ambivalente binding met haar moeder. Die feit dat sy min ondersteuning ontvang van haar moeder, asook die feit dat sy al vantevore verkrag is, sonder haar moeder se hulp of ondersteuning, beklemtoon die subtemas. 'n Ander subtema is die feit dat sy as oudste dogter nie net haar moeder se rol as seksuele maat vir haar stiefvader vertolk het nie, maar ook haar moeder se rol in die huis vertolk het. Sy toon eienskappe van die 'parental child' en noem dat sy vele verantwoordelikhede in die huis gehad het. Dit sluit huisskoonmaak en kosmaak in, asook die versorging van haar jongste broer. Sy bekommer oor haar moeder en of sy haar medikasie gebruik. Ironies, wil dit voorkom asof haar moeder haar nie bekommer oor Patricia se welstand nie en glad nie betrokke is by haar nie. Fouchè en Nieuwoudt (1991:169) dui aan dat die betrokkenheid van eie ouers grootliks fasiliterend inwerk op die kind se aanvaarding van sy lewenssituasie en sy aanpassing en ontwikkeling in die kinderhuis verband.
- Swak selfbeeld: Die feit dat Patricia nie aanvaar word deur haar portuurgroep nie, weens die feit dat sy vuil en onversorgd was, dra by tot haar lae selfbeeld. Sy het ook genoem dat sy nie daarvan hou om vuil te wees nie. Daar ontbreek ook waagmoed by Patricia en sy vrees straf of kritiek. Gedurende die sessies het sy gedurig toestemming of goedkeuring gevra, wat aandui dat sy nie haar eie oordeel vertrou nie en selfvertroue ontbreek. Dit kan terug gelei word na die feit dat sy so baie onnodig as kind gestraf of geslaan is, soos sy vertel het gedurende die sessies.
- Die mate waarin die kind aanvaarding beleef: Patricia toon 'n ambivalente verhouding met haar moeder. Sy beleef nie volkome aanvaarding van haar moeder nie, weens die feit dat haar moeder haar nie glo en ondersteun deur die trauma van haar molestering deur haar stiefvader nie. Dit wil ook voorkom asof sy min aanvaarding in die skool van maats beleef het omdat sy vuil en onversorgd was. Patricia het dit as baie negatief ervaar.

- Realistiese verwagtinge wat die kind het: Patricia besef dat sy in die kindershuis moet aanbly en dat sy nie in haar moeder se sorg herstel kan word nie weens die feit dat haar stiefvader haar gemolesteer het. Patricia bekommer haar oor haar moeder se welstand en wil steeds as versorger in die gesin optree.
- Die kind se self-verantwoordelikheid: Patricia noem dat sy nie maats wil wees met kinders wat vloek nie. Dit dui vir die navorser om haar self-verantwoordelikheid. Sy het ten spyte van baie druk en kritiek nog steeds nie haar klagte van molestering terug getrek nie en is ook gereed om te getuig teen haar stiefvader. Dit dui vir die navorser op Patricia se ego-krag.
- Die stuktuur wat die lewensboek aan die kind verskaf om oor haar selfblaam te praat: Die lewensboek het aan Patricia die kans gegee om te praat oor haar trauma van haar verskeie molesterings. Sy kon ook 'n klankbord vind om gevoelens van angs en teleurstelling te uiter.
- Skuldgevoelens: Die feit dat haar moeder haar nie glo of bystaan nie, het Patricia se selfblaam en skuldgevoelens vermeerder. Carstens en Fouchè (2004:4) noem: *“Such abandonment by the very adult most crucial to the child’s protection and recovery drives the child deeper into self-blame, self-hate, alienation and revictimization”*.
- Angs wat die kind beleef: Die subtema wat sterk na vore gekom het hier, was die feit dat sy vreesbevange is vir enige taak of uitdaging. Vanuit die sessies het dit na vore gekom dat Patricia se verhouding met haar moeder vir haar angs besorg, veral omdat haar ma nie glo dat haar stiefpa haar seksueel misbruik het nie en wil dwing om haar getuigenis terug te trek. Patricia het ook angs en onsekerheid getoon ten opsigte van die voltooiing van take. Sy was bang om te fouteer, en selfs klein gebeurtenisse (soos om 'n prent te teken) het angs en spanning by haar ontlok.
- Vrees vir die onbekende: Patricia toon vrees om haar moeder weer te sien, veral tydens die hofsak oor haar molestering. Sy is ook nog nuut in die kindershuis opgeneem en is in die proses van aanpassing.
- Die kind se verklaring van die gebeure in die verlede: Patricia verklaar haar eie verwydering uit die feit dat sy deur haar stiefpa gemolesteer is, maar sukkel om in te sien dat haar moeder versuim het om haar te beskerm. Sy het sò opgetree as haar moeder en die gesin se versorger dat sy nie haar moeder se gedrag as 'n bydraende faktor beskou nie. Hieruit lei die navorser af dat die feit dat Patricia se moeder haar nie ondersteun nie, juis haar selfblaam vererger.

- Die mate waarin die lewensboek die kind se bewustheid verhoog: Patricia het emosioneel bewus geword van haar gevoel van angs en spanning wat sy saam met haar dra. Dit kan direk gekoppel word aan haar ervarings as kind en haar seksuele misbruik.
- Die mate waarin die lewensboek as kommunikasie fasiliteerder dien: Die lewensboek het aan die navorser 'n gestruktueerde wyse verskaf om inligting en antwoorde aan Patricia te verskaf. Patricia het egter baie aanmoediging nodig met die voltooiing van take weens haar hoë angsvlakke.
- Die bydrae van die lewensboek tot die identiteitsvorming van die kind: Die navorser het gepoog om aan Patricia inligting te gee oor haar moeder se eie kinderjare wat 'n lig kan werp op die redes waarom sy nie haar dogter ondersteun nie. Dit sou Patricia help om in te sien dat dit nie alleenlik haar onthulling oor die misbruik is, wat veroorsaak het dat haar moeder haar verwerp het nie.
- Die beskrywing van die kind se vordering in Perls se vyf lae van neurose: Patricia het gegroei vanaf die valse laag tot en met die impasse laag. Sy kon erken dat sy bang en gespanne voel in die veiligheid van die terapeutiese milieu. Die navorser het ook genoegsame inligting aan Patricia verskaf sodat sy kon beseef dat haar moeder reeds voor haar onthulling haar nie versorg en beskerm het nie, om sodoende haar selfblaaam aan te spreek.
- Die seksueel akkomoderingssindroom: Tydens die sessies het die tema van die seksueel akkomoderingssindroom na vore gekom. Hierdie sindroom kom voor by kinders wat oor 'n lang tydperk aan seksuele misbruik blootgestel word, veral waar die oortreder aan die kind bekend is en saam met die kind woonagtig is, soos in die geval van bloedskanie (Carstens & Fouchè, 2004: 4). Patricia het genoem dat sy jare lank deur haar stiefvader misbruik is, dit wil voorkom asof sy dit in 'n mate al geakkomodeer het. Carstens en Fouchè (2004: 4) beskryf dat die sindroom in vyf kategorieë verdeel kan word: geheimhouding, hulpeloosheid, akkomodasie, 'n onthulling wat nie oortuigend is nie en wat later weer teruggetrek word. Patricia toon vier van hierdie eienskappe, sy het nog nie haar onthulling teruggetrek nie, maar die moontlikheid daarvan bestaan omdat sy soveel kritiek van haar moeder ontvang. Hierdie sindroom kom algemeen voor by molesteringslagoffers.

#### **4.6 Samevatting**

Al drie die dogters het baat gevind by die sessies, maar die navorser kon waarneem dat daar steeds die behoefte by al drie bestaan aan verdere sessies ten opsigte van

die lewensboek. Ryan en Walker (1993:5) beweer soos volg: *“We have found that most children separated in this way gain a great deal from talking about their past, present and future to a sympathetic adult. Life story work provides a structure for talking to children”*.

Die navorser het egter aan die drie respondente se onderskeie maatskaplike werkers by die Abraham Kriel/Maria Kloppers kindershuis, te Langlaagte, 'n volledige verslag verskaf oor die aard van die navorsing, asook aanbevelings vir verdere terapeutiese insette. Die navorser het aanbeveel dat die onderskeie maatskaplike werkers moet voortgaan met die lewensboek van die drie dogters. Ryan en Walker (1993: 5) is van mening dat die gebruik van die lewensboek vir die kind voordelig is en noem: *“Our experience with the children whom we have worked with has encouraged us to believe that life story work is a useful way of fulfilling this need, and that all the children have benefited in some way”*.

Die navorser glo dat die lewensboek tot voordeel sal strek vir die kindershuiskind, aangesien die kind sal kan verklaar wat die werklike redes was vir sy verwydering. Dit sal die dogters kan lei tot die aanvaarding van hul verlede en ook om 'n realistiese verwagting te ontwikkel ten opsigte van hul eie verantwoordelikheid en bydrae tot hul verwydering. Kroon (1993:63) noem dat die kind 'n sterk behoefte toon in terapie om te kan praat oor wat gebeur het. Dit verskaf aan die kind gevoelsontlading en insigontwikkeling.

Volgens die navorser is dit belangrik dat die selfblaaam van die middelkinderjarige kind aangespreek word in terapie, aangesien dit 'n impak op die res van die kind se funksionering het. Oaklander (1988:277-279) noem dat skuldgevoelens en selfblaaam verskeie areas van 'n kind se lewe beïnvloed en baie hartseer kan veroorsaak. Gevoelens wat as kind ervaar word, kan lewenslank tot by volwassenheid saamgedra word. Hieruit lei die navorser af dat selfblaaam in die middelkinderjare ook die kind se selfbeeld en selfwaarde in later jare kan beïnvloed.



## **HOOFSTUK 5: SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

### **5.1 Inleiding**

Uit die navorsingsresultate wat in hoofstuk 4 bespreek is, is dit duidelik dat dogters in die middelkinderjare wat in die kinderhuis woonagtig is, sukkel met selfblaam aangaande hul verwydering vanuit ouerlike sorg. Die navorser het van die lewensboek gebruik gemaak in spelterapeutiese sessies om hierdie selfblaam aan te spreek. Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te dui in watter mate die doel en doelwitte van hierdie studie bereik is en om die navorsingsvraag te beantwoord. Daar sal ook vanuit die navorsingsresultate wat in hierdie studie bekom is, gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

### **5.2 Die doelstelling en doelwitte van die studie**

#### **5.2.1 Doelstelling**

Die doelstelling van hierdie studie was: om die benuttingswaarde van die lewensboek ten opsigte van selfblaam by die middelkinderjarige dogter in die kinderhuis te bepaal.

Bogenoemde doelstelling is soos volg bereik: Uit die literatuurstudie en konsultasie met 'n kundige is 'n kennisbasis opgebou wat benut is om 'n agtergrondskennis aangaande die lewensboek se benutting in speltherapie, asook selfblaam by die middelkinderjarige kind, te ontwikkel. Die agtergrondsinligting is benut tydens die ses individuele speltherapiesessies met drie middelkinderjarige dogters, wat in die kinderhuis woonagtig is, ten einde kwalitatiewe empiriese data in te samel om die benuttingswaarde van die lewensboek ten opsigte van selfblaam te assesser. Die empiriese data is bekom sodat die navorser gevolgtrekkings en aanbevelings kan maak vir die benutting van die lewensboek in speltherapie.

#### **5.2.2 Doelwitte**

Die navorser het, soos bespreek onder 1.4 in hoofstuk 1, doelwitte gestel ten einde die rigting van die ondersoek te lei. Die doelwitte van die studie sal vervolgens afsonderlik bespreek word:

- Om 'n teoretiese raamwerk ten opsigte van selfblaam en die kind in die kinderhuis, asook die gebruik van die lewensboek in speltherapie saam te stel deur middel van 'n literatuurstudie.

Hierdie doelwit is bereik, aangesien die navorser met behulp van 'n literatuurstudie en gesprekke met 'n kundige inligting oor bogenoemde aspekte ingesamel het en 'n teoretiese raamwerk daarvoor opgebou het. Hierdie inligting is in hoofstukke 2 en 3 uiteengesit.

- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek die benutting van die lewensboek, ten opsigte van selfblaam by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis, te ondersoek.

'n Empiriese ondersoek is uitgevoer deurdat die navorser ses individuele speltherapiesessies met drie individuele dogters as data-insamelingsmetode benut het, ten einde die benuttingswaarde van die lewensboek ten opsigte van selfblaam by die middelkinderjare dogter in die kindershuis te ondersoek. Die volgende aspekte is spesifiek met behulp van die lewensboek hanteer: 'n gesinstekening en die verskaffing van inligting aan die respondent oor wat die navorsing behels, die bestudering van die respondent se geboortesertifikaat en die verduideliking van die bevrugting- en geboorteproses, die bespreking van die respondent se lewenspad, die maak van 'n collage oor die respondent se gelukkigste kinderdae, die maak van self-beskrywings deur t-hemde te verf, afsluiting en terminering met die respondent.

Drie respondente, wat met behulp van 'n doelgerigte steekproeftrekking deur die navorser geselekteer is, is by die studie betrek. Individuele speltherapiesessies is met elk van die respondente gedoen waartydens die lewensboek as hulpmiddel benut is. Die doelwit is bereik deurdat die data wat ingewin is, al die aspekte van die doelwit dek.

- Om aanbevelings en gevolgtrekkings te maak vir die benutting van die lewensboek na aanleiding van die teoretiese raamwerk en empiriese studie.

Aanbevelings en gevolgtrekkings sal in hierdie hoofstuk gemaak word. Die doelstellings en doelwitte van hierdie studie is dus bereik.

### **5.3 Die navorsingsvraag**

Aangesien die studie binne die kwalitatiewe benadering uitgevoer is, lui die navorsingsvraag waarom hierdie projek geskoei is soos volg:

*“Kan die lewensboek in speltherapie benut word by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis ten opsigte van selfblaaam?”*

Die vraag is beantwoord deur dat die empiriese data wat ingewin is met behulp van die benutting van die lewensboek, nie alleen die dogter wat in die kindershuis woonagtig is, se selfblaaam aangespreek het nie, maar ook meer lig gewerp het op haar emosionele belewenis en persepsie van die redes, soos deur haar beleef, vir haar verwydering vanuit ouerlike sorg.

Vanuit hierdie data, is dokument-analise gedoen deur temas en subtemas te identifiseer. Dit sal maatskaplike werkers, wat die lewensboek in speltherapie met middelkinderjarige kinders benut, se kennisbasis verbreed in die praktyksituasie.

## **5.4 Gevolgtrekkings en aanbevelings**

### **5.4.1 Gevolgtrekkings**

Op grond van die empiriese data wat ingewin is kom die navorser tot die volgende gevolgtrekkings:

- Vanuit hierdie studie word getoon dat selfblaaam 'n impak op die middelkinderjarige kind het en dat die skuldgevoelens wat die kind saam met hom dra verreikende gevolge kan inhou vir die kind se toekoms. Die dogters waarmee die ondersoek gedoen is, toon hoë angsvlakke, swak selfbeelde, swak portuurgroepverhoudings, ambivalente ouerlike verhoudings en 'n ervaring van verwerping wat hand aan hand loop met hul selfblaaam en skuldgevoelens aangaande hul verwydering vanuit ouerlike sorg. Hierdie selfblaaam versuur die kind se hede en toekoms. Daar is ook gelet op die invloed van selfblaaam op die res van die kind se funksionering. Die lewensboek kon dus as kommunikasie-fasiliteerder tussen die navorser en die middelkinderjarige dogter dien.
- Die kind wat woonagtig is in die kindershuis se verlede is dikwels verlore of selfs vergete vir hom. Deur die lewensboek in speltherapie aan te wend, kon aan die kind inligting verskaf word oor sy verlede. Sy selfblaaam ten opsigte van sy verwydering kon ook aangespreek word. Die verskaffing van akkurate inligting aan die dogters oor hul gesinsagtergrond vanuit hul lêerinhoud kon benut word om hul selfblaaam aan te spreek. Die verskaffing van inligting gee ook aan die kind 'n realistiese verwagting aangaande sy herstel in ouerlike sorg. Die bydrae van die lewensboek in die identiteitsvorming van die kind deur die kind van genoegsame inligting aangaande sy verlede te verskaf, is

ondersoek in die empiriese studie. Hier vind die kind dat nie alles omtrent sy identiteit negatief is nie, ook die positiewe aspekte van biologiese ouers word uitgelig met behulp van die lewensboek. Deur insig te ontwikkel dat hul ouers se lewenskeuses ook 'n bydraende faktor was, tot hul verwydering, kry die kind die geleentheid om te onderskei tussen hul ouers se verantwoordelikhede en self-verantwoordelikheid. Hierdeur word die kind bemagtig, deur self-verantwoordelik te wees vir sy eie keuses.

- Die lewensboek is 'n suksesvolle terapeutiese hulpmiddel in speltherapie, wat benut kan word by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis ten opsigte van selfblaaam. Die lewensboek verskaf struktuur aan die kind om oor sy selfblaaam te praat. Deur die lewensboek te benut, kon die navorser die dogters se subjektiewe belewenisse van hul verwydering vanuit ouerlike sorg bepaal.
- Die mate waarin die dogters in die empiriese studie aanvaarding beleef na hul verwydering en plasing in die kindershuis is ook met behulp van die lewensboek ondersoek. Hierdie aanpassing en subjektiewe gevoel van 'behoort-aan' verskaf aan die kind 'n mate van stabiliteit na sy verwydering. Vrees vir die onbekende ná verwydering vanuit ouerlike sorg is 'n algemene tendens wat na vore gekom het vanuit die ondersoek. Deur die studie kan maatskaplike werkers wat werksaam is met die kindershuiskind bewus gemaak word van die tendens en kan hulle dit ook aanspreek in hul dienslewering aan die kindershuiskind.
- Die ang wat die dogter beleef oor die redes vir haar verwydering het ook navore gekom in die navorsingsresultate. Die ang was in die ondersoek direk verbind met vorige ervarings in die respondente se kinderdae, soos seksuele misbruik. Verder is die tendens van die verwerping wat die kind beleef van haar gesin van herkoms, asook van die portuurgroep, ondersoek. Die respondente wat seksueel misbruik is en dit onthul het, is verwerp deur hul ouers en gesinne. Hulle het ervaar dat hulle nie geglo is nie, met die onthulling en dat veral hul moeders geen ondersteuning aan hulle verskaf het nie. Hierdie ang en verwerping het by die dogters tot ambivalente gesinsverhoudings gelei en ook tot 'n vermeerdering in selfblaaam.
- Die mate waarin die gebruik van die lewensboek die kind se bewustheid verhoog tydens die speltherapiesessies, is ondersoek. Vanuit die gestaltbenadering is daar veral gelet op die respondente se sensoriese en emosionele bewustheid. Die dogters het veral getoon dat hulle emosioneel

bewus geword het van gevoelens van verlies, woede en verwerping. Dit het bygedra tot emosionele groei. Die dogters kon deur benutting van die lewensboek uitdrukking gee aan voorgrondbehoefte. Die kind se vordering is beskryf volgens Perls se vyf lae van neurose om sodoende haar vordering te monitor in die empiriese ondersoek.

- Die spesifieke tegnieke wat benut is, het bygedra tot die fasilitering van kommunikasie tussen die respondent en die navorser.

#### 5.4.2 Aanbevelings

Die navorser wil na aanleiding van die navorsingsresultate van hierdie studie sekere algemene aanbevelings maak:

- Die navorser wil aanbeveel dat daar van genoegsame sessies gebruik gemaak moet word tydens die benutting van die lewensboek in speltherapie, sodat die kind teen eie tempo kan werk. Dit sal die sukses van die lewensboek, ten opsigte van die vermindering van selfblaaam, by die middelkinderjarige kinderhuiskind verhoog. Deur van 'n beperkte aantal sessies gebruik te maak, kan die volle impak van die lewensboek op die kind se selfblaaam nie suksesvol gemonitor word nie. Aangesien sommige kinders se proses stadiger is as ander, moet die kind aangemoedig word om teen sy eie tempo te werk te gaan.
- Die navorser wil ook aanbeveel dat, indien moontlik, die biologiese ouers betrek word by die maak van die lewensboek. Dit sal 'n groter duidelikheid oor die biologiese ouers se agtergrondsinligting tot gevolg hê. Vir die kind sal dit ook 'n meer persoonlike inslag hê, indien 'n familielid foto's en persoonlike feite kan verskaf oor ontmoetings tussen die ouers en oor die kind se geboorte.
- Laastens maak die navorser die aanbeveling dat 'n verdere studie gedoen word om sodoende 'n intervensieprogram saam te stel vir die benutting van die lewensboek ten opsigte van die middelkinderjarige kinderhuiskind. So 'n studie kan ten doel hê om 'n intervensieprogram vir maatskaplike werkers saam te stel wat spesifiek met die lewensboek met middelkinderjarige kinderhuiskinders te werk wil gaan.

#### **5.5 Slotgedagte**

Selfblaaam hou verreikende gevolge in vir 'n kind wat vanuit sy ouers se sorg verwyder is, en in 'n kinderhuis woonagtig is. Deur die lewensboek te benut met die

middelkinderjarige kindhuiskind, kan selfblaaam aangespreek word, wat kan bydra tot die kind se suksesvolle aanpassing in die kindhuis. Die lewensboek kan dus suksesvol in spelterapeutiese sessies benut word met betrekking tot selfblaaam by die middelkinderjarige dogter wat woonagtig is in die kindhuis.

**BRONNELYS**

Aronstam, M. 1989. Gestaltterapie. In Louw, D.A. (Redakteur) *Suid-Afrikaanse handboek vir abnormale gedrag*. Johannesburg: Southern Books.

Axline, V.M. 1992. *Play therapy*. New York: Ballantine Books.

Berk, L.E. 1991. *Child development*. 2<sup>nd</sup> Ed. Boston: Allyn & Bacon.

Berk, L.E. 2000. *Child development*. 5<sup>th</sup> Ed. Boston: Allyn & Bacon.

Bosman-Swanepoel, H.M. & Wessels, P.J. 1995. *'n Praktiese benadering tot die wet op kindersorg*. 2<sup>de</sup> Uitgawe. Pretoria: Digma.

Carson, R.C. & Butcher, J.N. 1992. *Abnormal psychology and modern life*. New York: Harper.

Carstens, R.C. & Fouchè, A. 2004. Workshop: *Play techniques in the assessment of sexually abused children*. 29 July 2004. Gauteng: Kiddi Co.

Davies, D. 1999. *Child development: a practitioner's guide*. New York: Guilford press.

De Vos, A.S. 2002a. Scientific theory and professional research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: for social sciences and human service professions*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002b. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: for social sciences and human service professions*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: Van Schaik.

Els, M.J. 1986. *'n Ondersoek na die manier waarop die kinderhuiskind die sprokie beleef*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Fouchè, C.B. 2002a. Writing the research proposal. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: for social sciences and human service professions*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: Van Schaik.

Fouchè, C.B. 2002b. Research strategies. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: for social sciences and human service professions*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: Van Schaik.

Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002a. Introduction to the research process. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: for social sciences and human service professions*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: Van Schaik.

Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002b. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: for social sciences and human service professions*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: Van Schaik.

Fouchè, H.A. & Nieuwoudt, J.M. 1991. Selfaktualisering binne die kinderhuis. *Maatskaplike werk/ Social work*, 27(2), Junie:165–174.

Fraser, E.M. 1989. *Selfbeeldbou van die primêre skoolkind in die kinderhuis met behulp van spelterapeutiese tegnieke*. Ongepubliseerde M.A.(M.W.) verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Geldard, K. & Geldard, D. 1997. *Counselling children: a practical introduction*. London: SAGE publications.

Grasso, A.J. & Epstein, I. 1992. *Research utilization in the social services: innovations for practice and administration*. New York: Haworth.

Grinnell, R.M. 1993. *Social work research and evaluation*. 4<sup>th</sup> Ed. Illinois: Peacock.

Harris, A. 2000. *Die vermindering van afguns by die kinderhuiskind deur middel van 'n selfbeeldbouprogram: 'n maatskaplike werk perspektief*. Ongepubliseerde M.A.(M.W.) mini-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.



Harris, A. 2002. Maatskaplike werker te Abraham Kriel/Maria Kloppers kinderhuis. 30 Januarie 2002. Langlaagte.

Harrison, J. 1988. Making life books with foster and adoptive children. In Schaefer, C.E. (Ed.) 1988. *Innovative interventions in child and adolescent therapy*. New York: John Wiley.

Henig, L. 2003. *Raising emotionally intelligent children*. Florida Hills: Smile education systems.

Kleinke, C.L. 1998. *Coping with life challenges*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pacific Grove: Brooks/Cole.

Kottman, T. & Schaeffer, C. 1994. *Play therapy in action: a casebook for practitioners*. Northvale: Jason Aronson.

Kroon, S. 1993. *Biblioterapie in die behandeling van die kinderhuiskind*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Landreth, G.L. 1982. *Play therapy: dynamics of the process of counseling children*. Springfield: Charles C. Thomas publisher.

Landreth, G.L. 1991. *Play therapy: the art of the relationship*. Muncie: Accelerated Development Inc.

Louw, D.A., Van Ede, D.M., Ferns, I., Schoeman, W.J. & Wait, J. 1998. Die middelkinderjare. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling*. 3<sup>de</sup> Uitgawe. Pretoria: Kagiso.

Marner, T. 2000. *Letters to children in family therapy: a narrative approach*. London: Kingsley.

Matsemela, S. & Van der Merwe, M. 1996. Street Children. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: a play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Meyer, W.F. 1998. Basiese konsepte van die ontwikkelingsielkunde. In Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling*. 3<sup>de</sup> Uitgawe. Pretoria: Kagiso.

Mortola, P. 1999. Narrative formulation and gestalt closure: helping clients make sense of 'disequilibria' through stories in therapeutic setting. *Gestalt Review*, 3(4), 308-320.

Neuman, W.L. 1997. *Social research methods: qualitative and quantitative approaches*. 3<sup>rd</sup> Ed. Boston: Allyn & Bacon.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our children: a gestalt therapy approach to children and adolescents*. New York: Gestalt Journal press.

Paul, R. 1993. *Herkomsinterpretasie met 'n wetsbestede kind deur middel van die aanwending van speltherapie*. Ongepubliseerde M.A.(M.W.) mini-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Piper, D. 2001. *Play therapy techniques to enhance the relationship between foster children and their foster parents*. Ongepubliseerde M.A.(M.W.) (Speltherapie) mini-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1993. *Psigologiese woordeboek*. Johannesburg: Lexicon.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1997. *Verklarende en vertalende sielkunde woordeboek*. 3<sup>de</sup> Uitgawe. Johannesburg: Heinemann.

Porter, C. 1983. *Speltherapie met die sorgbehoewende kind*. Ongepubliseerde D. Phil. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Pretorius, H. 1999. *Narratief in terapie*. Ongepubliseerde kursus. [Transkripsie]. 12 Augustus 1999. Potchefstroom.

Pringle, M.K. 1986. *The needs of children*. 3<sup>rd</sup> Ed. London: Hutchinson.

Roberts, J.I. 1990. The feelings of emotionally abused children. *Maatskaplike werk/ Social work*, 26(1), Maart:33–45.

Roux, A. 1998. Handleiding van kortkursus in maatskaplike werk: *Kindersorg*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër onderwys.

Ryan, T. & Walker, R. 1993. *Life story work*. London: British agencies for adoption and fostering.

Schoeman, J.P. 1994. Handleiding van kortkursus in speltherapie: *Speltherapie in maatskaplike werk*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Schoeman, J.P. 1995. Handleiding van kortkursus in speltherapie: *Die onontbeerlike vaardighede in terapie met die kind*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Schoeman, J.P. 1996a. Handling aggression in children. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: a play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996b. The art of the relationship with children. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: a play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996c. Projection techniques. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: a play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. Knocking at the door. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: a play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Skidmore, R.A., Thackeray, M.G. & Farley, O.W. 1997. *Introduction to social work*. 7<sup>th</sup> Ed. Boston: Allyn & Bacon.

Smith, R. 1981. *Leer die kind ken: riglyne vir die maatskaplike werker*. Goodwood: Nasionale boekdrukkery.

Steenberg, E. 1995. *Die effek van 'n kreatiewe kunsterapeutiese program op die psigologiese funksionering van kinderhuiskinders*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Stewart, J. 1985. Separated children and house parents. *The child care worker*, 3(4), April:3–5.

Strydom, G.J. 1973. *Die maatskaplike versorging van die kind in die kinderinrigting*. Ongepubliseerde M.A.(M.W.) verhandeling. Departement Sosiologie Afdeling Maatskaplike werk. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Strydom, C. 1998. *Die invloed van huweliksgeweld op die kind in sy middelkinderjare*. Ongepubliseerde M.A.(M.W.) mini-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Strydom, H. 1998. Trends in the South African social work research field. *Social work/ Maatskaplike werk*, 34 (1): 44-58.

Strydom, H. 2002a. The pilot study. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: for social sciences and human service professions*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. 2002b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: for social sciences and human service professions*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2002. Information collection: document study and secondary analysis. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: for social sciences and human service professions*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: Van Schaik.

Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouchè, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at grass roots: for social sciences and human service professions*. 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: Van Schaik.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1996. *Counselling children*. 3<sup>rd</sup> Ed. California: Brooks/Cole.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. *Counselling children*. 4<sup>th</sup> Ed. Pacific Grove: Brooks/Cole.

Toerien, M. 2001. *Die benutting van gestaltspelterapie op die aanpassing van die middelkinderjare-kind in 'n kindershuis*. Ongepubliseerde M.A.(M.W.) (Spelterapie) mini-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Berg, A.M. 1993. *Die effek van 'n kreatiwiteitsprogram op enkele persoonlikheidsaspekte van millieugestremde kinders*. Ongepubliseerde D. Phil. proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Van der Lith, H.C. 1999. *Die hantering van aggressie by die middelkinderjarige kinders deur middel van speltherapeutiese groepwerk*. Ongepubliseerde M.A.(M.W.) (Spelterapie) mini-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Merwe, M. 1991. *Maatskaplikewerk-beraad met jong kinders in egskeidingsituasies met fokus op speeltegnieke*. Ongepubliseerde M.A.(M.W.) mini-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Van der Merwe, M. 1996a. Biblio-play. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: a play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe, M. 1996b. Basic components of play therapy. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: a play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe, M. 2002. *Die invloed van karate op die sosio-emosionele funksionering van die adolessent in die kindershuis*. Ongepubliseerde M.A.(M.W.) (Spelterapie) mini-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Wadsworth, B.J. 1989. *Piaget's theory of cognitive and affective development*. New York, New Jersey: Longman.

Wet op Kindersorg, 1983 (Wet No. 74 van 1983), soos gewysig. *Staatskoerant No. 8765, Vol. 216*. Kaapstad: Staatsdrukker.

Weiser, J. 1988. Phototherapy: using snapshots and photo-interactions in therapy with youth. In Schaefer, C.E. 1988. *Innovative interventions in child and adolescent therapy*. New York: John Wiley.

Yssel, J.M. 1999. *Gestaltterapie met die allergiese kind in die middelkinderjare*. Ongepubliseerde D. Phil. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

**BYLAE**

**Bylaag 1: Toestemmingsbrief vanaf die bestuur van die kindershuis**

**Bylaag 2: Ingeligte toestemming**

**Bylaag 3: Lewensboek van Britney G.**

**Bylaag 4: Lewensboek van Barbie D.**

**Bylaag 5: Lewensboek van Patricia P.**

**BYLAAG 1: TOESTEMMINGSBRIEF VANAF DIE BESTUUR VAN DIE  
KINDERHUIS**



Bylaag 1

Abraham Kriel / Maria Kloppers Kinderhuis  
Maraisstraat  
Langlaagte  
8 April 2003

TOESTEMMING VIR NAVORSING BY BOGENOEMDE KINDERHUIS

Hiermee word daar toestemming aan Mev. Carmen Nel (studente nommer 22277065) verleen om haar navorsing ten opsigte van haar MSD (Spel terapie) graad aan die Universiteit van Pretoria, by ons te verrig.

Sy mag tydens haar empiriese studie drie van ons dogters betrek by die navorsing en van ons spel terapie-lokaal en apparaat gebruikmaak.

Onderteken: Naam: M. M. van Zyl

Posbenaming: Bestuurder : Kinderdienste

Hantekening: M M van Zyl

Datum: 10/4/03

Kontaknommer: 011 8393058

**BYLAAG 2: INGELIGTE TOESTEMMING**

**Bylaag 2**

**Respondent se naam:** .....

**Datum:** .....

**Navorser:** Carmen Nel  
Universiteit van Pretoria  
Posbus 7239, Palm Court, 1715  
Tel: 082-741-8383

**Ingeligte toestemming**

**1. Titel van studie**

Die benutting van die lewensboek binne speltherapie ten opsigte van selfblaam by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis.

**2. Doelstelling van studie**

Hierdie studie se doelstelling is soos volg: Om die benuttingswaarde van die lewensboek ten opsigte van selfblaam by die middelkinderjarige dogter in die kindershuis te bepaal.

**3. Prosedure**

Ses individuele speltherapie sessies sal benut word waartydens 3 respondente elk 'n lewensboek ten opsigte van selfblaam sal maak. Speltegnieke en hulpmiddels sal gebruik sal word vir data-invordering. Die voltooië lewensboeke sal dien as eindproduk en rekord waarvolgens dokument-analise gedoen sal word.

**4. Risikos**

Die moontlikheid bestaan dat proefpersone die trauma van hul verwydering en / maatskaplike omstandighede wat aanleiding daartoe gegee het, mag herleef. Indien daar emosionele skade by 'n respondent voorkom, sal sy onttrek word van die program en sal sy verwys word vir terapie by haar betrokke maatskaplike werker in die kindershuis. Die navorser sal as voorsorgmaatreël poog om vooraf persone te identifiseer wat moontlik skade kan lei, en sal dan poog om hierdie proefpersone uit te skakel voor die aanvang van die studie.

5. Voordele

Aangesien kinders wat hulself blameer vir die verwydering vanuit hul ouers se sorg, dit met hul saamdra tot en met volwassenheid, is selfblaaam destruktief vir die kind. Indien die dogters met behulp van die lewensboek in ses speltherapieessies hul verlede in heroorweging bring, kan dit tot hul voordeel strek. Die kind kan met behulp van die lewensboek gelei word tot aanvaarding van haar verlede en ook om 'n realistiese verwagting te ontwikkel oor haar bydrae tot haar verwydering.

6. Regte van respondent

Die respondent het die reg om op enige stadium uit die studie te onttrek.

7. Vertroulikheid

Tydens die publisering van die navorsing sal die proefpersone anoniem bly en sal vir hulself skuilname kies. Hier mag moontlik tydens die speltherapieessies baie persoonlike sake bekend gemaak word. Die navorser sal in die vooraf onderhoud met elke dogter haar in kennis stel dat sy anoniem sal wees in die skryf van die verslag, maar dat die inligting wat sy sal deurgee in die speltherapieessies benut sal word in die navorsingsverslag.

Ek verstaan die regte van die respondent en ek gee vrywillig my toestemming om deelname in die studie. Ek verstaan waaroor die studie handel, hoe dit gedoen word en redes waarom dit gedoen word. Ek sal 'n getekende kôpie van hierdie vorm ontvang.

.....  
**Hantekening van bestuurder van Kinderdienste, Abraham Kriel / Maria  
Klopper kinderhuis, Langlaagte. (Namens respondent)**

.....  
**Datum**

.....  
**Handtekening van navorser**

**BYLAAG 3: LEWENSBOEK VAN BRITNEY G.**



- 3.1 Gesinstekening.**
- 3.2 Gesinsfotos, die geboortesertifikaat en die bevrugting- en geboorteproses.**
- 3.3 Die lewenspad.**
- 3.4 Collage oor gelukkigste kinderdae.**
- 3.5 Self-beskrywings op t-hemde.**

mamma


stiefpa  
ek wil  
nie tek  
nie  
G

Gesinstekening.

3.1  
a  
ek




3  
sisie




Pa is

(oorlede)



3.1 Gesinstekening.

woer




4  
Sammie




8

Michael



duyrou





Ek is gedoopte in

Paardekraal

Hospetaal

Te Vroeg - 2004


20 ste

gebore word




3.3  
Die lewenspad.

Mg Lewenspad




3.4 Collage.

Ek hou van Kate



toe ke by my  
uma geblly het




my  
toe sy  
klein  
was

My ge luskugste tyd By my

3.4 Collage.  
was hul  
Stranger  
Wetsets  
Klein  
handje

my  
si  
wan  
pop  
TTK  
hande  
ygn  
hoy




OWM  
P  
D

65  
DAMA TOE  
3301  
S  
DMS

TOE  
KE  
Klein  
was  
SBM



3.5 Self-beskrivings op t-hemde



Ek is goed versorg

Ek is nie kies

lees Bybel

Vriendlik

Ek het maats

Ek is oedek

3.5 Self-beskrivings op t-hemde.




Duiw

veg  
vloek  
kwaad  
gryp  
steelik  
e

**BYLAAG 4: LEWENSBOEK VAN BARBIE D.**



- 4.1 **Gesinstekening.**
- 4.2 **Die geboortesertifikaat en die bevrugting- en geboorteproses.**
- 4.3 **Die lewenspad.**
- 4.4 **Collage oor gelukkigste kinderdae.**
- 4.5 **Self-beskrywings op t-hemde.**

4.1 Gesinstekening.



Boon

fa: B  
ma: Carmen  
vel: JdB  
lesus  
mamma



Tannie Carmen

ek

Klein Beette: OP  
de Boer

Beette: Donovan  
ashufts

ma: Joey  
de Boer

fa: Michael  
Jackson



ek toe ek n baba was

JOHNSON'S BABY POWDER



Ek was u gebore Baba.  
Ek vejaar op 17 Oktober.  
Ek was u kleinen mooi Baba.

Mamma: Helana Johanna Jansen → Joey


Pappa: Jan Hendrik De Beer → Coortede

getrad met ma'sussie  
(Mev. Meyer)  
(My Tannie)


Mnr. Jansen  
Coortede 2002








mooi




hou van

veetwe




en EK het koud gekry



gefrore



my ma het 'n mooi blaau kostem



4.4 Collage.

100%

4.5 Self-beskrywings op t-hemde.



Sleg

4.5 Self-besrywings op t-hemde.

- Ek speel in die bad  
Kun my nie badkamer  
speel nie.


- Ek kan nie  
in die bad loop in aand  
kaal in die gang.

- Ek het al gedros.  
(Toe straf T-Carmen  
vir my).

**BYLAAG 5: LEWENSBOEK VAN PATRICIA P.**


- 5.1        **Gesinstekening.**
- 5.2        **Die geboortesertifikaat en die bevrugting- en geboorteproses.**
- 5.3        **Die lewenspad.**
- 5.4        **Collage oor gelukkigste kinderdae.**
- 5.5        **Self-beskrywings op t-hemde.**

Winkel toe  
in sigarette te  
koop.  
slap in middag  
op bank.



Ma: Tracy  
5.1 Gesinstekering.  
werk: Kool hou  
Sorg  
hulsdraan  
Speel  
Kaarte

Pa:  
net en lyk  
v. steel kos.  
vips + vleis.  
net skelmpies  
na slaan hom.



Stargus: lief vir pa + dink aan hom.  
mis hom.

Pa: Pieter

werk: By telkom.  
Ma = Vry  
Soms reuke  
ook.  
Speel  
tel op +  
gaa op bed.


ni nie,  
slaan net  
mekaar.  
dink Coke / bier /  
Brandewyn.  
soms.



Boetie: Pieter (3j)

Blau: Die meeste lief vir klein boet Pieter  
mis hom + sal nooit vergeet.


Kinders:  
ed op te maak  
umers skoem.  
Vleis mob / vee  
anke stultif  
kombuis skoem.  
kaste regpak



Boer: Michael (9j)

speel:  
- klein Pieter speel +  
fondswaai.  
- michael: minings  
hy taalle ons  
seer. seer lief  
vir hom.

werk:  
indskottegeel  
uis skoemmaak  
as kool  
opskep




Sassie: Michelle (7j)

Rooi: hui elke aand oorsus  
lief vir haar  
nooit vergeet.

- Michelle:  
hardloop  
om huis  
Toucheas  
running.



ek (11j)



was.

baba

toilet ge speel.

Ma speel met my.

rond ge swaai.

By die vlet ge blg.

Guma Slaan my.

oama dregk.


mamma hart seer.

mamma het ge sukkel.

toe sy is was.

5.2 Die geboortesertifikaat en die bevrugting- en geboorteproses.

5.3 Die lewenspad.



lies  
teuens

nuut

Kyk  
was  
swaam

Vandag  
17 April 2004

Jan 2004  
ABK toe

Ma - Mienie se Pa  
Mienie

Child Protection c.  
Kingsdorp  
1 Plek v. veiligheid  
Ouma Oeje

AUG 2000  
Boetie + Suske  
Ouma Pietrus  
Pretoria

Ma Mienie se Pa  
Wingerse + Sparman  
Pretoria

6 Sept. 1996  
Michelle  
gebore

1997 Hospital  
X-Strate

17 Aug.  
2000  
Pretoria

Treu na  
Roodepoort.

Yvonne v. Ksv.  
Roodepoort.

4 Familie lede  
10 mense.  
2 Slaapkamers


Pa werk  
Vuil  
Kos nie.  
Geld nie.




5.4 Collage.



toe Ek klyn was  
 het my ma en my  
 my op ge tel ter




5.4 Collage.



mas 4 jaar




ons het uit ge gaan  
 vir die vakansie  
 Ek en my ma het op  
 die bet ge sit




ons het gaan moerwie ky  
 was 10 jaar



← Ek was grys  
tot het Ek  
begin hardlo  
Hardloop  
winneer toe  
om vir ma  
iets te loop  
groot + hardloer



5.4 Collage.



← Ek  
tot klein was  
het my  
pa en my  
ma ge  
op  
tel



← Ek het  
↑ letter ge  
droom

← klein w  
tot w  
nu voo

